

Matieland

JAARGANG 59 | 2016



**OM IMPAK
TE MAAK**
HOE WETENSCHAP
LEWENS VERANDER

*Dr. Rehana
Malgas-Eun*

INNOVEREND | INKLUSIEF | TOEKOMSGERIG

Wat maak 'n
leier uitsonderlik?

Is dit suiwer instink of is dit aangeleer?
Is dit 'n gegewe of verdien jy dit?
Is dit talent of 'n vaardigheid?

As jy wil leer hoe om met mense saam te werk, te lei, en Afrika en die wêreld te verander, kies een van ons internasionaal geakkrediteerde nagraadse programme.

Meestersgrade

MBA
MPhil in Ontwikkelingsfinansies
MPhil in Bestuursafrigting
MPhil in Toekomsstudies

PhD's

Besigheidsadministrasie
Ontwikkelingsfinansies
Toekomsstudies

Nagraadse Diplomas

Besigheidsbestuur en -administrasie
Ontwikkelingsfinansies
Projekbestuur
Leierskapsontwikkeling
Finansiële Beplanning
Toekomsstudies

Bestuursopleiding

Omvattende en vak-spesifieke programme

Doen nou aansoek.

+27 (0)21 918 4246 | usbcom@usb.ac.za

www.usb.ac.za

Matieland

gepubliseer sedert 1957 | published since 1957



UNIVERSITEIT • STELLENBOSCH • UNIVERSITY
jou kennisvenoot • your knowledge partner

TEKEN IN OP MATIELAND

Matieland, 'n nuustydskrif van die Universiteit Stellenbosch, word gratis aan alumni en ander belanghebbers gestuur wat daarop inteken. Dit is beskikbaar in Afrikaans én Engels, en intekenaars kan kies tussen 'n gedrukte en 'n digitale weergawe. *Matieland* is ook aanlyn beskikbaar by www.sun.ac.za/matieland.

Maak só om in te teken

1. GAAN NA www.sun.ac.za/matieland en klik op "teken in".
2. SKAKEL ons by +27 (0)21 808 2709/10.
3. E-POS ons by alumni@sun.ac.za of matieland@sun.ac.za.

WEET JY VAN DIE ALUMNI-HUBS?

Die Stellenbosch Alumnibetrekkings-span stel plaaslike en internasionale alumni-nawe (oftewel *hubs*) saam om die skakeling tussen alumni onderling te verbeter deur gereelde netwerk- en sosiale geleenthede aan te bied. Vir meer inligting oor hoe om 'n *hub* in jou area te stig of by een van ons gevestigde *hubs* aan te sluit, stuur 'n e-pos na alumni@sun.ac.za.

SUBSCRIBE TO MATIELAND

Matieland, a news magazine of Stellenbosch University, is available free of charge to alumni and other stakeholders who subscribe to the magazine. It is available in English and Afrikaans, and subscribers may choose between a printed and a digital version. *Matieland* is also available online at www.sun.ac.za/matieland.

How to subscribe

1. GO TO www.sun.ac.za/matieland and click on "subscribe".
2. PHONE us on +27 (0)21 808 2709/10.
3. E-MAIL us at alumni@sun.ac.za or matieland@sun.ac.za.

DO YOU KNOW ABOUT THE ALUMNI HUBS?

The Stellenbosch Alumni Relations team establish alumni hubs both locally and internationally to connect alumni in specific regions with one another through regular networking and social events. For more information on how to start or join an existing hub in your area, send an e-mail to alumni@sun.ac.za.

VIND ONS HIER / FIND US HERE




[www.facebook.com/
stellenboschalumni](https://www.facebook.com/stellenboschalumni) of/or
[www.facebook.com/
stellenboschuniversity](https://www.facebook.com/stellenboschuniversity)



[www.youtube.com/
stellenboschuni](https://www.youtube.com/stellenboschuni)



@SU_Alumni of/or
@stellenboschuni



VOORBLAD

56

CHEMIE MAAK 'N IMPAK

Dr Rehana Malgas-Enus lei die US Chemie Uitreik-inisiatief waardeur leerders van minderbevoorregte skole ontdek hoe laboratoriums en chemikalieë werk.

7

IN DIE NUUS

- 8 U.S. STEL NUWE VISEREKTORE AAN
- 8 SUNSCHOLAR EERSTE OP AFRIKA-RANGLYS
- 9 STUDENTE OP GESOGTE LEIERSKAPSPROGRAM
- 9 MFM WEN PRYS VIR VEILIGHEIDSVELDTOG
- 10 EERSTE TUISKOMSNAAWEEK BY U.S.
- 10 U.S.-PERSONEEL PRESTEER
- 11 NUWE ALUMNI-BESTUURDER VIR U.S.B.
- 11 REKORDGETAL MATIES VANG GRAAD
- 12 STUDENTE-AKTIVISME WORD STERKER

15

ONS NAVORSING

- 16 PHD'S OOR GRENSE HEEN
- 18 FOTOREIS OP SOEK NA GROOTWITHAAIE
- 22 DOKTORALE STUDIES SORG VIR PUIK NAVORSING

38

PROF PUMLA GOBODO-MADIKIZELA

Bekleër van die navorsingsleerstoel in Historiese Trauma en Transformasie.



12

#PROTES

Studente-aktivisme in SA is aan die toeneem.

25

RAAK BETROKKE

- 26 BOTMAN-BEURS EER OUDREKTOR SE NALATENSKAP
- 28 MATIES-VIR-MATIES-FONDS MAAK DEURE OOP
- 29 SÓ KAN JY SKENK
- 30 DIE VLAKE-BEURS GEE GRIZELDA STUURMAN VLEUELS
- 31 NYUKELA: ALUMNI MAAK OPGANG
- 32 KOM TUIS NA MATIELAND
- 34 VERTEL ONS VAN JOU STUDENTEJARE
- 35 IN MEMORIAM

37

JOU UNIVERSITEIT

- 38 PROF PUMLA GOBODO-MADIKIZELA OOR VERGIFNIS
- 42 GEMENGDE LEER STU STUDENTESUKSES
- 44 LAUNCHLAB KWEEK SLIMKOP-ENTREPRENEURS
- 46 WATER SKEP TOEKOMS VIR ENKANINI
- 48 NUWE U.S. LEERSENTRUM
- 50 SÓ WERK ONS TAALBELEID
- 52 'N BLINK BEURSPLAN
- 54 U.S. OP MENSE GERIG
- 56 CHEMIEKLASSE OPEN WÊRELDE
- 58 VERNUFTIG MET VOLHOUBAARHEID
- 60 LEIPZIG-UNIVERSITEIT IS 'N GEDUGTE VENNOOT

63

OP KAMPUS

- 64 VOLG TYGERBERG-KAMPUS SE GESKIEDENIS
- 66 SAMANTHA STANDER INSPIREER
- 68 MATIES SPORT BAAT BY HOËPRESTASIE-EENHEID
- 70 INSTITUUT HELP PARALIMPIESE ATLETE
- 72 DEAN JOHN SMITH SE VELE GEDAANTES
- 74 SERTIFIKAATPROGRAM: VIR DIE LIEFDE VAN MUSIEK
- 76 BOEKE: PROF STEVEN ROBINS SE 'LETTERS OF STONE', EN ANDER BOEKE
- 78 OP PAD NA 2018 SE EEUFEEES
- 80 RUBRIEK: MATIES KRUIP GOU DIEP IN JOU HART



SWEM MET HAAI

Nuwe navorsing toon grootwithaie se getalle neem af.

18





Matieland

REDAKTEUR
WAYNE MULLER

MEDEWERKERS

Ontwerp
Roann Louw

Uitleg
SUNMeDIA Stellenbosch
www.africansunmedia.co.za

Fotoredakteur
Stefan Els

Skrywers
Ilse Arendse, Alec Basson, Andrew Dunne, Stefan Els, Jo-Ann Floris, Malena Fourie, Wiida Fourie-Basson, Jan-Jan Joubert, Sonika Lamprecht, Pia Nänny, Stephanie Nieuwoudt, Jackie Pienaar-Brink, Barbara Pool, Emily Richards, Lynne Rippenaar-Moses, Shaun Stuart, Wilma Stassen, René-Jean van der Berg, Naudé van der Merwe, Susan van der Merwe
Vertalers en teksredakteurs
Hanlie Gouws, US Taalsentrum, Marcelle van Niekerk

REDAKSIONELE KANTOOR

Korporatiewe Bemaking
Universiteit Stellenbosch
Privaatsak XI,
Matieland
7602

Tel: +27 (0)21 808 2927
Faks: +27 (0)21 808 3800
E-pos: matieland@sun.ac.za

SIRKULASIE

Malena Fourie
Tel: +27 (0)21 808 2709/10
Faks: 086 611 0138
E-pos: alumni@sun.ac.za

DRUKWERK

SUNMeDIA Stellenbosch

Menings wat in *Matieland* uitgespreek word, is nie noodwendig dié van die redakteur of die Universiteit Stellenbosch nie.



BRIEWE

Skryf aan ons by matieland@sun.ac.za, of lewer kommentaar op die Universiteit Stellenbosch se Facebook-blad.

OP SOEK NA OU MATIE-VRIENDE

Ek het met mooi herinneringe na die foto van die BTK-groep in die vorige uitgawe van *Matieland* (2015) gekyk. Julle vervul 'n belangrike funksie in die lewe van oud-Stellenbossers in hierdie "bedreigende" tye.

Ek sou graag kontak met oud-Maties verder wou bevorder deur te vra dat Matieland die meegaande foto plaas. Ons herinneringe aan die CSV Sendingwerkerskamp te Sipetu in die Transkei in 1961 laat 'n mens met heimwee terugdink. Ek sou graag weer met die ou vriende wou kontak maak.

Sover ek kan onthou, is die mense op die foto, van agter, Francois (?), Daan Jacobs, Samuel (?), Ds Ockie Raubenheimer, Patrys (?), Alta Potgieter, Sophie (ek dink met mooi verlange terug!), en my broer, Francois Hugo. Voor is Wallie Louw, Annette Burden (toe nog Du Rand), Christie Meyer, Willie Fourie (Oubaas), Alida Marais, Ria van Rensburg, Marita Kritzinger, en heel voor Gielie Laker.

Ek sou baie graag van julle wil hoor.

Die tema van die kamp was Matteus 4:16 ("Die volk wat in duisternis sit, het 'n groot lig gesien en die wat sit in die land en skaduwee van die dood, vir hulle het 'n lig opgegaan.")

- Leon Hugo, *Dagbreek 1960-1962*



Matieland behou hom die reg voor om briewe te verkort en te redigeer.



VERTEL MEER OOR OUD-MATIES SE ERVARINGS

Baie ouer mense met ryke ondervinding en skeppingsvermoë (oud-Maties) sterf elke jaar. Dis 'n groot verlies as daar geen verslag van hierdie mense se ervarings is nie.

Ek wil graag voorstel dat daar vir ouer mense 'n deurtjie moet wees in *Matieland*. Geleerdheid, werkvermoë, en so meer kan nie rekening hou met ervaring nie – dit moet opgeteken word, veral met die oog op die geskiedenis van Suid-Afrika, asook Afrika.

Die "In Memoriam"-blad in *Matieland* vertel ons min van oud-Maties wat gebou het aan Suid-Afrika se sukses. Deur so 'n stap kan die universiteit se fondse groei. Wie sal weet?

- Eddie Rademeyer, *Die Strand*

DANKIE AAN 'MATIELAND'

Met al die dinge wat op kampus gebeur het die afgelope tyd, is ek as oud-Matie nie aldag opgewonde oor al die mense wat die Universiteit Stellenbosch op verskillende gebiede verteenwoordig nie.

Maar groot was my verbasing en vrolik was my hart toe ek die vorige uitgawe van *Matieland* (2015) in die pos kry en alles in die tydskrif (behalwe die advertensies) is weer in Afrikaans. Dit was so in kontras met die boodskap wat die universiteitsbestuur myns insiens uitstraal.

Dankie, Wayne en jou span. Ek sien uit om weer die hele tydskrif in Afrikaans deur te lees.

- Mavis de Villiers, *per e-pos*

MAAK 'N IMPAK

Dit is in ons natuur om na onsterflikheid te streef. Ons probeer so lank leef as wat ons kan, en in daardie leeftyd probeer ons dinge doen waarvoor mense ons sal onthou – al is dit hoe groot of klein.

Nie almal vind die kuur vir ongeneeslike siektes of verander die verloop van die geskiedenis nie. Maar tog wil ons iets doen wat die lewe van die mense rondom ons positief beïnvloed.

'n Universiteit is soos 'n mens, want dit bestaan uit mense. En mense streef daarna om 'n nalatenskap te hê. Dit is juis waarom die Universiteit Stellenbosch (US) "sosiale impak" as een van sy strategiese prioriteite het. Die instelling het ten doel om 'n blywende impak te maak op die samelewing – op hoe mense dink en hoe mense optree.

Die afgelope jaar het die US op allerlei maniere 'n impak gemaak wat mense se lewens op die een of ander wyse verander het. In hierdie uitgawe van *Matieland* vertel ons van daardie stories.

Dr Rehana Malgas-Enus se Saterdag-chemieklasse open 'n nuwe wêreld van wetenskap vir skoolleerders. Haaie kan dalk van uitwissing gered word danksy dr Sara Andriotti se navorsing. Die oes van reënwater gee Enkanini-township se inwoners drinkwater. En die musiekcertifikaatprogram help kunstenaars hul talent slyp.

Daar is nog vele sulke inspirerende verhale.

Vir die US is ons verhouding met verskeie gemeenskappe en belangegroepes belangrik, want saam verander ons dalk met vindingrykheid en vasberadenheid hoe die wêreld in die toekoms daaruit sal sien.

Wayne

PROJECT MANAGEMENT: PRINCIPLES AND PRACTICES

A 3-day course to develop management skills based on internationally accepted principles of project management in the Southern African context.



STARTING DATES 2017

Cape Town: 17 May
Queenstown: 28 June
Johannesburg: 12 July
Upington: 6 September
Durban: 27 September
Kimberley: 25 October

Visit us at
www.usb-ed.com

Western Cape,
South Africa

t: +27 (0)21 918 4488
e: info@usb-ed.com

Gauteng,
South Africa

t: +27 (0)11 460 6980
e: info@usb-ed.com

KwaZulu-Natal,
South Africa

t: +27 (0)31 535 7117
e: info@usb-ed.com

Dar Es Salaam,
Tanzania

e: tanzania@usb-ed.com

Addis Ababa,
Ethiopia

e: ethiopia@usb-ed.com

Rest of Africa

t: +27 (0)82 415 8484 /
+27 (0)11 460 6988
e: africa@usb-ed.com





Prof Hester Klopper



Prof Nico Koopman

U.S. STEL NUWE VISEREKTORE AAN

Twee nuwe viserektore is in Mei deur die Universiteitsraad aangestel. Prof Nico Koopman beklee nou die pos van Viserektor: Sosiale Impak, Transformasie en Personeel, terwyl prof Hester Klopper aangestel is as Viserektor: Strategiese Inisiatiewe en Internasionalisering.

Voor haar aanstelling by die US, was Klopper 'n buitengewone professor verbonde aan die Noordwes-Universiteit en die Universiteit van Wes-Kaapland, waar sy die Dekaan van die Fakulteit Gemeenskap en Gesondheidswetenskappe was.

Sy is 'n internasionaal erkende akademikus en professionele leier met uitgebreide netwerke op die gebied van verpleging en gesondheidsorg.

Koopman, wat in 2001 as Senior Lektor aan die US begin het, neem reeds sedert Junie 2015 waar in sy huidige pos. Hy is in 2010 as Dekaan

van die Fakulteit Teologie aangestel.

Hy is bekend as kerk- en akademiese leier van formaat en word in Suid-Afrika en internasionaal hoog aangeslaan. As 'n gerekende navorser het hy reeds verskeie werke oor teologies-etiese kwessies die lig laat sien, en het daarvoor verskeie toekennings ontvang, waaronder die Andrew Murray Prys vir Teologiese Literatuur.

"Koopman en Klopper bring albei bewese kennis en ondervinding na die universiteitsbestuur," sê prof Wim de Villiers, Rektor en Visekanselier.

Koopman sê hy is dankbaar vir hierdie geleentheid. "Die welwees van ons mense, personeel, studente en vennote is 'n prioriteit."

Oor haar aanstelling sê Klopper: "Ek sien uit daarna om deel te wees van die uitstekende bestuurspan en 'n bydrae te lewer tot die implementering van US se *Institusionele Voorneme en Strategie*."

SUNSCHOLAR EERSTE OP AFRIKA-RANGLYS

SUNScholar, die institusionele bewaarplek van die Universiteit Stellenbosch, het die eerste posisie in Afrika behaal volgens die Julie 2016-uitgawe van die wêreldranglys van oop-toegang navorsingsbewaarplekke.

Die rangorde word bepaal deur die "Ranking Web of World Repositories".

SUNScholar word deur die Biblioteek- en Inligtingsdiens bestuur. Dié institusionele bewaarplek beklee nie slegs die eerste posisie op die vasteland nie, maar ook die 84ste posisie wêreldwyd uit altesaam 2 275 bewaarplekke. In die sogenaamde "institutional repositories (IR) only ranking" beklee SUNScholar die 68ste posisie.

Die indikatore wat gebruik word, meet die globale sigbaarheid en impak van institusionele bewaarplekke. Verskeie kriteria word in ag geneem wanneer bewaarplekke gemeet word, onder meer grootte, sigbaarheid, inhoud en die sogenaemde "scholar" kriterium, wat verwys na die totale getal items van die bewaarplek wat binne Google Scholar gevind kan word.

Prof Eugene Cloete, Viserektor: Navorsing, Innovasie en Nagraadse Studies, meen: "Hierdie prestasie van die Biblioteek- en Inligtingsdiens in terme van die opbou en ontwikkeling van SUNScholar is belangrik. Dit ondersteun die Universiteit se verbintenis tot oop-toegang tot wetenskaplike inligting en die bevordering van navorsingsuitsette en innovasie as sentrale doelwitte."

Die doel van SUNScholar is om die sigbaarheid van, en toegang tot, die universiteit se navorsingsuitsette te bevorder. Navorsingsuitsette word openlik met die res van die wêreld gedeel en terselfdertyd in 'n sentrale argief bewaar.

Volgens Ellen Tise, Senior Direkteur van die Biblioteek- en Inligtingsdiens, is hierdie eerste posisie op die wêreldranglys 'n bewys dat ons navorsingsuitsette met die wydste gehoor moontlik gedeel word.

MFM WEN TOEKENNING VIR VELDTOG OOR VEILIGHEID

Vir die tweede opeenvolgende jaar het die Maties gemeenskapsradiostasie MFM die prys vir "Beste Kampus Media" gewen vir hul tweejaarlikse veiligheidsveldtog by die Diageo Responsible Drinking Media Awards. Hulle was ook die naasweners in dieselfde kategorie.

Die veldtog, wat in Februarie en Augustus plaasvind, beoog om bewustheid te skep van misdaad, dronkbestuur en algemene veiligheid in Stellenbosch. MFM het die toekenning gewen vir 'n radio-insetsel wat 'n onderhoud bevat met die ma van 'n kind wat deur 'n dronkbestuurder doodgery is.

"Die toekenning beteken baie vir ons, want ons probeer regtig hard om 'n verskil te maak. Ons word gesien as 'n stem vir die stemloses, en dit is ons verantwoordelikheid om die probleem te help oplos, al is dit net deur meer bewustheid te skep. Mense dink nooit hulle sal negatief deur alkoholmisbruik geraak word nie, tot dit met hulle gebeur," sê Charita van der Berg, MFM-stasiebestuurder.

"Ons voel geëerd om hierdie toekenning te ontvang – dit beteken ons werk word erken. As 'n gemeenskapsradiostasie is ons verantwoordelik vir die mense in ons gemeenskap, nes almal wat deel vorm van die Stellenbosch-gemeenskap na mekaar moet kyk," voeg Van der Berg by met verwysing na die rol wat die media kan speel om die verantwoordelike gebruik van alkohol te bevorder.

"Al is daar net een persoon wat hierna twee keer dink voordat hulle besope in 'n kar klim, sal dit 'n verskil maak. Die media kan help om ander sisteme uit te wys, soos publieke vervoer, en om kenners op die lug te kry om oor misbruik te gesels."

Foto's: STEFAN ELS



Van links is Busiswa Sobahle, Shane Sass, Danelle Jansen van Rensburg, Dewald Müller en Wawa Nkosi.

STUDENTE GENOOI NA LEIERSKAPSPROGRAM

Vyf Maties het in vanjaar Washington besoek om aan 'n gesogte internasionale leierskap ontwikkelingsprogram deel te neem.

Die program, die Suid-Afrika-Washington Internasionale Program (SAWIP), is 'n inisiatief van die Washington-Ierland Program vir Diens en Leierskap en is daarop gemik om 'n nuwe generasie van etiese Suid-Afrikaanse diensleiers te inspireer, ontwikkel en ondersteun.

Busiswa Sobahle, Shane Sass, Danelle Jansen van Rensburg, Dewald Müller en Wawa Nkosi is deel van 'n groep van 20 studente van Suid-Afrika wat in Junie aan hierdie ses weke lange program van blootstelling aan verskeie leiers en die voltooiing van 'n intense leierskapskurrikulum deelgeneem het.

SAWIP is daarop gemik om ontlukende leiers te kweek om 'n aktiewe bydrae te lewer tot sosiale en ekonomiese transformasie en geregtigheid binne 'n volhoubare demokrasie vir alle Suid-Afrikaners.

Emeritus-Aartsbiskop Desmond Tutu en die wêreldbekende scenario-beplanner Clem Sunter is beskermhere van die program.

Altesaam 123 studente in Suid-Afrika het reeds die program, wat amptelik deur die Suid-Afrikaanse Departement van Internasionale Betrekkinge en Samewerking en die Amerikaanse regering onderskryf word, voltooi.

"Hierdie geleentheid het my leierskapstyl en myself as individu verbeter. Dit het my anders help kyk na Suid-Afrika met al sy kompleksiteite en al sy ongeregtheid uit die verlede, en my laat konsentreer op die skep van hoop," sê Sass.

MATIE-ATLETE BLINK UIT IN RIO-SPELE

Es studente van die Universiteit Stellenbosch is in die Suid-Afrikaanse Olimpiese en Paralimpiese span opgeneem en het die land in Brasilië verteenwoordig. Justine Palframan, ’n Sportwetenskap-student, het in die 200m en 400m by die Olimpiese Spele deelgeneem, terwyl Roxy Burns, Charl du Toit, Anruné Liebenberg en Dyan Buis (almal studente in die Fakulteit Opvoedkunde), asook Hendri Herbst, wat regte studeer, aan die Paralimpiese Spele deelgeneem het.

Du Toit, wat besig is met sy honneursgraad in onderwysbestuur, het met twee goue medaljes na Suid-Afrika teruggekeer nadat hy as die Paralimpiese kampioen in die 100m en 400m in die T37-klas gekroon is. Hy het ook die wêreldrekord in die 100m en die Paralimpiese rekord in die 400m verbeter.

Buis, Du Toit se oefenmaat en ook ’n honneursstudent in Opvoedkunde, het goud verower in die 400m (T38) en brons in die verspring. Liebenberg het silwer gewen in die 400m (T47).

Volgens Ilhaam Groenewald, Hoofdirekteur: Maties Sport, het hierdie studente se sukses nie per toeval gebeur nie.

“Hul afrigters, Maties Sport Hoëprestasie-span, familieleden en vriende het hulle ondersteun om hierdie wêreldklasresultate te behaal. Elkeen van hulle moes diep delf en die regte besluite neem. My respek vir hulle is onbeskryflik en die US en Maties Sport bedank hulle en hul afrigters.”



Charl du Toit ontvang een van sy medalje.



Prof Wim de Villiers, Rektor en Visekanselier, is tot die Adviesraad van die akademiese tydskrif *Gastroenterology* verkies.

Landbou-ekonomiese **prof Nick Vink** is deur die aandeelhouders van die Suid-Afrikaanse Reserwebank as nie-uitvoerende direkteur van die Bank se direksie vir ’n drie jaar termyn verkies.

PERSONEEL PRESTEER

Die Buro vir Ekonomiese Onderzoek (BEO) by die US het ’n nuwe direkteur, **prof Johann Kirsten**, aangestel. Hy is die Buro se sesde direkteur sedert dit in 1944 tot stand gekom het.

Caroline Pule (foto bo) en Prof Lou-Marie Kruger is met die Departement Wetenskap en Tegnologie se Vroue in die Wetenskap-toekennings beloon.

Prof Alf Botha, ’n mikrobioloog, is vir sy navorsingsbydrae op die vakgebied van gis-ekologie vereer deurdat ’n nuwe gisspesie wat ontdek is na hom vernoem is, naamlik *Saturnispora bothae*.

Prof Umezuruike Linus Opara is tot president van die Internasionale Kommissie vir Landbou- en Biostelsel ingenieurswese verkies.

Prof Andrew Whitelaw, hoof van die Afdeling Geneeskundige Mikrobiologie, is as lid van die Ministeriële Advieskomitee insake Antimikrobiële Weerstand aangestel.

Prof Bert Klumperman van die Departement Chemie en Polimeerwetenskap en prof Michael Samways van die Departement

Bewaringsekologie en Entomologie is albei met Nasionale Wetenskap en Tegnologie Forum/South32-toekennings vereer. Die publikasie *Living with Dignity – African Perspectives on Gender Equality* het vanjaar die Andrew Murray-Desmond Tutu-prys gewen. **Prof Elna Mouton (foto onder) en dr Len Hansen** van die Fakulteit Teologie is twee van die redakteurs.

Ilhaam Groenewald, Hoofdirekteur van Maties Sport, is gekies as eerste vroulik lid van SA Rugby se uitvoerende raad.

Maryke Hunter-Hüsselmann en **Anita Nel** is met die Departement van Wetenskap en Tegnologie en die Southern African Research and Innovation Association se prestige toekennings vir navorsing en innovasiebestuur vereer.

Prof Sandra Liebenberg van die Fakulteit Regsgeleerdheid is tot die Verenigde Nasies se Komitee vir Ekonomiese, Sosiale en Kulturele Regte verkies.

Prof Barbara Huisamen is as Ere-genoot van die Fisiologiese Vereniging van Suider-Afrika aangewys.

NUWE ALUMNI-BESTUURDER BY U.S.B.

Christélle Cronjé, ’n MBA-alumnus van die Universiteit Stellenbosch Bestuurskool (USB), is tans die nuwe bestuurder vir alumni-betrekkinge by die USB.

Cronjé, wat in 2007 haar MBA-grad *cum laude* verwerf het, sê haar ondervinding in plaaslike regeringsontwikkeling, bemaking, belanghebberverhoudinge en menslike hulpbronnbestuur ondersteun haar mensgesentreerde en handelsmerkbewuste benadering.

Onder haar leiding oor die afgelope paar maande het die USB Alumni-kantoor suksesvol die ontwikkeling van sy betrokkenheid in die res van Afrika – veral in Ghana, Rwanda, Tanzanië en Uganda –

voortgesit. Sy sê sy is trots op die spanbenadering tussen die Alumni-kantoor, die bestuurskool, USB-ED, die hoofkampus en US alumni-betrekkinge.

’n Ander projek waarop sy trots is, is die bekendstelling van *AlumNet*, ’n maandelikse elektroniese nuusbrieff waarin blootstelling gegee word aan alumni se suksesse in die werkplek en wat aan alumni wêreldwyd versprei word.

Oor toekomsplanne vir die USB Alumni-kantoor sê Cronjé: “Die aktivering en versterking van alumni-betrokkenheid in die Wes- en Oos-Kaap, KwaZulu-Natal, Botswana, Zambië en Zimbabwe hou groot belofte in vir 2017.”



Christélle Cronjé

REKORDGETAL MATIES VANG GRAAD

Die 2015 akademiese jaar het twee besondere rekords opgelewer: die meeste kwalifikasies ooit is toegeken, altesaam 7 857, waarby ingesluit is die meeste doktorsgrade, 266.

Van die totaal van 266 doktorsgrade

gaan 39% aan bruin, swart en Indiër-kandidate, 59% aan vroue, en 71% aan Suid-Afrikaners.

Altesaam 2 833 US-studente het in Maart 2016 hul grade ontvang, en saam met die 5 024 kwalifikasies wat in

Desember 2015 toegeken is, is dit ook ’n nuwe rekord vir die US.

Verskeie fakulteite het in die jaar 2015 tot 2016 ook hul eie rekords opgestel wat betref die aantal grade wat toegeken is.

U.S. BOU INTERNASIONALE BANDE

Verteenwoordigers van vier universiteite op vier kontinente het onlangs by die Universiteit Stellenbosch (US) byeen gekom. Hulle het ’n multilaterale samewerkingsooreenkoms tussen die vier instellings bespreek.

Dis was die eerste keer samekoms van verteenwoordigers van die US, Universiteit van Bath (Verenigde Koninkryk), Zhejiang Universiteit (China) en die Universiteit van Campinas (Brasilië) om wedersydse belange bespreek. Die vergadering is gelei deur prof dame Glynis Breakwell, President en Visekanselier van die Universiteit van Bath, en is ook bygewoon deur Prof Eugene Cloete, Viserektor: Navorsing, Innovasie en Nagraadse Studies by US, prof Alvaro Penteado Crósta, Viserektor

DIE VORMING VAN DIE NETWERK IS DIE HOOGTEPUNTE VAN ONDERHANDELINGE DEUR KOLLEGAS.

van die Universiteit van Campinas en prof Yonghua Song, Uitvoerende Visepresident van Zhejiang Universiteit. Die besoekers het ook met prof Wim de Villiers, US Rektor en Visekanselier ontmoet.

Die vier groot universiteite, met hul gesamentlike alumni basis van meer as ’n miljoen, het ooreengekom om

’n innoverende doktrale program in sleuteldisiplines te ontwikkel.

Die program sal studente in hierdie interkontinentale netwerk toegang gee tot verskeie mobiliteitsgeleenthede. Hulle het ook ooreengekom om navorsingsmobiliteit, doktrale somer- en winterskole en gesamentlike grade te ondersteun en om ’n nuwe globale meestersgraad in bestuur te ontwikkel.

Die vorming van die netwerk is die hoogtepunt van onderhandelinge deur kollegas by die vier universiteite, het prof Colin Grant, Pro-visekanselier: Internasionalisering aan die Universiteit van Bath, gesê. Volgens hom verteenwoordig dit ’n waterskeidingsgeleentheid in gedeelde internasionale strategieë.

IN DIE SPERVUUR

IN DIE NUUS

Geen enkele gebeurtenis het sekerlik die afgelope jaar vir groter nasionale onsekerheid gesorg as die studente-opstande op kampusse oral in Suid-Afrika nie. Maar wat gebeur op Stellenbosch?

Deur JAN-JAN JOUBERT

Te midde van verkiesingsuitslae wat nuwe vergesigte en toekomsmoontlikhede oopgebaan het, 'n regstelsel wat murg en deursettingsvermoë teen staatsvergrype en korrupsie getoon het, en bevolkingstatistieke waarvolgens die lewensverwachting en gesondheidstendense van die breër bevolking opwaarts neig, het die ontwrigting van die universiteitsomgewing 'n kille skaduwee gegooi en vele bekommerde Suid-Afrikaners met reg laat wonder: Wat gaan dan tog word?

Met wat wyle prof Jakes Gerwel so sjarmant en meewarig as "ons Suid-Afrikaners se merkwaardige vermoë tot selfkritiek" bestempel het, is die skrif aan die muur van die Suid-Afrikaanse demokratiese bestel vir die soveelste keer bemerk deur diegene wat daartoe geneig is – hierdie keer aan die onderste naat van die hoër onderwysstelsel.

Die regering het by monde van die minister van hoër onderwys, dr Blade Nzimande, 'n aanbod gemaak wat 'n nuwe era in hoër onderwys kan inlui:

- Die armste studente kan deur finansiering van die Nasionale Finansiële Ondersteuningskema vir Studente (NSFAS) bykans gratis studeer solank hulle hul vakke slaag;
- studente uit huishoudings met 'n gesamentlike jaarlikse inkomste van minder as R600 000 sal geen verhoging in universiteitsgelde hoef te trotseer nie; en
- studente uit huishoudings met 'n jaarlikse inkomste bo R600 000 sal onderworpe wees aan verhogings in universiteitsgelde tot en met 8%, soos bepaal deur die raad van elke universiteit.

Hoewel hierdie aanbod 'n aansienlik

sterker regeringsposisie as verlede jaar se kapitulasie aan die studente se eise verteenwoordig het, het gewelddadige opstande op veral die kampusse van Wits, Rhodes, die Universiteit van Johannesburg, Universiteit van Kaapstad, Universiteit van KwaZulu-Natal, Universiteit van Limpopo en die Noordwes Universiteit se Mahikeng-kampus voortgeduur.

Terwyl ander kampusse vroeg al gesluit het en universiteitsbesture gekonfronteer is met die vraag of hulle die studiejaar verbeurd en dus vermors moes verklaar, het die bestuur van die Universiteit Stellenbosch (US) onderneem dat klasse so lank moontlik volgehou moes word.

Hiervoor het die US baie kritiek verduur van oproerige studente, maar ook steun van diegene wat wou studeer eerder as om die akademiese program te ontwrig.

As hoof van die universiteitsbestuur wat hierdie besluit geneem het, het die Rektor en Visekanselier van die US, prof Wim de Villiers, ingewillig om die denke agter die universiteitsbesluit, die invloed van die studente-opstande op universiteitswerkzaamhede en die universiteit se geldsituasie, sowel as die toekomsblik uit Stellenbosch met lesers van Matieland te deel.

De Villiers het sy meelewing en empatie betuig met ontevrede en verdienstelike arm studente wat nie hoë studiegeld kan bekostig nie, maar gesê daar is paal en perk aan. "Balans is nodig. Die boodskap moet oorgedra word dat die universiteit toeganklike en bekostigbare opvoeding van die hoogste gehalte steun. Maar die regte van daardie studente wat wil studeer eerder as om te protesteer, moet gerespekteer word," aldus die rektor.

Hy het geen twyfel daaroor dat

die besluit om voort te gaan met die akademiese program die regte een was nie. "Ons het besluit om so lank as moontlik oop te bly, en gebeurlikheidsplanne teen ontwrigting in plek te hê. Die voordeel is uiteraard dat die akademiese projek voortgesit word, en dit is ons kernbesigheid.

"Die nadeel is dat Stellenbosch tot nasionale teiken gemaak is, veral nadat ander topkampusse soos Wits en die Universiteit van Kaapstad gesluit is. Maar die feit is dat die boodskap van die ontwrigtendes nie veel traksie het op ons kampus nie – dit kry nie juis aftrek nie. Die organisasie Open Stellenbosch het byvoorbeeld omtrent verdwyn.

"Twee aspekte wat wel verander het, was dat vanjaar se protes veel meer gewelddadig was en dat studente van Ikeys en UWK na die Matie-kampus gekom en die opstande oorgeneem het," verduidelik De Villiers.

Is dit waar dat 'n klein groepie Maties die reg van die res om te studeer ondermyn het?

"Die US erken studente se reg op protes. Enige kampus moet ongemaklike idees stimuleer en wedywering van idees aanmoedig. Maar die reg van andere om te werk moet ook gerespekteer word. Om toegang tot onderrig te verhinder deur die ontwrigting van klasse, toetse en studiegeleenthede in die biblioteek is onaanvaarbaar en in stryd met presies die ideale van vrye toegang tot onderrig wat ontevrede studente predik, wys die rektor uit.

"Dis nooit lekker om studente te skors nie. Dis 'n laaste uitweg, want dit het 'n enorme uitwerking op hul lewensopsies. Ons sal egter die prosesse en optrede volg wat deur die wet vereis word. Hierin word ons

Foto's: STEFAN ELS



DIE GROTER PROBLEEM IS NIE HUIDIGE GEHALTE NIE, MAAR CHRONIESE ONDERBEFONDSING DEUR DIE STAAT

ondersteun deur Kampussekuriteit, private sekerheidsfirmas en die openbare orde polisiëringsafdeling van die polisie. Hulle verskaf goeie hulp.

“Ek hou nie daarvan om private sekerheidsfirmas te gebruik nie, maar gegewe die betogende studente se onwilligheid om vreedsame gedrag te beloop, is daar geen keuse nie.”

Maar wat kan die universiteit prakties doen om vandale en ontwrigters te bedwing?

“Maatreëls om toegangsbeheer tot veral toetslokale te verskerp is ingestel, want ontwrigting het ’n impak op sowel die psige as die praktyk van studente wat toetse moet aflê. Ons kyk ook na potgooie om te verseker dat klasse waar die oordrag van kennis ontwrig word, nie verlore gaan nie.

“Deurlopende en aanlyn-assessering word al meer gebruik. Van een ding kan jy seker wees – daar sal geen kompromie oor gehalte getref word op Stellenbosch nie. Ons wil nie ’n polisiestaat op kampus hê nie, maar wagte buite veral toetslokale, asook stappe om deur die nagaan van klaslyste slegs die studente in lokale toe te laat wat daardie toetse moet skryf, is op die agenda,” sê De Villiers.

Hy is bewus van klagtes dat private sekerheidspersoneel te hardhandig optree teen ontevrede studente. Die universiteit dring aan op professionele gedrag en het noodtelefoonlyne ingestel vir klagtes.

Nzimande is bekommerd dat welvarende ouers hul kinders na buitelandse universiteite sal stuur uit vrees vir plaaslike kampusontwrigting. Hoewel De Villiers die kommer deel, meen hy die impak is minimaal omdat dit gewoon onbekostigbaar duur is.

De Villiers verduidelik voorts dat die Universiteit Stellenbosch ’n omvattende onderneming is wat baie goed bestuur word en sterk staan.

“Die universiteit het tans 30 000 studente en sowat 3 500 werknemers, met ’n begroting van nagenoeg R6 miljard en vier groot inkomstestrome:

- Sowat 25% van die inkomste is die staatsubsidie;
- Sowat 20% is uit studentegeld;
- Sowat 50% is uit selfgegenereerde navorsing en kontrakte (dis baie hoog in ’n Suid-Afrikaanse konteks en span die kroon op meer as vyftien jaar se innoverende fokusverskuiwing deur opeenvolgende universiteitsbesture); en

- 5% is uit filantropie, soos skenkings en nalatenskappe.

Studentegelde aan Stellenbosch sal in 2017 met 8% styg vir studente uit huishoudings met ’n inkomste bo R600 000 per jaar, sê De Villiers.

Waarom dan dié voortdurende styging bo inflasie?

“Inflasie op hoër onderwys in Suid-Afrika is sowat 1,7% tot 2% hoër as die verbruikersprysinflasie, omdat soveel boeke en joernale uit die buiteland

bekom moet word, omdat toegang tot onderrig vergemaklik moet word, omdat laboratoria en die aankoop van toerusting en verbruikersgoedere daarvoor so duur is en omdat personeel se salarisse telkens vinniger as inflasie styg,” verduidelik hy.

Het die geldelike drukgang ’n invloed op die gehalte van Stellenbosch se onderrig en die prestige van grade aan die universiteit verwerf?

“Nie tans nie. Ons beskerm dit baie jaloers en sterk. Die integriteit van die proses en gehaltebeheer word deurgaans aan die hoogste internasionale standaarde onderwerp en getoets. Die groter probleem is nie huidige gehalte nie, maar chroniese onderbefondsing deur die staat. Die huidige 0,71% van die nasionale begroting wat aan hoër onderwys toegewys word, moet tot 1,2% verhoog word.

“Toegang en sukses skep ’n drukgang. Dis ’n ysterdriehoek waarvan toegang, koste en gehalte die drie hoeke vorm – ’n eindige veelheid waarin druk op die een hoek uitspeel in die ander twee,” vertel De Villiers.

Hy meen die nuutste regeringsinisiatiewe bring hoop vir universiteite, en sê dat Stellenbosch ongetwyfeld die steun van Nzimande en die direkteur-generaal van hoër onderwys, Gwebs Qonde, geniet.

“Ek ondersteun die minister in sy huidige inisiatiewe. Dis die eerste keer in twintig jaar dat die afwaartse tendens in universiteitsbefondsing omgekeer word.

“Die minister het nie veel beweegruimte nie, maar hy en die minister van finansies (Pravin Gordhan) probeer hul bes. Die res van die regering is miskien ’n gesprekspunt vir ’n ander dag...”

So gaan die US die wa deur die drif kry in hierdie moeilike tye? Gaan Stellenbosch oukei wees?

“Ja, ons gaan oukei wees. Stuur gerus jou kinders Stellenbosch toe. Universiteitsprotes is nie uniek tot Suid-Afrika nie – dit kom wêreldwyd voor. Dit gebeur in siklusse en protessiklusse duur gewoonlik twee of drie jaar. Ons sal sterker hierdeur kom,” sê die rektor.

• Jan-Jan Joubert is die Sunday Times se Adjunkredakteur: Politiek, Parlement en Opinie, en is ’n alumnus van die US.





Victoria Williamson

PHD'S OOR GRENSE HEEN

'n Gesamentlike navorsingsprojek van die Sielkunde-departemente van die Universiteit van Bath en die Universiteit Stellenbosch help gemeenskappe om die rol van posttraumatische ouerondersteuning vir kinders te verstaan. Twee navorsers van Bath deel hul ervaring.

Deur **ANDREW DUNNE** en **EMILY RICHARDS**

Onlangse statistiek vertel 'n somber verhaal van Khayelitsha, 'n Kaapse township wat in 1983 gestig is. Nou, 33 jaar later, is werkloosheid wydverspreid, veral onder jongmense; 74% van huishoudings het 'n maandelikse inkomste van R3 200; misdaad is endemies, veral geweldsmisdaad en seksuele geweld; en die voorkoms van MIV/vigs is uiters hoog. Saam met hierdie kwessies is daar die groot uitdagings rakende die geestesgesondheid van kinders van Khayelitsha, asook hul gesinne. Baie het self traumatiese gebeure beleef en

byna almal het ander se trauma gesien – van gereelde en dikwels ernstige motorongelukke tot geweldsmisdade. Dr Sarah Halligan en PhD-kandidaat Victoria Williamson van die Universiteit van Bath het met die Universiteit Stellenbosch (US) se prof Mark Tomlinson, dr Jackie Stewart en hul span, wat gebaseer is in 'n spesialisgroep wat fokus op moeder- en kindernavorsing by die US se Departement Sielkunde, saamgespan vir 'n navorsingsprojek wat 'n groot impak op gemeenskappe kan hê. Die navorsing fokus daarop om die response op kindertrauma in die township te verbeter. Die verskil tussen

die situasie in Wes-Europa en dit in Khayelitsha kan nie meer uiteenlopend wees nie. "Hierdie tipe internasionale samewerkingsprojekte is baie waardevol om ons begrip van die ooreenkomste en verskille tussen ons lande te verstaan, en om lesse te leer by mekaar oor hoe om kinders se geestesgesondheid in verskillende kontekste te verbeter," sê Tomlinson. Williamson het drie studies in Bath gedoen as deel van haar navorsing en het verdere data in Suid-Afrika kom insamel. "Die geleentheid om navorsing te doen en data te versamel by Stellenbosch het my navorsing

gehelp omdat ek kon ondersoek hoe ouers reageer op en ondersteuning bied vir kinders in omgewings met min hulpbronne." Die studie wat sy gedoen het, sorg vir 'n dieper en wyer verstaan van hoe ouers in ander konteks vir hul kinders ná 'n trauma sorg. "Om na Stellenbosch te reis het my as jong navorser gehelp om bande met ander navorsers te smee wat soortgelyke belangstellings het. Dit het gelei tot bykomende samewerkingsprojekte, waaronder 'n studie wat ouers se persepsies oor MIV-inentingsproewe ondersoek." Williamson se belangstelling in ouers se ervaring van ondersteuning aan kinders ná trauma kom van haar bewustheid dat dit lank neem vir sommige kinders om sielkundige

HIERDIE TIE INTERNASIONALE SAMEWERKINGS-PROJEKTE IS BAIE WAARDEVOL

behandeling te kry ná 'n traumatiese ervaring. "Dit kan talle maande neem vir sommige kinders om na 'n klinikus verwys te word vir spesialisbehandeling, so dit is belangrik om te verstaan hoe ouers sorg vir hul kinders ná trauma en of daar enige bykomende ondersteuning is wat ouers voel hulle nodig het. "Ek wou meer hieroor uitvind en sien hoe my vaardighede as navorser hulle kan help." Tot op hede het hul werk gefokus op hoe ouers hul kinders help om trauma te verwerk. Al het hulle slegs 'n klein groep mense bestudeer, bevestig vroeë aanduidings die span se skattings. Hulle reken dat so veel as 90% van kinders 'n trauma beleef het en dat dit algemeen is vir kinders om 'n reeks traumas te beleef. Die vroeë bevindings dui ook op veel groter uitdagings wat toegang tot gesondheidsorg betref. Halligan voeg by: "Jy moet besef dat

mense van Khayelitsha dikwels sukkel om toegang tot gesondheidsorg te kry vir selfs die ernstigste siektetoestande, wat nog te sê van voorsorg vir geestesgesondheid. Vir sommige gesinne beteken dit dat hul kind nie toegang tot 'n dokter kan kry nie. Dit gaan oor 'n hiërargie van behoeftes en soms is hierdie kinders erg beseer of fisiek ongesond." Oor haar persoonlike betrokkenheid in hierdie studie, sê Halligan: "Enigeen wat medemenslik is, sal in hierdie tipe situasies wil help, en as 'n sielkundige kan ek help om geestesgesondheid in hierdie gebiede te help verbeter. As ons nie traumatiese gebeure kan keer nie, kan ons minstens die impak daarvan beter verstaan."



Dr Sarah Halligan

DOKTORALE ONDERSTEUNING

Die Universiteit Stellenbosch (US) het sy eerste gesamentlike doktorale skool met Makerere Universiteit in Uganda gehou en so sy PhD-ondersteuningsprogram op die kontinent uitgebrei. Makerere, reeds lank 'n vennoot van die US, het saam met die US se Afrika- Doktorale Akademie (ADA) gewerk om twee opleidingsprogramme oor twee weke aan doktorale kandidate aan te bied ten einde hul skryf- en navorsingsvaardighede te verbeter. Die ADA bied sedert sy ontstaan in 2009 hoëgehalte navorsing en akademiese loopbaanontwikkelingsintervensies vir doktorale studente en hul studieleiers aan. Hierdie intervensies word as jaarlikse somer- of winterskole by die US aangebied. Die werkswinkel, wat gefokus het op "Filosofie van Metodes" en "Publikasie vanuit die PhD", is in April 2016 in Kampala gehou en deur navorsers van vyf Ugandese universiteite bygewoon. Meer as 100 kursusgangers het dit gratis bygewoon – moontlik gemaak deur die Carnegie Korporasie van New York. Die US het weer in September saam met Makerere gewerk om 'n tweede doktorale skool aan te bied. Prof David Okello Owiny, Adjunkdirekteur van administrasie in die Direkoraat vir Navorsing en Studenteopleiding by Makerere-Universiteit, sê die werksinkels is goed ontvang deur die doktorale kandidate. "Sommige van die kandidate by die gesamentlike doktorale skool kom van ander Afrika-lande soos Nigerië, Rwanda en Ethiopië om hul PhD's by Makerere te doen. Ons verwag dat hulle die vaardighede wat hulle hier leer na hul eie instellings sal terugneem. Om hierdie PhD's op te lei help ook om die kapasiteit vir navorsing en studieleiding by Makerere te vergroot." Corina du Toit, ADA-programbestuurder by die US, sê die terugvoer was oorweldigend positief. "In lyn met ons doel om die behoefte aan kapasiteitsontwikkeling en vaardighede van doktorale kandidate te bereik, het ons ons kundigheid gedeel sodat uitnemendheid in akademiese navorsing in Afrika geskep kan word. Ons sien daarna uit om soortgelyke programme in 2017 in Makerere aan te bied, asook twee siklusse van doktorale skole." – AMANDA TONGHA

LOT VAN DIE GROOTWITHAAI

Terwyl sommige glo dat grootwithaaie se getalle in ons oseane aan die toeneem is, skets die bevindings van 'n nuwe studie deur die Universiteit Stellenbosch 'n somber prentjie. Hier is die storie in beeld.

Deur **WIIDA FOURIE-BASSON**

Die Suid-Afrikaanse grootwithaaibevolking het die laagste genetiese diversiteit van alle grootwithaaibevolgings ter wêreld en daar is boonop slegs tussen 353 tot 522 van hulle oor.

“Die getalle is uiters laag. Indien die situasie nie verander nie, stuur Suid-Afrika se grootwithaaie op moontlike uitsterwing af,” sê dr Sara Andreotti van die Departement Plant- en Dierkunde aan die Universiteit Stellenbosch (US).

Die navorsing het ses jaar se veldwerk in Suid-Afrika se haimekka, Gansbaai, en langs die res van die land se kuslyn geverg. Dit is die grootste navorsingstudie wat tot nog toe met behulp van veldwerk onderneem is om die Suid-Afrikaanse grootwithaaie te ondersoek.

'n Merk-en-hervasleggingstegniek is gebruik om die haaie te tel, en die bevindings van hierdie

gedeelte van die studie toon met 95% sekerheid dat daar 'n haaibevolking van tussen 353 en 522 individue is. Volgens Andreotti is dit 52% minder as die hoeveelheid wat in vorige merk-en-hervasleggingstudies geskat is.

Grootwithaaie staan aan die bopunt van die roofdierpiramide in die oseaan, wat beteken dat die volwasse haaie baie natuurlike vyande het nie. Die verlies van so 'n top roofdier sal 'n golf van nadelige gevolge op die ekologiese stabiliteit van die mariene omgewing van Gansbaai en omliggende gebiede hê.

Grootwithaaie is een van die min haaispesies wat op Kaapse pelsrobbe jag maak.

'n Afname in grootwithaaigetalle sal lei tot 'n toename in die robbevolking, wat op sy beurt weer 'n negatiewe impak op visbevolkings en visserye sal hê.

Dr Sara Andreotti is die hoofouteur van die artikel in die vaktyskrif *Marine Ecology Progress Series* waarin die bevindings van hierdie studie gepubliseer is. Sy sê die studie is die eerste van sy soort wat op grootwithaie uitgevoer is. In die navorsing is nie slegs vryswemmende grootwithaie as studiesteekproefmateriaal gebruik nie, maar 'n databasis is ook opgestel wat elke individuele haai se genetiese profiel verbind met sy of haar individuele fotografiese identifikasie. Foto: ELSA HOFFMANN



Andreotti sê dit is 'n algemene wanopvatting dat grootwithaie hoofsaaklik op seesoogdiere soos robbe jag maak. Jong grootwithaie leef spesifiek op benige visse en kleiner, kommersiële vissoorte, wat ook kleiner haai en pylster insluit. Maar ons weet steeds nie wat die minimum hoeveelheid kos is wat ons grootwithaibevolking benodig nie, dus kan visserybestuur dit nie in aanmerking neem nie. Foto: SARA ANDREOTTI

ONDER: Andreotti moes op die spesialiskennis en logistieke ondersteuning van die bekende haaikenner Michael Rutzen van Shark Diving Unlimited staat maak om die ontwykende roofdiere op te spoor. Rutzen bedryf al vir 15 jaar 'n maatskappy wat toeriste op hokduike neem om grootwithaie in hul natuurlike omgewing waar te neem. Rutzen is een van slegs 'n paar mense wat saam met grootwithaie vryduik om sodoende die mite dat hulle mensvreter is, hok te slaan. Foto: ELSA HOFFMANN



Tussen 2009 en 2011 het die navorsingspan byna 5000 foto's van die dorsale vinne van withaie in Gansbaai geneem. Die dorsale vin van die grootwithaai is sy unieke vingerafdruk, met 'n spesifieke getal kepies wat op die agterrand van die vin voorkom. Andreotti het op 'n sistematiese wyse die foto's volgens elke individu se unieke vinkepie-kode in 'n databasis georganiseer en spesifiek aangeteken wanneer dieselfde individu weer raakgesien is. Foto: SARA ANDREOTTI



BO: Die veldwerk het Andreotti en Rutzen ses jaar lank besig gehou en by tye was hulle tot twee maande aaneen ter see. Hulle moes seker maak dat die haai naby genoeg aan die boot kom om 'n duidelike foto van die dorsale vin te kan neem én weefsel deur middel van 'n biopsie in te samel ten einde 'n genetiese analise hiervan te kan doen. Die biopsies is uitgevoer deur die haai met 'n klein gesteriliseerde biopsie-instrument te steek – iets waarvan die haai skaars bewus was. Foto: ELSA HOFFMANN

ONTMOETING MET 'N HAAI

Videograaf Stefan Els vertel van sy ervaring op een van Sara Andreotti en Mike Rutzen se ekskursies om grootwithaie te merk.

'n Paar dae voor my eerste ervaring van haaihouduik ontmoet ek vir Sara en Mike. Dit was 'n paar weke voor die mediakonferensie waartydens hulle hul navorsing oor die grootwithaibevolking bekend sou maak. Ek is saamgenooi om die proses op film vas te vang.

In Gansbaai aangekom, kry ek en 'n groep toeriste kort maar duidelike veiligheidsinstruksies van Shark Diving Unlimited se span. Almal is toe op die boot en binne 10 minute het ons anker gegooi. Die lokaas is gemeng en oorboord gegooi om die haai te lok, en

gou is die duikhok in die water laat afsak. Ons het ons duikpakke aangetrek en binne minute gil iemand: HAAI!

Op daardie oomblik het die adrenalin begin pomp. Dis nou of nooit! Hierdie is wat ek al vir so lank wou beleef – natuurlik vanaf 'n veilige afstand op 'n boot of in 'n hok! Daar was hy, twee meter van die boot af: die eerste grootwithaai wat ek gesien het.

Om die haai van so naby te sien het my perspektief verander: die eens gevreesde dier het in 'n oogwink 'n statige dier geword. Ek het meestal vanaf die boot met die kamera geskiet soos wat die haai die lokaas gevreet het. Toe al die toeriste hul kans in die duikhok gehad het, was dit my beurt. Met my GoPro op my kop is ek die water in vir 'n fantastiese ontmoeting met 'n majestueuse haai.



DOKTORS SONDER WEERGA

Elke jaar ken die Universiteit Stellenbosch doktorsgrade toe vir navorsing wat 'n impak op die samelewing maak. Hier is 'n paar unieke navorsingsprojek wat vanjaar aandag getrek het.

Deur **ALEC BASSON**



PROSTESES VIR NAELLOPERS

Atlete met onderste ledemaat-amputasies wat aan die 400m-naelloop deelneem, kan dalk hul tye verbeter deur stywer prosteses te gebruik. Stywer prosteses help atlete in langer naellope om meer ekonomies te hardloop en kan moontlik tot vinniger tye lei, sê **dr Lara Grobler (foto)** van die Sportfisiologie-laboratorium in die Departement Sportwetenskap.

Grobler se doktrale navorsing het gefokus op die meganiese aspekte van hardloop-prosteses en die impak daarvan op naelloopvertonings.

Sy het agt verskillende hardloop-prosteses op 'n atleet met 'n onderste ledemaat-amputasie getoets om

vas te stel hoeveel druk die protese uitoefen wanneer dit op die grond val, hoe lank die voet met die grond kontak maak, hoe lank die protese in die lug bly nadat dit vanaf die grond gehop het, en die kompressie van die protese gedurende kontak met die grond.

Grobler het bevind dat prosteses vir langer naellope meer druk uitoefen as dié vir korter naellope wanneer dit op die grond val. Haar studie het getoon dat stywer prosteses atlete help om meer ekonomies te hardloop omdat daar minder kontak met die grond is en ook omdat dit die uitputting van senuwees en spiere verminder.

VERSKERPTE STRYD TEEN T.B.

Jaarliks sterf duisende Suid-Afrikaners aan Tuberkulose (TB) en dit wil voorkom asof die siekte besig is om toe te neem.

Dit kan egter binnekort in sy spoor gestuit word danksy navorsing deur dr Carine Sao Emani van die Departement Biomediese Wetenskappe. As deel van haar doktorsgraad in Molekulêre Biologie, het Sao Emani vasgestel dat die antwoord dalk daarin lê om die TB-bakterium te verhoed om sy eie vitamien (ergothioneine) te vervaardig – 'n vitamien wat die organisme nodig het om te oorleef.

Laboratoriumtoetse het getoon dat wanneer die mikrobies nie langer die vitamien kon vervaardig nie, hulle verswak en selfs gesterf het. Hulle het gesukkel om te groei sonder voedingstowwe. As ensieme in die organisme verhoed kan word om die vitamien te produseer, kan nuwe en effektiewe middels teen aktiewe en latente TB moontlik ontwikkel word.

Dit is veral belangrik in Suid-Afrika waar 80% van die bevolking latente TB het en waar MIV, diabetes en vetsug dit kan reaktiveer.

IS ALLE LEMOENSAP GESOND?

Nie alle Suid-Afrikaanse lemoensappe in winkels is ewe gezond nie. Dit hang onder meer af van waar die lemoene kom wat daarin gebruik is, watter variëteit gebruik is en of die sap vars gedruk of van konsentraat gemaak is.

Dr Cindy Hunlun het in haar doktorsgraad gekyk na die inhoud

en gezondheidswaarde van plaaslike lemoensap. Sy het die inhoud vergelyk van gevriesde lemoenkonsentraat, die sap wat daarvan gemaak word, en sap wat vars uitgedruk is. Elkeen se antioksidantvlakke – 'n maatstaf van goeie gezondheidswaarde – is ook vasgestel. Hunlun se navorsing het

getoon dat die meeste sap wat van lemoensapkonsentraat gemaak word minder gezond is as dié wat vars gedruk word. Die gezondheidswaarde van lemoensap gemaak van gevriesde konsentraat hang ook af van tot watter mate dit met die sap van ander vrugte verdun word.

MUSIEK EN GESKIEDENIS

Populêre musiek bied 'n blik op ons land se geskiedenis en die lewens van gewone mense gesien teen die agtergrond van sosiale en politieke veranderinge. Sô meen **dr Schalk van der Merwe (foto)** van die Departement Geskiedenis wat navorsing gedoen het oor die interaksie tussen politieke gebeure en populêre Afrikaanse musiek, en hoe verskeie dekades se plaatopnames Suid-Afrika se politieke geskiedenis oor die laaste 115 jaar gereflekteer het. Sy navorsing verskaf voorbeelde van die ondersteuning van, en verset teen, die meesternarratief van Afrikanernasionalisme in die 20ste eeu, en gee ook voorbeelde van hoe hierdie waardes in die hede manifesteer.



PAAIE VOL SLAGGATE

Slaggate is 'n kopseer vir baie padgebruikers. Vra enige bestuurder wat al honderde rande moes opdok of passasiers wat ernstig beseer is weens slaggate wat nie reggemaak is nie. Slaggate is waarskynlik die mees sigbare teken van die swak toestand van paaie en dit is duidelik dat standarde vir instandhouding geïmplementeer moet word, meen **dr Louis Roodt (foto)** van die Departement Siviele Ingenieurswese.

Roodt het instandhoudingstandarde vir onder meer slaggate, los materiaal op die padoppervlak, die sigbaarheid en leesbaarheid van padtekens, en bome langs snelweë voorgestel. Hierdie standarde is baie belangrik vir padveiligheid. Roodt sê in terme van huidige assesseringsriglyne vir paaie word 'n slaggat as gevaarlik beskou as die oppervlakafmeting groter as 300mm en die diepte meer as 50mm is.

Hy meen egter 'n slaggat met 'n deursnee van 200mm en 'n diepte van meer as 25mm behoort dadelik reggemaak te word omdat die koste laer sal wees, en veral omdat die verdere insypeling van water agteruitgang kan versnel. Paaie in 'n goeie toestand behoort elke twee jaar vir slaggate geïnspekteer te word totdat swak plekke geïdentifiseer is. Gedurende die nat seisoen moet inspeksies maandeliks plaasvind.



Inlig.
Inspireer.
Innoveer.

Kortkursusse by Universiteit Stellenbosch

Kursusaanbiedings

Ons bied kortkursusse in verskeie studierigtings aan:

- Agriwetenskappe • Lettere & Sosiale Wetenskappe • Opvoedkunde • Ingenieurswese • Uitvoerende Ontwikkeling
- Gesondheidwetenskappe • Taal & Kommunikasie vaardighede • Regsgeleerdheid • Leierskap & Bestuurswese
- Natuurwetenskappe • Teologiese Studies • Sportwetenskappe • Hernubare & Volhoubare Ontwikkeling

Vir verdere inligting ten opsigte van kursusaanbiedings, kursusinhoud, datums en duurte van aanbiedings en die aansoekproses besoek asseblief www.kortkursusse.sun.ac.za

Vir meer inligting:

Afdeling Kortkursusse
Universiteit Stellenbosch
De Beerstraat 15
Stellenbosch 7600

Tel: 021 808 9068
Epos: shortcourse@sun.ac.za
Web: www.kortkursusse.sun.ac.za



UNIVERSITEIT
STELLENBOSCH
UNIVERSITY



INNOVUS



RAAK
BETROKKE

Die Russel Botman-beurs is in 2013 aangekondig en in 2016 vir die eerste keer toegeken om die ryke nalatenskap van dié ontslape oudrektor van die Universiteit Stellenbosch te vier. Vir sy weduwee, dr Beryl Botman, is hierdie beurs 'n manier om betrokke te bly.

Deur **ILSE ARENDSE**

Jy het in 2014 jou doktorsgraad aan die Universiteit Stellenbosch (US) behaal. Vertel ons van jou akademiese agtergrond.

Nadat ek in die laat 1970's aan Crestway Sekondêre Skool gematrikuleer het, het ek aan die Universiteit van Kaapstad gaan studeer. Die vier jaar daar het ek uitsluitlik aan die BA-graad met Afrikaans-Nederlands en Sosiologie as hoofvakke en die Hoëronderwysdiploma (HOD) bestee. Die politieke besluit om eerder om 'n permit aansoek te doen as om by die Universiteit van Wes-Kaapland te studeer, is ook deur my politieke bewuswording in die suidelike voorstede van Kaapstad beïnvloed. Dit was ongewone tye – van protes en uitsluiting.

Die volle ervaring van studentelewe het my generasie nie daar beleef nie; dit was 'n geval van kry jou kwalifikasie en klaar.

In my PhD-proefskrif het ek die Suid-Amerikaanse pedagoog Paulo Freire se opvoedkundige filosofie as teoretiese verkenning vir my navorsing aangewend. Sy ontwikkeling het vanaf pedagoog na wêreldgerekende filosoof in die opvoedkunde gegroei.

Wie of wat inspireer jou?

Daar is baie wat my inspireer. Behalwe my ouers en familie, laerskool- en hoërskoolonderwysers, was dit spesifiek ons skoolhoof aan Crestway, meneer Yusef da Costa, wat vir my 'n inspirasie was. Ek twyfel of ek universiteit toe sou gegaan het sonder sy inspirasie. Ek was ook sterk onder die invloed van ikoniese vroue soos Fatima Meer, Winnie Mandela en Theresa Soloman tydens my studentejare.

My inspirasie in die onderwys en

opvoeding in die breë is gevoed met my kennismaking met Paulo Freire.

Jou ontslape man, prof Russel Botman, wat in Junie 2014 oorlede is, het geglo in die potensiaal van die volgende generasie as denkleiers vir die toekoms en billike toegang tot hoër onderwys. Deel jy hierdie visie?

Russel was my naaste gespreksgenoot. Ons albei se visie van onderwys en opvoeding is sterk aan die toekoms gekoppel en sterk op hoop as opvoedkundige kwessie gefokus.

As ons glo dat onderwys die hede aanspreek met die oog op die toekoms, is die volgende geslag dus van baie groot belang. Die besef dat die mens en spesifiek opvoeders "onklaar" ("unfinished") is en aanhoudend moet leer en ontwikkel, moet noodwendig geleenthede skep vir die jeug om as denkleiers te ontwikkel. Meer nog, ons moet toelaat dat hulle leierskap ons verder neem.

Hoe bou jy voort op prof Botman se nalatenskap?

Russel het 'n ryke nalatenskap wat ons nie kan toelaat om verlore te gaan nie. Ek verwys na hom as "die genomineerde". Hy het nie aan aansoek doen sonder 'n nominasie geglo nie, seker omdat hy as predikant "geroep" is. So is hy dan ook vir omtrent alles wat hy aangepak het, genomineer: senior lektor, medeprofessor, professor, voorsitter van die KKNK, president van die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke, viserektor en rektor, om maar 'n paar te noem. Dit was vir hom belangrik om te weet dat daar mense behalwe hyself is wat hom in 'n spesifieke posisie wou hê, om hom verbonde sowel as verantwoordbaar te hou. Sy nalatenskap word op vele terreine beskerm en beskikbaar gestel.

Sy boeke, geskifte, dokumente en manuskripte is aan die US geskenk. Dit word hoofsaaklik in die biblioteek in die Fakulteit Teologie bewaar. Die Russel Botman-versameling is onlangs deur die argief van die Beyers Naudé Sentrum bekendgestel en is beskikbaar vir navorsing. 'n Huldigingsbundel word ook binnekort gepubliseer.

Die Russel Botman-beursfonds is ook 'n aspek van sy nagedagtenis waaraan ek die hardste moet werk. As beurskomitee, wat bestaan uit onder andere prof Elna Mouton, voormalige dekaan van Teologie, en ons jongste dogter, Roxanne, moet ons toesien dat die fonds groei en volhoubaar bly en oordeelkundig aangewend word.

Wat sou jy nog graag in die toekoms wou vermag?


Tans is ek as 'n ná-doktorale navorsingsgenoot aan die Instituut vir Versoening en Sosiale Geregtigheid aan die Universiteit van die Vrystaat verbonde. Ek is ook besig om publikasies in akademiese tydskrifte voor te berei en ek stel die herskryf en publikasie van my doktrale proefskrif in die vooruitsig. Ek wil my ook op die ontwikkeling van akademiese skryfwerk toespits en, miskien nie te ver in die toekoms nie, 'n literêre werk aanpak.

Wat is jou hoop vir die volgende generasie?

Vandag se jongmense het die groot taak om 'n samelewing te bou wat beter en anders is as wat ons gehad het. Ons moet hulle ondersteun en geleenthede skep waarin hulle iets nuut kan skep. My boodskap aan hulle is: Werk vir die groter goed. Doen jou bes en gryp elke geleentheid vir ontwikkeling en vervulling aan. Wees deel van die projek om geleenthede vir ander te skep, beter geleenthede as wat jy gehad het. Gee.

Foto: STEFAN ELS

VIERING VAN 'N NALATENSKAP



Pierre van der Spuy, Stoffel Ackermann en Bennie Steyn oorhandig 'n tjek aan prof Wim de Villiers (tweede van links), US-Rektor.

JOU HULP MAAK DEURE OOP

Wil jy graag ander die geleentheid gee om in jou Matievoetspore te volg? Oorweeg dan gerus 'n skenking aan die Universiteit se Maties-vir-Maties-beursfonds (M4M).

Die M4M-beursfonds is in 2012 deur die Studenteraad (SR) van die Universiteit Stellenbosch (US) op die been gebring en is 'n aanvullende beurs wat kleinerige maar noodsaaklike bedrae uitbetaal ter bevordering van studentesukses.

SR-lede dra uit hul honorarium tot die beurs by, en ander bronne sluit in die inkomste uit sluitkassies in die Neelsie en Studiesentrum, asook projekte soos die jaarlikse sêr-kompetisie.

Volgens Shaun Stuart, Bestuurder: Alumni-betrekkinge aan die US, is

hierdie fonds die ideale manier vir alumni om 'n bydrae te lewer en daardie Stellenbosch-ervaring met veral finansiële-behoefte studente te deel.

"Slegs met finansiële ondersteuning in die vorm van beurse kan hierdie studente die beste kans gegun word om hul volle potensiaal te bereik en die geleentheid kry om eendag 'n betekenisvolle bydrae tot die samelewing te maak. Jou bydrae – maak nie saak hoe klein nie – sal 'n verskil maak."

Vroeër vanjaar het 'n groep Maties-

alumni, bekend as die Lusaka-Maties, hand in eie sak gestee en 'n bedrag van meer as R62 000 vir hierdie fonds bymekaargemaak. Dié groep het in 1989 opslae gemaak toe hulle Lusaka en Windhoek besoek het om onder andere met die toe verbanne ANC te

praat. In Junie 2014 het dié groep 'n spesiale 25-jaar-reünie by die US bygewoon.

"Na afloop van ons reünie en ná gesprekke met wyle prof

Russel Botman het ons besluit ons wil graag 'n skenking maak aan 'n beursfonds om voorheenbenadeelde studente te help met hul studies aan die US," het Stoffel Ackermann, advokaat en ook lid van die Lusaka-Maties, gesê.

JOU BYDRAE SAL 'N VERSKIL IN DIE LEWE VAN MEDE-MATIES MAAK

HOE OM TE GEE

Sodra jy besluit het watter aspek van die US se baanbrekerswerk jy wil ondersteun, kan jy 'n skenking per tjek, direkte inbetaling, kredietkaart, debietorder, elektroniese oorbetalings of aanlyn maak.

Ons gebruikersvriendelike aanlyn skenkingsplatform (<http://t2000-05.sun.ac.za/donorPay/faces/formAlumniMain.jsp>) maak skenking veilig en vinnig. Jou aanlyn skenking word hanteer deur GivenGain, 'n veilige betaalplatform om aanlyn skenkings te verwerk. 'n Skakel met 'n SSL- ("secure socket layer")-enkripsie en die nie-berging van jou kaartinligting verseker dat jou data nooit deur derde partye misbruik sal word nie.

Jy kan ook in die veiligheid van jou eie internetbankdiens 'n elektroniese oorbetalings aan die Universiteit Stellenbosch maak (<http://thehopeproject.co.za/hope/donate/giving/Pages/EFT.aspx>). Tik bloot die naam van die skenkingsgeleentheid wat jy wil ondersteun by die begunstigde- (of gelykstaande) ruimte op jou internetbankdiens in.

KONTAK

Kontak gerus die Afdeling Ontwikkeling en Alumni-betrekkinge vir verdere inligting oor die verskillende projekte wat jy kan ondersteun. Skakel +27 (0)21 808 4020 of stuur 'n e-pos na alumni@sun.ac.za.

BELASTINGVOORDELE

Individuele en korporatiewe skenkers van die Universiteit Stellenbosch ontvang belastingvoordele ingevolge Suid-Afrikaanse belastingwette. Die bedrag van die aftrekking is vasgestel op tot en met 10% van belasbare inkomste, wat 'n aansienlike belastingbesparing kan teweegbring. Die Verenigde State en Verenigde Koninkryk bied ook moontlikhede vir belastingvriendelike skenkings aan die Universiteit. Die volle randbedrag van 'n erflating kan boonop afgetrek word om netto boedelbelasting te verlaag. Kontak Hugo Steyn by +27 (0)21 808 3615 of hugos@sun.ac.za.

SOORTE STEUN

Jy bepaal wanneer en hoe jou skenking aan die Universiteit gebruik behoort te word. Jy kan dit vir huidige projekte bestem, of dit laat belê om 'n blywende nalatenskap vir toekomstige geslagte te voorsien.

Skenkings vir lopende gebruik gaan aan die akademiese inisiatief, strategiese oogmerk, navorsingsprogram, fakulteit, studentekoshuis of vereniging van jou keuse.

Dit sluit die volgende in:

- Universiteit Stellenbosch Beursfonds
- Dekaaansfondse (in die fakulteit van jou keuse)
- Koshuise en verenigings
- Bedryfskoste (toerusting en ad hoc-menslikehulp-bronbehoefte)
- Benoemde navorsingsleerstoele (vir die duur van die finansiering). 'n Inkomstegefinansierde navorsingsleerstool (gefinansier uit geld vir lopende gebruik) kos gemiddeld R2 miljoen per jaar om 'n topnavorsers en sy/haar span te ondersteun.

Skenkingsfondse ("endowments") word permanent belê om 'n blywende hulpbron te skep wat aanhou groei. Die fonds kan in jou naam of ter ere of nagedagtenis van iemand anders gestig word.

Voorbeelde hiervan sluit in:

- Stellenbosch Trust
- Benoemde navorsingsleerstoele
- Gesubsidieerde beurs- of stipendiumfondse
- Gesubsidieerde dekaansfondse

'n Permanente gesubsidieerde navorsingsleerstool aan 'n Suid-Afrikaanse universiteit kos R30 miljoen tot R38 miljoen. Dit is gegrond op sekere aannames oor toekomstige groei.



MEER AS NET 'N BEURS

Die Vlake-beurs wat Grizelda Stuurman begin 2016 ontvang het, is vir haar soveel meer as net 'n beurs – dit is 'n erflating van haar ouers en grootouers.

Deur **ILSE ARENDSE**

Grizelda Stuurman, 'n onderwyser wat tans besig is met haar honneursgraad in Opvoedkunde by die Universiteit Stellenbosch (US), is een van die eerste vyf ontvangers van Die Vlake-beursfonds, wat in April 2015 deur prof Wim de Villiers, US-Rektor, tydens sy inhuldiging aangekondig is. Hierdie beursfonds is 'n vorm van regstelling en ontwikkeling vir nasate van mense wat in die 1960's en 1970's weens gedwonge verskuiwings uit Die Vlake, 'n woonbuurt teenaan die middedorp wat deels met die universiteit oorvleuel het, moes trek.

Stuurman is die enigste ontvanger van dié beurs wat nog self in Die Vlake gewoon het. "Ek is gebore as een van agt kinders in Banhoekweg en het my skoolloopbaan by James Hugo Gedenk Laerskool (die Rynse skool) begin. Die skoolgebou staan steeds daar en huisves tans die Departement van Binnelandse Sake.

"My grootouers het reg oorkant die moskee, wat vandag die parkeerterrein van Pick n Pay is, gewoon."

Die Vlake was geleë tussen Muller-, Bird- en Joubertstraat en Merrimanlaan. Hoofsaaklik bruin

mense het hier gewoon, maar in die 1960's is hulle ingevolge die Groepsgebiedewet verskuif. Die US het destyds nie as instelling protes aangeteken nie, en ook later op onteierende grond gebou.

Vir dekades was dié verskuiwings en die Slag van Andringastraat nie deel van die amptelike geskiedenis van Stellenbosch nie. Dit is eers op rekord geplaas met die publikasie van *In ons Bloed* (2006) en *Nog altyd hier gewees: Die storie van 'n Stellenbosse gemeenskap* (2007) – publikasies oor die geskiedenis van die gebied en wat deur die universiteit gesteun is.

Stuurman vertel haar familie is in 1970 en 1971 geforseer om Cloeteville toe te trek. "Ek moes ook van skool verander aangesien daar nie vervoer verskaf is om die skool in die dorp by te woon nie. Die mense van Die Vlake

DIE VLAKTE SE INWONDERS HET NIE TOEGELAAT DAT OMSTANDIGHED HULLE ONDERKRY NIE

was soos een groot familie. Almal het vir mekaar se gesinne omgee. Hierdie gemeenskaplikheid het verlore geraak en hegte vriendskappe is opgebreek toe gesinne óf na Cloeteville óf na Idasvallei verskuif is.

"Maar vandag kan ek sê dat Die Vlake se inwoners mense van waarde was, want hulle het nie toegelaat dat omstandighede hulle onderkry nie. Hulle het daarvoor geveg om ondanks uitdagings hul kinders 'n gehalte-lewe te bied sodat hulle as volwassenes 'n beter toekoms kon hê."

Sy sê dit was heel toevallig dat Die Vlake-studiebeurs beskikbaar geraak het net nadat sy aansoek gedoen het om haar BEd Hons (Onderwysbestuur) te doen.

"Behalwe dat dit finansieel voordelig is dat my studies ten volle hierdeur gedek is, het dit vir my baie sentimentele waarde. My ma, Eunice Damon, is presies 'n maand voor ek gehoor het dat ek die beurs gekry het, oorlede. Ons ouers was die dryfveer

agter alle studies wat ons agt kinders aangepak het. My ma het altyd gesê dat sy en my pa nie by magte sou wees om vir ons groot finansiële erflatings te kon nalaat nie, maar dat ons geleenthede tot geleerdheid moes sien as hul erflatings aan ons."

Stuurman sê sy kan nie genoeg klem lê op die belangrikheid van beurse nie en wil hê dat donateurs moet weet dat hulle nie net in 'n individu belê nie, maar in die toekoms van ons land.

"Van my mede-beursontvangers het genoem dat dit nie vir hulle moontlik sou wees om te studeer indien hulle nie 'n beurs gekry het nie. Met die swak ekonomie en werkloosheid wat hoogty vier, kan baie ouers dit nie bekostig om hul kinders te laat studeer nie. Beurse verseker dat meer studente toegang tot verdere studies verkry.

"Hierdie beurs was aan my toegeken as gevolg van die onreg wat onder andere aan my ouers en grootouers gedoen was. So nou studeer ek namens hulle en dit is vir my 'n groot eer," sê Stuurman.

VYF BEURSE TOEGEKEN

'n Maksimum van vyf Die Vlake-studiebeurse word per jaar toegeken aan persone wat self in hierdie buurt gewoon het, of aan hul kinders en kleinkinders, wat aan die kriteria voldoen. Huidige en voornemende studente wat vir 'n voorgraadse of 'n eerste nagraadse program wil registreer, kan vir die beurs aansoek doen. Aansoekers wat nie meer in die Stellenbosch-omgewing woon nie, maar wat bewys kan lewer van hul ouers of grootouers se uitsetting, word ook oorweeg.

SÓ HULDIG U.S. DIE VLAKTE

Die US het in 2013 die Herinneringskamer in die Wilcocks-gebou geopen as 'n gebaar van versoening tussen die US en die dorp se bruin gemeenskap. Dit is 'n eietydse uitstalruimte en is oop vir die publiek. Dit was die breinkind van wyle prof Russel Botman, destydse US-Rektor. Dit is voorafgegaan deur 'n verskoning deur studente-leiers van die manskoshuis Dagbreek oor die Slag van Andringastraat in 1940, toe wit US-studente bruin inwoners van Die Vlake aangeval en hul huise beskadig het.

Die gedwonge verskuiwings het daartoe gelei dat die Lückhoff Skool in Banhoekweg aan die US gegee is. Die skoolgebou is in 2007 simbolies aan die gemeenskap opgedra en huisves nou verskeie gemeenskapsorganisasies, asook die US se Afdeling vir Sosiale Impak.

In 2008 en 2009 is 'n permanente foto-uitstalling in die gebou aangebring om erkenning te gee aan oudleerlinge van die skool wat prominente persone in die Suid-Afrikaanse samelewing geword het.

In 2015 is 'n installasie oor gedwonge verskuiwings in Stellenbosch op die tweede vloer van die Lettere en Sosiale Wetenskappe-gebou geïnstalleer. Dit is op 12 November 2015 ingewy en is oop vir die publiek. Die installasie bestaan uit panele (met teks, foto's, kaarte en stories) wat vertel wat gebeur het toe Die Vlake in 1964 tot 'n wit gebied verklaar is.

NYUKELA!

“Nyukela” beteken “opgaan” in isiXhosa. En hier is ’n paar Maties wat beslis opgang maak in hul onderskeie velde.



Fatima Jakoet is ’n vlieënier by die Suid-Afrikaanse Lugdiens, hoof van ’n organisasie sonder

winsbejag, en nou kan sy “Harvard African Fellowship”-kandidaat by haar CV voeg. Jakoet, wat ’n MBA by die US se Bestuurskool voltooi het, sê sy is altyd opsoek na geleenthede om haar leierskapsvaardighede te slyp en haar kennis te verryk. So toe die geleentheid kom om aansoek te doen, het sy gedink dis die ideale tyd vir selfontwikkeling en om Suid-Afrika by ’n vooraanstaande bestuurskool te verteenwoordig.



BCom-gegradeerde **Bevan Ducasse** se mobiele betalingsplatform, wiGroup, het onlangs die

2016 FNB Business Innovation Awards gewen vir die gebruik van innovasie om besigheids groei te dryf. Ducasse is die stigter en uitvoerende hoof van wiGroup, wat die dominante koppelvlak vir mobiele transaksies oor die formele kruideniersware-, gesondheid- en skoonheid-, selfoon- en gasvryheidsektore bied, met ’n beduidende dekking in die mode-, petroleum- en krediet-gebaseerde kleinhandelaars.



Die onafhanklike skooloperateur Curro Holdings het **Mari Lategan** aangestel om al die bemarking en

kommunikasie vir sy ses handelsmerke te behartig. Sy is ’n voormalige uitgewer van die vrouetydskrifte-afdeling by Media24 en stigter van die strategiese sake en kommunikasiekon-sultasiemaatskappy In Context. Lategan, wat tans besig is met ’n PhD aan die US, het reeds ’n MBA van die US Bestuurskool, ’n honneursgraad in joernalistiek, asook ’n BA-graad.



Dit het hom meer as ’n dekade geneem om bo uit te kom en vir die voormalige Sportwetenskap-student

Warren Adams is volharding en ’n bereidwilligheid om te leer die sleutel tot sukses. In April vanjaar is dié oud-Matie as nuwe krag- en kondisioneringsafrieter van die Springbok-rugbyspan aangewys. Adams het sportwetenskap aan die Universiteit Stellenbosch studeer en ’n meestersgraad behaal.



Matthew Haden se maatskappy, The Recycler, het onlangs meer as 250 Afrika-ondernemings

uitgestof om die gesogte Sankalp Afrika-toekenning te verower. Hierdie toekennings erken die mees volhoubare en haalbare sosiale ondernemings wat besigheid doen. The Recycler is in 2014 gestig en bied professionele afval- en herwinningso oplossings vir afvalstrome in Tanzanië. Haden het sy BA-graad in Internasionale Betrekkinge in 2011 voltooi.



Dr Noel du Toit, ’n meganiese ingenieur, het onlangs die diep see trotseer om vir agt dae navorsing op die bodem van

die Atlantiese Oseaan te doen as deel van ’n NASA-sending. Tydens hierdie sendings het die “ruimtevaarders” (bekend as “aquanauts”) op die evaluering van gereedskap en tegnieke gefokus wat getoets word vir toekomstige ruimte-verkenning. Die sending het plaasgevind by die Aquarius-onderwaterhabitat, ’n onderwater-navorsingstasie aan die kus van Key Largo in Florida – die laaste fasiliteit van sy soort in die wêreld.



Japie Otto, ’n US-alumnus wat ingenieurswese gestudeer het, het saam met sy vrou, Susan, die eerste Tuiskoms-naweeke in 2016 bygewoon.

MAAK REG VIR TUISKOMS 2017!

Ons eerste Maties Tuiskomsnaweeke vir alumni in Maart 2016 was ’n reuse-sukses, en ons tref reeds voorbereidings vir Tuiskoms 2017 – met ’n verskeidenheid opwindende, pasgemaakte aktiwiteite, spesiaal vir al ons oudstudente.

Deur **SHAUN STUART**

Tuiskomsnaweeke 2016 het iets vir almal gebied. Van die hoogtepunte het ingesluit ’n skemerkelkgeleentheid met

die Rektor en Visekanselier, prof Wim de Villiers; fakulteitspaneelbesprekings oor aktuele kwessies; die gewilde Dagbreek/Maties-straatmyl; koshuisspesifieke geleenthede, waaronder Heemstede se 50ste reünie; en ’n tussengenerasiegesprek oor die uitdagings en geleenthede vir studenteiers, met die Frederik Van Zyl Slabbert Instituut vir Studenteierskapsontwikkeling as gasheer en prof Pierre de Vos as fasiliteerder.

Dit sal moeilik wees om dít te oortref, maar hier is ’n kykie na wat vir Tuiskomsnaweeke 2017 beplan word.

Die Tuiskoms- en Familienaweeke 2017 sal van 2 tot 6 Maart 2017 op die Stellenbosch-kampus plaasvind. Ons sit ons vennootskap met die US Woordfees voort, so maak seker dat jy jou spesiale Tuiskoms-alumni-afslag op uitgesoekte Woordfees-vertonings opeis.

Diegene wat van elders in die land of wêreld kom, bespreek gerus vroegtydig verblyf, want Stellenbosch is gewoonlik ’n miernes van bedrywighede in daardie tyd.

Ons skop af met ’n openingskonsert in samewerking met die Woordfees, waar ’n hele aantal gewilde Suid-

Afrikaanse kunstenaars en musikante by Coetzenburg op die verhoog te sien sal wees. Ons het ’n spesiale BBP-area opsygesit spesiaal vir ons Tuiskoms-alumni.

Interessante fakulteitsgesprekke sal weer plaasvind: Die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe beplan byvoorbeeld ’n paneel-bespreking oor die stand van die ekonomie en loopbaankeuses vir die arbeidswêreld in 2050. Die ander fakulteite sal ook verskeie ander gesprekke en debatte aanbied, so wees op die uitkyk na hierdie reeks “Terug Klas Toe”-fakulteitspraatjies.

Alumni sal ook ’n geleentheid ontvang om aan sport- en ontspanningsgeleenthede deel te neem. Dit sluit in ’n Noord vs Suid-gholffuitdaging, ’n vroegoggend-familieprettdraf by Coetzenburg, en ’n bergfietsrit.

Boonop sal daar ’n mini-ondersteunerspark wees waar jy die Varsitybeker-rugbywedstryd tussen Maties en die Shimlas kan kyk. Al speel ons manne nie op hul tuisveld nie, wys jou bloed is maroen en kom moedig hulle aan.

Ons Tuiskomsspan stel ook weer kampustoere en ’n staptoer deur Stellenbosch saam sodat alumni kan sien wat verander het en wat nie – bespreek gerus, want hierdie toere was ’n groot gunsteling in 2016.

Ook weer op die agenda is

klasreünies, waar jy die huidige dekaan, vorige dekane sowel as voormalige en nuwe professore kan ontmoet en opnuut kan bande bou met van jou klasmaats met wie jy ná universiteit kontak verloor het.

Die LLB-klas van 1995 beplan byvoorbeeld ’n opwindende klasreünie – as jy ’n soortgelyke geleentheid vir jou klas wil reël, kontak ons gerus by alumni@sun.ac.za.

Daar sal ook ’n hele klomp koshuisreünies gedurende die Tuiskomsnaweeke wees, soos Huis Ten Bosch wat sy 80ste verjaardag sal vier.

En tussenin is daar Woordfees-geleenthede te kies en te keur – van musiek tot kuns, debatte tot regstreekse radio-uitsendings en ander sosiale aktiwiteite.

Daar sal beslis iets vir almal wees tussen die meer as 100 geleenthede op die Woordfeesprogram.

Vertel ander Maties van die US se Tuiskoms 2017 en volg ons sosialemediaplatforms asook www.matiesalumni.com vir gereelde nuus en ons volledige aktiwiteitsprogram.

Ons sien daarna uit om jou in 2017 in Matieland terug te verwelkom!

Vir meer inligting, stuur e-pos na alumni@sun.ac.za, skakel +27 (0)21 808 9265, of hou kontak via ons sosiale media platforms.



VERTEL VIR ONS!

Stories oor Die Laan, die Neelsie, vakke sleep en akkers op jou kop – alle Maties het heelwat staaltjies oor hul studiejare aan die Universiteit Stellenbosch. In die aanloop tot ons eeufees in 2018 is ons op soek na die lekkerste stories oor Matieland.

Hulle sê dis tydens jou universiteitsjare dat jy die meeste groei en werklik méns word. Jy ontmoet lewenslange vriende, soms die liefde van jou lewe, en jy berei voor op 'n loopbaan wat jy vir die res van jou lewe gaan beoefen.

Saam met daardie allerbelangrike en lewensveranderende dinge kom ook snaakse stories oor aande uit, take wat laat ingehandig is, en aangename tye by jou huisdans. Almal wat 'n paar jaar in Matieland deurgebring het, het altyd 'n goeie storie om te vertel oor hul studentejare.

Dink goed na oor daardie brokkie interessante nuus, grappige staaltjie of 'n foto uit jou dae as student of personeellid aan Universiteit Stellenbosch (US), of as inwoner van Stellenbosch, en vertel ons daarvan. Die plan is om 'n platform te skep waar almal hul stories kan deel en waar jy ander se stories kan lees en weer daardie vormende jare kan herleef.

“Ter viering van ons universiteit se

100-jarige bestaan as instelling met volle universiteitstatus in 2018 is ons besig om onder meer 'n databasis van nuus en staaltjies saam te stel. Ons sal dit waardeer indien jy jou herinneringe met ons deel sodat ons die verlede vir ons alumni, huidige personeel en studente kan inkleur met elkeen se ervarings,” sê prof Hester Klopper, Viserektor: Strategiese Inisiatiewe en Internasionalisering en bestuurslid primêr verantwoordelik vir die eeufees.

“Een van die belangrike elemente van die feesviering gaan wees om hierdie stories, staaltjies en foto's van alumni en oudpersoneellede te gebruik om die storie van die universiteit oor die afgelope 100 jaar op 'n meer informele manier te vertel. Hierdie inligting sal oor 'n wye platform gedeel word,” voeg Klopper by.

Vanaf middel-2017 sal ons hierdie herinneringe geleidelik op verskillende elektroniese media beskikbaar stel waar belangstellendes dit kan lees. Hoewel die stories eers dan gepubliseer sal word, kan jy nou reeds

jou bydrae instuur.

Nuusbrokkies en foto's kan op verskillende maniere aan ons gestuur word. In Januarie 2017 sal 'n webblad bekend gestel word wat spesifiek fokus op die eeufees. Hier sal 'n skakel wees na waar jy staaltjies, foto's of klankgrepe elektronies kan oplaai. Hou asseblief die US se webblad by www.sun.ac.za dop vir die bekendstelling van hierdie aanlyn-platform.

Inligting kan ook via e-pos gestuur word aan 100@sun.ac.za, of gepos word aan die Eeufeeskantoor, Privaatsak X1, Matieland, 7602. In geval van laasgenoemde, stuur asseblief vir ons kopieë van u materiaal en nie die oorspronklikes nie.

Navrae kan gerig word aan die Eeufeesprojekbestuurder, dr Barbara Pool, by 100@sun.ac.za. Stuur ook ander insette en voorstelle oor die eeufees na hierdie e-posadres.

Lees meer op bladsy 78 oor die geskiedenis van die US en die planne vir die eeufeesviering van 2018.

Foto: STEFAN ELS

IN MEMORIUM

Matieland huldig graag oudstudente wat oorlede is. Die US het met leedwese verneem van hierdie alumni se afsterwe.

Dr CM (Cas) Bakkes (90) van die Paarl. Bekende historikus en dosent aan die Militêre Akademie in Stellenbosch en later in Saldanha, en sedert 1970 hoofdirekteur van die Instituut vir Geskiedenisnavorsing by die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing in Pretoria.



Mev A (Adrienne) Cillie (gebore Oosthuizen) (79) van Wellington. Oud-inwoner van Lydia. DOSK (1956). Gee onderrig in Middelburg (Kaap) en later Wellington.

Mev E (Elme) Coetzer (gebore Van Heerden) (60) van Worcester. Oud-inwoner van Erica. BA (1979), HOD (1980). Sy was werksaam by die Departement Gesondheid op Worcester.

Mnr PD (Piet) du Toit (74) van Langenhoven Park. Oud-inwoner van Dagbreek. BA (1962), SOD (1963).

Dr LC (Leon) Ferreira (82) van Sedgefield. BSc (1955). Hy was vir 44 jaar aan Sasol verbonde.

Mnr CE (Gene) Fivaz (81) van Centurion. Oud-inwoner van Dagbreek. BSc (1954), MSc (1956). Ná twee jaar as dosent in die Departement Fisika het hy as metallurg by Rand Mines gewerk.

Mev MG (Maryke) Fordyce (gebore Van Wyk) (51) van Christchurch, Nieu-Seeland. Oud-inwoner van Minerva. BSc (1985), HonsBSc (1986), HOD (1987). Sy was 'n onderwyser in Springbok en later in Christchurch, Nieu-Seeland, direkteur van die Risingholme Community Centre for Adult and Community Education. Ontvang die Charlie Herbert-toekenning in 2010 vir volwasse onderwys.

Mnr JJCG (Jo) Gevers (84) van Bree, België. MDram (1964). Hy was dosent in Teaterkuns aan die US van 1962 tot 1965, en later onder meer verbonde aan die Teater Arena in Gent, België, en die Universiteit van die Vrystaat.

Dr EJ (Eduan) Hay (83) van Wellington. Oud-inwoner van Huis Marais. BA (1952), SOD (1953). Hy het in Kimberley en Pretoria skoolgehou. In 1957 keer

hy terug na Stellenbosch vir teologiese opleiding. Hy het ook in die US-koor en Kweekskoolkoor gesing en was aktief betrokke met studentesake as huiskomiteelid vir PSO en voorsitter van die CSV. In 1962 is hy as predikant in die NG Kerk gelegitimeer. Hy het in 1997 afgetree.



Prof CA (Chris) Kapp (69) van Stellenbosch. BEd (1972), MEd (1980), DEd (1983). Bekende onderwyskenner verbonde aan die US, navorsingsgenoot en emeritus-professor aan die Sentrum vir Hoër en Volwassene Onderwys, wat hy in 1996 gestig het.



Prof PH (Pieter) Kapp (76) van Stellenbosch. Oud-inwoner van Dagbreek. BA (1958), HonsBA (1959), SOD (1961), MA (1966), DPhil (1975). Emeritus-professor in Geskiedenis aan die US, skrywer en gewese president van die US Konvokasie. Beheerraadslid van die Hugenote-vereniging van Suid-Afrika. Hy het 'n groot bydrae gelewer om die geskiedenis van die Hugenote in Suid-Afrika te ontsluit en te bevorder.

Dr MM (Tokkie) Liebenberg (gebore Glass) (69) van Potchefstroom. BA Maatskaplike Werk (1966). Sy het ook Sielkunde en Plantpatologie gestudeer aan die Universiteit van die Vrystaat, Noordwes en Unisa.

Mnr E (Gene) Louw (84) van Parow. BA (1956), LLB (1960). Oudminister van Verdediging en Openbare Werke. Voorsitter van die Studenteraad van die US in 1957.

Dr U (Ulrike) Radzewitz (59) van Vanderbijlpark. Oud-inwoner van Huis Fransie van Zijl. MBChB (1980). Sy het al die jare in Vereeniging gepraktiseer.

Dr K (Kobus) Serfontein (57) van Stellenbosch. PhD (2010). Serfontein was hoof van Leierskapstudies aan die Universiteit Stellenbosch Bestuurskool.



Ds SS (Fanie) Smit (80) van Johannesburg. BA (1960), LisTeol (1965). Aanbieder van RSG se program *Loof*

die Here vir 44 jaar lank. Van 1970 tot 1973 predikant van die NG Kerk in Birchleigh. Een van die eerste TV-regisseurs in Suid-Afrika.

Me M (Dene) Smuts (67) van Kenilworth. BA (1970), HonsBA (1971). Joernalis en politikus. Langsdienende vroulike parlamentslid wat in vyf parlemente gedien het sedert 1989.

Mnr JC (Jacobus) Strauss (87) van Sasolburg. Oud-inwoner van Dagbreek. BScIng (1949). Stadsingenieur by die Sasolburg-munisipaliteit.



Me HM (Hedwig) Strijdom (75) van Somerset-Wes. Oud-inwoner van Sonop. BA (1960), SOD (1962), HDB (1975), HonsBBibl (1990). Sy het onderwys gegee op Piketberg en Beaufort-Wes, en was later verbonde aan die Staatsbiblioteek in Kaapstad.

Ná haar aftrede wyd betrokke by liefdadigheidswerk in Somerset-Wes.

Mev SC (Sophia) Terreblanche (gebore Smuts) (80) van Stellenbosch. Oud-inwoner van Lydia. HPOD (1958). Vrou van die US-akademikus en ekonoom prof Sampie Terreblanche.

Mev A (Alwina) Van Noort (gebore Kok) (67) van Stellenbosch. BEcon (1983). Sy het die eerste gastehuis in Stellenbosch, Dorpshuis (op die hoek van Dorp- en Weidenhofstraat), in 1991 geopen.

Me C (Caren) van Rooyen (40) van Calgary, Kanada. BA (1997), HonsBA (1999). Voormalige inwoner van Huis ten Bosch.

Dr WL (Wessel) Van Wyk (91) van die Strand. Oud-inwoner van Dagbreek. BSc(1945). Van Wyk was sy hele loopbaan verbonde aan die Departement Mynwese waar hy onder meer die poste van Direkteur Geologiese Opname, Sekretaris Mynwese en Adjunk-Generaal Mineraal en Energiesake beklee het.



Stuur inligting na alumni@sun.ac.za of skakel +27 (0)21 808 2709/10



DISCOVER awesome venues to hire at the University Museum



Turn your next event into an historic occasion at the University Museum.

Call us at 021 808 3695 or email usmuseum@sun.ac.za to find out more about venues on offer.

If you have reason **to celebrate, to meet, to launch or simply to get together in stunning surroundings**, the perfect venue is waiting to welcome you and your guests – at the University Museum.

Each of our five flexible spaces offers an affordable, high-character alternative to other commercial offerings in and around Stellenbosch.

The historic front foyer with its double-volume ceiling and dramatic woodwork accommodates 150 guests in comfort and style. It is the ideal function room for a book launch, new product release or important media briefing. Seating can be arranged to suit the function and number of guests.

The Lecture Theatre seats 40 attendees in classic lecture room style, with fixed desks and upright chairs, a podium, a lectern, a retractable projection screen and a data projector. The room is wired for stereo sound and cable microphone at the lectern. Internet is also available for clients from within the university. The Museum Courtyard is a novel venue idea. Perfect for all fresco functions such as a cocktail event, a traditional braai or a wine tasting. Can host up to 200 guests.

The back Foyer is a functional, elongated space, highly recommended as a food preparation space or serving area for functions taking place in one of the other venues. It could also be put to great use as a mini-exhibition room.

All of the venues offer a choice of audio-visual equipment, tables, chairs, podium and sound. The University Museum does not offer catering but recommends catering companies contracted to the University.



**JOU
UNIVERSITEIT**



UNIVERSITEITSMUSEUM
UNIVERSITY MUSEUM
IMYUZIYAM YEYUNIVESITHI



UNIVERSITEIT
STELLENBOSCH
UNIVERSITY



DIE KUNS VAN VERGIFNIS

Prof Pumla Gobodo-Madikizela wy lank reeds haar lewe aan navorsing oor Suid-Afrika se ongemaklike verlede. Sedert 1 Februarie 2016 beklee sy die navorsingsleerstoel in Historiese Trauma en Transformasie aan die Universiteit Stellenbosch om meer oor trauma en die gevolge daarvan te ondersoek.

Deur **RENÉ-JEAN VAN DER BERG** en **JACKIE PIENAAR-BRINK**

Dis 1996. 'n Ongemaklike waarheid vir Suid-Afrika is veilig agter slot en grendel – gevonnissen tot meer as 200 jaar tronkstraf. Suid-Afrikaners kon uiteindelik vergeet van die bese dade van 'n man wat hulle "Prime Evil" gedoop het.

Maar vir prof Pumla Gobodo-Madikizela, navorser in historiese trauma, vergifnis en versoening, was die bekennisse van Eugene De Kock, die veroordeelde apartheidsmisdadiger, voor die Waarheids-en-Versoeningskommissie (WVK) bloot die saadjie van haar belangstelling in 'n vraag waarmee Suid-Afrikaners bykans 20 jaar later steeds mee sou worstel: Hoe versoen ons en wat beteken vergifnis ná soveel pyn en lyding?

Gobodo-Madikizela is as kliniese sielkundige van 1996 tot 1998 by die verhoor van en getuie voor die WVK betrek, waar sy na die roerende getuie van oortreders en die pyn van oorleewendes geluister het. Ná De Kock se vonnis het sy oor 'n tydperk van drie maande altesaam 46 uur lank onderhoude in die Maksimum C-gevangenis in Pretoria gevoer – 'n ervaring wat haar op die verkenningstog van vergifnis en versoening geplaas het.

"Hierdie ervaring het alles wat ek oor oortreders en die aard van boosheid geleer het, op sy kop gekeer," erken sy.

Uit hierdie onderhoude het Gobodo-Madikizela haar bekroonde boek *A human being died that night: A South African story of forgiveness* geskryf. Hierdie boek het talle toekennings ontvang, waaronder die Eleanor Roosevelt-, die Christopher- en Alan Paton-toekennings. Onlangs is 'n teaterproduksie hiervan vir die eerste keer opgevoer en dit is sedertdien voor verskeie gehore in Suid-Afrika, Brittanje en in New York opgevoer.

MENSE DINK DIKWELS AS HULLE VERGEWE, DAN VERGEWE EN VERGEET JY. DIS NIE DIE PUNT NIE

In 2015, kort nadat parool aan De Kock toegestaan is, sê Gobodo-Madikizela toe in 'n radio onderhoud aan die joernalis Pippa Hudson: "Mense dink dikwels as hulle vergewe, dan vergewe en vergeet jy. Dis nie die punt nie. Vergewe, het ek gevind, is in werklikheid die verkeerde woord. Ons gebruik vergifnis vir 'n verskeidenheid reaksies. Wat ek nuttig vind in hierdie soort werk is om te dink aan hoe mense verander, hoe mense getransformeer word. Met ander woorde, om te dink

aan ons empatiese verbondenheid met mense wat ons voormalige vyande was. Dus, om 'n stadium te bereik waar albei partye mekaar as medemense kan sien. Wanneer 'n persoon berou toon – op die wyse waarop Eugene de Kock gedoen het – maak dit op een of ander manier 'n deur oop vir die verskillende verhoudings van daardie traumatiese verlede." (Luister na die onderhoud by <http://bit.ly/GobodoMadikizela>)

Gobodo-Madikizela beskryf haar werk by die WVK as 'n uitsonderlike geleentheid, omdat sy as kliniese sielkundige in die belewenis van trauma en die gevolge daarvan belangstel.

"Voordat ek by die WVK aangesluit het, was ek besig met my doktorsale navorsing oor halssnoermoorde. As deel van my voorbereiding het ek 'n jaar aan Harvard Universiteit deurgebring as gas van die Skool vir Lettere en Sosiale Wetenskappe, waar ek in die argiewe studies nagegaan het oor mense wat Nazi-gruweldade gepleeg het.

"Vanweë die uitnodiging om ná my tydperk aan Harvard in die WVK te dien, moes ek my doktorsale navorsing opsy skuif. Ná uitgebreide leeswerk oor die impak van die Joodse volksmoord op slagoffers, asook die rol van die skuldiges en omstanders in Nazi-Duitsland, was dit 'n wonderlike voorreg en 'n unieke geleentheid om in die WVK te dien en na te dink oor die impak van twee verskillende historiese traumas.

LEER KEN PROF PUMLA

“Daardie ondervinding het my doktorale navorsing herdefinieer. En dit vorm steeds die fondament van my professionele loopbaan.”

Gobodo-Madikizela het in die township Langa in Kaapstad grootgeword. “Al is Tafelberg duidelik sigbaar vanaf Langa, het ek geen herinnering dat ek dit in daardie jare gesien het nie – of ten minste Tafelberg beleef het nie.”

Toe sy in 1984 na Rhodes Universiteit is om haar meestersgraadstudie in kliniese sielkunde te begin, moet sy “ministeriële toestemming” bekom, en was sy toe die enigste swart student in haar klas. Sy het haar loopbaan as sielkundige begin tydens die doodsrikke van apartheid en het later ’n volle professor in sielkunde aan die Universiteit van Kaapstad geword. Hierna is sy na die Universiteit van die Vrystaat as navorsingsprofessor.

Aan die begin van 2016 het Gobodo-Madikizela by die Universiteit Stellenbosch (US) aangesluit waar sy nou die

**AL IS TAFELBERG
DUIDELIK SIGBAAR
VANAF LANGA, HET EK
GEEN HERINNERING DAT
EK DIT IN DAARDIE JARE
GESIEN HET NIE – OF
TEN MINSTE TAFELBERG
BELEEF HET NIE**

navorsingsleerstool in Historiese Trauma en Transformasie bekleed. Dit spreek die kern van huidige kwessies aan oor wat transformasie in ’n samelewing ná apartheid beteken. Hoewel dit op die Suid-Afrikaanse konteks fokus, spreek die leerstoel globale kwessies van die oordrag van traumatiese herinnering na historiese trauma aan, hoe gemeenskappe konflik en gewelddadige onderdrukking van die verlede verwerk, en die moontlike transformasie en beëindiging van historiese trauma oor verskeie generasies heen.

“In ons navorsing beoog ons om verder as teoretiese gesprekke te gaan om nuwe kennis te genereer wat openbare

Wat was die beste kompliment wat jy al ontvang het?

Drie toekennings staan uit. In Amerika het ek vir *A human being died that night: A story of forgiveness* die Eleanor Roosevelt-toekenning by die voormalige Amerikaanse presidentsvrou se woning in New York ontvang, asook die Christopher-toekenning vir “’n boek wat met die menslike gees praat”. Dit was ook wonderlik om die volgende jaar op eie bodem die Alan Paton-toekenning vir dieselfde boek te ontvang.

Wat laat jou lag?

My twee kleinniggies. Hulle bring smiddae en naweke by my ma deur en wanneer ek haar in die Oos-Kaap besoek, verskaf hulle aan my soveel vreugde met die snaakse stories wat hulle vertel en opvoer! Nog ’n dogtertjie wat my laag lag, is Thandi van die *Madam and Eve*-strookiesprentreks.

Hoe bring jy jou vrye tyd deur?

My “vrye tyd” word dikwels deel van my werktyd. Dit is ongelooflik lekker om terug te wees in Kaapstad met al die wonderlike geleenthede om opera en teater te geniet. Die Baxter, Kunstekaap en die Fugard-teater bied die tipe diverse kunste en kulturele lewe wat ek as eg Suid-Afrikaans beskou.

Met watter 3 bekendes uit die geskiedenis sou jy die graagste vir aandete wou aansit?

Eerstens, Noor Inayat Khan: Ek het die eerste keer oor haar gelees in die private en geslote deel van ons skoolbiblioteek (aan Inanda Seminary, ’n privaat skool vir swart meisies in die apartheidsjare), waar boeke gehou is wat deur die Suid-Afrikaanse regering verban is. Sy was ’n pasifis wat tydens die Tweede Wêreldoorlog as Britse spioen na Nazi-besette Frankryk gestuur is en saam met die Franse Weerstandsbeweging gewerk het. Sy is later gevange geneem en net voor die einde van die oorlog na Dachau-konsentrasiekamp gestuur. Na berig word, was haar laaste woorde met haar teregstelling “Liberté!”

Dan, Rosa Parks: Vir die moed wat sy in die Amerikaanse menseregtebeweging aan die dag gelê het.

En Beyers Naudé: Vir sy onblusbare gees en die feit dat hy die apartheidsbom versteur het. Met die skryf van my eerste boek was sy verhaal ’n groot inspirasie vir my waarnemings oor die wyse waarop die individuele en kollektiewe bewussyn stilgemaak kan word – en die wyse waarop dit wakker gemaak kan word.

Vertel van jou ouers en jou seun

My ouers het ’n sterk sin van die ek in my gevestig. Sowel my pa (wat in 2002 oorlede is) as my ma het ’n uitsonderlik gulhartige gees. My seun het ek as enkelouer grootgemaak ná my egskeiding kort ná sy geboorte. Hy het ’n pragtige hart en hy trotseer sy eie uitdagings op sy lewenspad.



Prof Pumla Gobodo-Madikizela saam met emeritus-aartsbiskop Desmond Tutu, voorsitter van die destydse Waarheids-en-Versoeningskommissie.

bewustheid skep oor die komplekse verhouding tussen historiese trauma, herinnering en hedendaagse ervaringe van vernedering in ’n post-apartheid omgewing. In dié sin sal ons navorsing en openbare gesprekke nie net die menslike agenda aanspreek nie, maar ook die verband tussen mense en die gemeenskap,” verduidelik Gobodo-Madikizela.

Die trekpleister na haar huidige posisie is die geleentheid om twee studievelds te kombineer wat vir die grootste deel van haar akademiese loopbaan sentraal gestaan het: die belewenis van trauma wat met erge menseregteskendings gepaardgaan, en die wyse waarop individue en gemeenskappe die herinnering aan hierdie afgryslike ervarings hanteer.

**IN ONS NAVORSING
BEOOG ONS OM
VERDER AS
TEORETIESE
GESPREKKE TE GAAN
OM NUWE KENNIS
TE GENEREER
WAT OPENBARE
BEWUSTHEID SKEP**

“Ek het nog altyd in my werk gepoog om die teoretiese en die praktiese te integreer. My inspirasie is die uitgangspunt dat sosiaal-wetenskaplike navorsing se doelwit is om jou dissipline nie net binne die akademie te bevorder nie, maar om ook in sekere mate ’n impak op openbare debat te hê en gehore op ’n breër vlak van die burgerlike samelewing te beïnvloed. Dit is die benadering wat ek na die US bring. En dit is die inspirasie agter die passie vir my werk.

“Tydens my ampstermyn aan die US hoop ek om ’n bydrae te lewer tot die bevordering van diversiteit en inklusiwiteit. Dit is nie net ’n uitdaging aan ons universiteit nie, maar ’n voortdurende en kern-uitdaging van alle ander Suid-Afrikaanse universiteite.”

TEGNOLOGIE VIR GROTER STUDENTESUKSES

Die Universiteit Stellenbosch maak al hoe meer gebruik van tegnologie om die deure na leer en kennis te open, en om die akademiese sukses van studente te verseker.

Deur **SONIKA LAMPRECHT**

Met die aanvaarding van die strategieë vir Inligting- en Kommunikasietegnologie (IKT) en Leer en Onderrig, albei in 2013, het die Universiteit Stellenbosch (US) hom toegespits op die waarde van 'n tegnologie-ryke leeromgewing wat die leerervaring vir studente kan verryk.

Elke fakulteit het Gemengde Leer-koördineerders, onder toesig van die Sentrum vir Leer en Onderrig, wat aangemoedig word om nuwe benaderings te bedink oor hoe tegnologie met leer, onderrig en toetspraktike geïntegreer kan word. Vanuit 'n pedagogiese perspektief is dit tog steeds belangrik dat tegnologie onderrig ondersteun en nie die kurrikulum-ontwerp bepaal nie, en daarom word 'n gemengde-leer-benadering ingespan.

In die Fakulteite Ingenieurswese koördineer Dr Moira Bladergroen die gemengde-leer-inisiatief, wat tans uit 22 projekte bestaan. Video-opnames speel 'n belangrike rol in hierdie benadering. Eerstens, video's van demonstrasies help studente met hul voorbereiding vir praktiese sessies en verseker dat hulle goed voorbereid is daarop, en dit spaar gevolglik tyd

tydens die praktiese periodes.

Dosente maak ook video's wat probleme met berekeninge demonstreer, en studente wat sukkel, kan dan die video talle kere kyk totdat hulle die konsep begryp. Etenstyd-hersieningslesings vir eerstejaars word ook op film vasgevang en aan studente beskikbaar gestel. Inligting

STUDENTE STEM ALMAL SAAM DAT DIE GEMENGDE-LEER- BENADERING MOET VOORTGAAN

op dokumentkameras en PowerPoint-aanbiedings word ook saam met hierdie video's gebruik. Laastens: "vodcasts" van uitgesoekte lesings (vanuit die lesingsaal) word beskikbaar gestel op 'n eksperimentele basis om die impak en volhoubaarheid daarvan vas te stel.

Al die materiaal word dan op SunLearn, 'n aanlyn-platform waar studente dit maklik kan vind, geplaas. Die fakulteit hou tred van die sukses van hierdie inisiatief deur te bepaal hoe baie studente die video's aanwend, hoe

lank hulle daarna kyk, en hoe gereeld die video's gekyk is.

Nog 'n handige toestel vir dosente is klikkers. Hierdie metode van assessering word gebruik om te bepaal tot watter mate studente 'n spesifieke konsep verstaan terwyl die dosent nog klasgee. Die mees algemene metode hoe klikkers gebruik word, is wanneer die dosent 'n deel van die lesing afgehandel het, vra hy studente vrae oor daardie deel van die werk wat pas behandel is. Studente antwoord die vrae met 'n kliktoestel en dit gee die dosent 'n aanduiding van hoe goed hulle die werk verstaan en of dit nodig is om te hersien.

Volgens Bladergroen dui bestaande data daarop dat studente almal saamstem dat die gemengde-leer-benadering moet voortgaan omdat hulle verskeie voordele daaruit put, waaronder die geleentheid om in hul eie tyd en teen hul eie pas op enige plek te kan studeer.

"Aanklik wou ons die program slegs vir twee jaar volg om die impak van 'n gemengde-leer-benadering op lektore én studente te bepaal. Maar die positiewe terugvoer van studente lei daartoe dat ons nou soek na langtermyn, volhoubare en meer



Dr Gareth Arnott van die Departement van Chemie en Polimeerwetenskap.

Foto: STEFAN ELS

haalbare benaderings om IKT in die fakulteit en tersiêre instellings in die algemeen te gebruik," sê Bladergroen.

By die Fakulteit Natuurwetenskap het dr Gareth Arnott van die Departement Chemie en Polimeerwetenskappe YouTube begin gebruik om klasse te gee en met studente in sy voorgaande kursusse te kommunikeer. In 2012 het Arnott begin speel met die idee om 'n video-inleiding vir die (toe) Chemie 154-kursus te gebruik. Hierdie kursus het net oor die 900 studente wat in vyf klasse verdeel is, so 'n verwelkomingsboodskap aan die klas

op 'n video sou hom in staat stel om homself voor te stel aan die hele klas op 'n meer persoonlike wyse.

"Terselfdertyd het ek besef dat lesings geneig is om hoofsaaklik 'n oordrag van inligting te wees sonder dat studente met die probleme omgaan. Sommige studente het vinnig gesnap, maar baie het gesukkel, ongeag hoe goed jy dink jy dit verduidelik het."

Arnott het besluit om 'n kort weeklikse opsomming in video-formaat te verskaf sodat studente in 'n latere stadium weer na die sleutelkonsepte kan kyk. In 2012 het Arnott ook

Organiese Chemie vir die derdejaars onderrig, waar 'n weeklikse toetsstelsel geïmplementeer is.

Hulle het besef dat om die antwoorde van die toets aanlyn te sit nie juis studente help nie. As die dosent hulle kon wys waar hulle foute begaan, sou dit dalk die leerproses verbeter het.

Daar was min tyd om dit in die lesingsaal te doen, so YouTube is vir die doel ingespan. Direk ná klas sou Arnott die toeste merk en dan onmiddellik die memorandum verfilm. Die terugvoer op hierdie memorandum-video's was baie positief.

In 2013 en 2015 is die YouTube-platform gebruik vir 'n "omgekeerde" klaskamer, 'n model waarin die tipiese lesing- en huiswerk-element van 'n kursus omgeruil word. Studente kyk kort video-lesings tuis voor die klas, terwyl die klastyd gebruik word vir oefeninge, projekte of besprekings.

"As beginsel het ek gehoop die lesing kan elke jaar gebruik word, maar in praktyk moes sommige video's oorgesiet word omdat daar effense veranderinge in die kursus of lesings was. Wat daaruit ontwikkel het, is 'n meer omvattende reeks onderrigvideo's wat kort en bondig is," sê Arnott.

Elke kursus het sy eie speellys volgens die jaar waarin dit opgeneem is. Die video's is ook geredigeer om dit meer professioneel te maak. Omdat die kanaal oop is vir enigeen, het dit daartoe gelei dat al meer mense van ander lande ook daarna kyk en kommentare en vrae vir Arnott stuur.

Hy sê die video's is 'n manier om die kursusinhoud te komplementeer. "Dit het vir my gewerk; die studente is in die algemeen positief, maar die video's word slegs gebruik as aanvulling tot die klasse, waar meer besonderhede gegee en voorbeelde deurgewerk word. Die metode werk vir my omdat ek dit geniet om met die tegnologie te speel en om die video's al beter te laat lyk. Vir my kollegas het die video's ander voordele wat hulle vir leer kan aanwend. Maar ek dink dit is 'n wonderlike aanwinst tot die manier waarop ons as departement en fakulteit kennis oordra."



Dewald Müller

IDEES WAT SKITTER

Blink idees en deurdagte sakeplanne kom byeen by die Nedbank Universiteit Stellenbosch LaunchLab. Ons loer in by twee kos-entrepreneurs wat hul ondernemings op kampus begin het.

Op 'n kampus met meer as 30 000 studente is daar vir seker heelwat vindingryke sake-idees wat die ronde doen. Wat die Nedbank Universiteit Stellenbosch (US) LaunchLab doen, is om jong entrepreneurs te help om hul idees in suksesvolle ondernemings te omskep.

LaunchLab is 'n sake-inkubator wat opkomende entrepreneurs infrastruktuur en netwerkdienste, asook leiding van akademiese personeel en leiers in die sakewêreld bied om hulle te help om hul ondernemings van die grond af te kry. Dit bied entrepreneurs ook mentorskap en bekostigbare huurtariewe in 'n

entrepreneursvriendelike omgewing – 'n moderne, byna fabriek-agtige, spasie wat op die rand van die Stellenbosch-kampus geleë is.

Dit sluit ook in die US se afwentelmaatskappye (wat in samewerking met die universiteit begin is) asook besighede wat studente besit en wat onafhanklik van die universiteit funksioneer maar steeds toegang tot LaunchLab se dienste het.

Twee entrepreneurs, Antoine van Heerden en Dewald Müller, het ten volle gebruik gemaak van LaunchLab se kundigheid en dienste om hul ondernemings te begin en te groei.

Van Heerden, wat in 2013 sy studies in Ingenieurswese aan die

US voltooi het, het Buttanut Tree Nut Spreads begin, terwyl Müller, tans 'n honneursstudent in Aktuariële Wetenskap, Cuppa Campus op die been gebring het.

Cuppa Campus

Müller se entrepreneurskap het al wyd erkenning gekry – hy is aangewys as een van die winners in LaunchLab se "Pitching Platform"-kompetisies, en het erkenning gekry van die Wes-Kaapse premier se Entrepreneurskap-toekenning.

Maar waar het dit alles begin? Toe hy sy besigheid Biltong Broers as Graad 4-leerder by die Laerskool Robertson begin het? Of toe hy studente

se gewoonte om duur koffie te koop opgelet het?

Wel, al drie.

Müller het Cuppa Campus in 2014 begin toe hy besef dat hy koffie vir goedkoper kan verkoop as hy maatskappye wat dienste aan studente lewer, kan oorreed om op die koppies te adverteer. Nou werk hy aan die idee van 'n kruissubsidiëring-bemarkingsproses wat maatskappye direkte toegang tot die laer-inkomste mark gee, terwyl hierdie mark terselfdertyd basiese produkte teen goedkoper kan bekom.

"Ek het altyd gedink entrepreneurskap gaan oor die skep van iets wat nie bestaan nie, en dan om geld te maak daaruit. Maar ek besef nou dit gaan oor hoe jy die omgewing om jou beïnvloed. Hoe vestig jy 'n besigheid waarvan mense deel wil wees?"

Al is dit moeilik om 'n studente-entrepreneur te wees en al moes Müller baie terugslae en mislukkings trotseer, glo hy dat as jy die universiteit met bloot 'n graad verlaat, het jy jou tyd gemors. Hy geniet die ironie van 'n kursus studeer wat hom leer om risiko's te identifiseer en te vermy.

"En so gou as wat ek uit die lesingsaal loop, spring ek van 'n brug af," spot hy. "As jy 'n entrepreneur is, begin jy nie iets halfhartig nie."

ButtaNutt

ButtaNutt, wat Van Heerden in Junie 2015 begin het, is 'n onderneming wat fokus op natuurlike kosse en 'n reeks handgemaakte, outentieke, hoë-gehalte neutsmere vervaardig.

Hy kry plaaslike amandels, makadamia- en pekanneute van klein familieplase af en maak smere wat nie net smaaklik is nie, maar ook gesondheidsvoordele inhou en omgewingsvriendelik is.

Die maatskappy word tans op twee plekke bedryf: die vervaardigingsfabriek in Kaapstad en die bestuur- en verspreidingskantoor in Stellenbosch. Die reeks neutbotters word by verskeie kos- en gesondheidswinkels, asook padstalletjies verkoop.

Van Heerden skryf ButtaNutt se sukses toe aan die span se passie vir hierdie gesondheidskosmaatskappy. "Ons wou onself met entrepreneurs



Antoine van Heerden

KYK 'N VIDEO
www.youtube.com/stellenboschuni

omring wat net soos ons dink en met mentors wat ons kan help. LaunchLab is vir ons 'n bemoedigende en inspirerende spasie," sê hy.

Sedert ButtaNutt begin is, is dit deel van LaunchLab se "Lift-Off"-program en gevolglik was daar heelwat groei in hul netwerk van besighede en beleggers.

Onlangse suksesse sluit in om die eksklusiewe verskaffer van die gesondheidskoswinkel Kauai te word. ButtaNutt was ook 'n finalis in die

"Boost Your Biz"-uitdaging om een van Pick n Pay se verskaffers te word.

Van Heerden glo ButtaNutt se toekoms is rooskleurig en opwindend. "Ons het groot planne om nasionaal uit te brei, en wil ook internasionale markte bereik. Ons vernuwe gedurig ons produkte en verpakking, en ons werk aan 'n paar opwindende uitbreidings op die gebied van plantgebaseerde kos en drank," sê Van Heerden.

• **Besoek www.buttanutt.co.za.**



DIE MAG VAN WATER

Uitgestrek teen die hange van Papegaaiberg lê Enkanini met sy sowat 10 000 inwoners wat toegang het tot slegs 36 gemeenskaplike krane. Met hul toetsing van tegnologie om reënwater te oes en te behandel wil mikrobioloë van die Universiteit Stellenbosch help om die druk op munisipale diensverskaffing te verlig en om 'n gemeenskap se toekoms te verbeter.

Deur **WIIDA FOURIE-BASSON**

Terwyl Brandon Reyneke besig is om 'n watermonster te neem van 'n kleinskaalse sonkrag-pasteurisasiestelsel wat 'n paar tree buite die ingang na Victor Mthelo se huisie geïnstalleer is, sê hy: "Ek geniet die kans om uit die laboratorium te kom en met die mense wat by die projek betrokke is te gesels."

Sedert September 2015 besoek die 23-jarige Reyneke en sy

mede-nagraadse studente in die waterbronnemikrobiologie-laboratorium elke maand drie loodsprojekte in Enkanini, 'n informele nedersetting in Stellenbosch, om watermonsters te neem en na te gaan of die stelsels nog funksioneer. Terselfdertyd bied dit hulle ook die geleentheid om met die lede van die betrokke huishoudings te gesels.

Vandag hoor Reyneke dat die gat waarin die stelsel geïnstalleer is,

tydens onlangse reënbuie oorstrom het. Die water het afgeloop na die huisie net onderkant die stelsel. "Dit was aanvanklik reeds 'n uitdaging om genoeg spasie én 'n gelyke stukkie grond tussen die huise te kry waar ons die stelsels kon installeer," verduidelik hy. "Die huise se dakke is ook nie sterk genoeg om so 'n stelsel te dra nie."

Dit is maar net een van die probleme waaraan die waterbronnemikrobiologie-laboratorium, onder die leierskap

van dr Wesaal Khan, aandag gee. Dié laboratorium is tans een van die primêre laboratoria in Suid-Afrika wat fokus op die behandeling van reënwater deur die gebruik van sonkragtegnologie.

Die Suid-Afrikaanse regering het die oes van reënwater as 'n alternatiewe en volhoubare waterbron in landelike gebiede en informele nedersettings geïdentifiseer. Maar al is dié praktyk reeds vir eeue lank bekend, het die tegnologie nie tred gehou met ons moderne, meer besoedelde omgewings nie.

"Suid-Afrikaners is heel vertrouwd met die konsep. Hoewel gemeenskappe in die Oos-Kaap die reënwater vir drinkwater kan gebruik, wys ons navorsing dat reënwater in veral stedelike gebiede erg besoedeld is met chemiese en mikrobiële stowwe," verduidelik Khan.

In stedelike gebiede word die reënwater besoedel met swaar metale weens die lugbesoedeling

WAT SÊ DIE INWONERS?

61% van die respondente het geweet wat beteken dit om reënwater te oes

67% was positief oor die moontlikheid om reënwater vir hul daaglikse behoeftes te gebruik

77% het aangedui dat hulle die water vir bad en die skoonmaak van hul huise sou gebruik

65% sou die water vir kosmaak gebruik

46% sou die water vir drinkwater gebruik

Bron: Social perception of implementing a pilot Domestic Rainwater Harvesting (DRWH) Multi-Tank station in Enkanini, Stellenbosch WRC project K5/2368/3

van nabygeleë industrieë. Boonop beland daar mikro-organismes in die reënwater tenk soos wat plantafval en fekale afval van voëls en ander klein diertjies op dakke versamel.

Sy waarsku dat verskeie mikro-organismes wat hulle met die navorsing in reënwater tenks geïdentifiseer het, onder meer met siektes soos diarree, longontsteking en wurminfestasies geassosieer word. Daarom is dit so belangrik om doeltreffende en volhoubare tegnologieë te ontwikkel om die reënwater te ontsmet.

Khan het onlangs 'n projek vir die Waternavorsingskommissie voltooi waarin sy verskeie bestaande tegnologieë vir die behandeling van reënwater getoets het. Die sonpasteurisasie metode (SOPAS) het uitgestaan as die mees betroubare en bekostigbare stelsel.

Khan se groep is tans besig om te werk aan die installering van klein- en grootskaalse reënwater-behandelingsstelsels wat in die

waterbehoefte van 'n groep huishoudings in 'n spesifieke area sal kan voorsien, of in dié van 'n skool of kliniek.

"Die idee is nie om alternatiewe tot munisipale drinkbare water te ontwikkel nie, maar eerder om bestaande infrastruktuur te ondersteun. Ná behandeling kan reënwater gebruik word vir die was van skottelgoed en klere, of vir persoonlike higiëne."

Hul navorsing is 'n kombinasie van toegepaste en fundamentele wetenskap: "Ons wil die tegnologie laat werk sodat die gemeenskap daaruit kan baat. Ons is ook besig om die weg te baan met die ontwikkeling van nuwe molekulêre tegnieke vir die behandeling van reënwater. Ons is een van die eerste laboratoria in Suid-Afrika om op die grootskaalse monitoring van die chemiese en mikrobiële gehalte van reënwater te fokus. Maar ons grootste motivering bly die moontlike impak van ons navorsing op die gemeenskap," sluit sy af.



DIE TOEKOMS VAN LEER

'n Nuwe era in leer en onderrig word in 2017 by die Universiteit Stellenbosch ingelei wanneer bouwerk aan 'n moderne Sentrum vir Leer en Onderrig begin.

Tye het verander, en die manier waarop studente leer en dosente klasgee verskil hemelsbreed as wat dit so onlangs as 20 jaar gelede was. Deesdae maak tegnologie allerlei leer-ervarings moontlik – die dae van studente wat in banke sit en na 'n dosent luister, is verby.

Met 'n nuwe, moderne Sentrum vir Leer en Onderrig gaan die

Universiteit Stellenbosch (US) die manier waarop Maties kennis verkry en deel, verander. Hierdie beplande sentrum word eersdaags 'n werklikheid danksy 'n skenking ter waarde van R50 miljoen van Jannie Mouton, US-alumnus en stigter van die beleggingsbeheermaatskappy die PSG Groep.

Die universiteit, sowel as die Departement van Hoër Onderwys en

Opleiding, het ook reeds bydraes tot hierdie projek gemaak wat waarskynlik in 2017 sal afskop. Maar hoekom juis 'n nuwe onderrigruimte en watter voordele hou dit vir studente in?

“Die US se studentegetalle het teen 2015 tot 30 150 gegroei – almal gretig om 'n sukses van hul studies te maak. Dít het implikasies vir ons fasiliteite. Ons staan voor die toenemende uitdaging om meer studente te

akkommodeer in 'n omgewing wat stimulerend is en innoverende denke bevorder,” sê prof Wim de Villiers, US-Rektor en Visekanselier.

“Dit is hier waar ons voorgenome Sentrum vir Leer en Onderrig ter sprake kom. As vlagskipprojek sal dit nie net 'n groot aantal studente kan akkommodeer nie, maar kan hulle ook blootgestel word aan voorpunt-tegnologie en die jongste ontwerp om gesamentlike kennisverkenning te fasiliteer,” voeg hy by.

Prof Arnold Schoonwinkel, Viserektor: Leer en Onderrig, verduidelik dat die onderrigmodel in universiteitsklaskamers besig is om te verander. “Ons betree 'n nuwe era waar tegnologie 'n kritieke rol in die vorming van ons samelewing speel. Die dae waar studente passief na 'n dosent luister wat voor die klas staan, is lankal verby.

“Onderrigmetodes en leer het verander en verseker dat studente aktiewe deelnemers in hul eie onderrig kan wees. Ons doelwitte is om die leer-ambisies en -ondervindings van studente meer effektief te kweek en te vorm en addisionele leer- en onderrigruimtes te skep om die kritieke tekort aan klaskamers, wat tans ondervind word, aan te spreek,” sê Schoonwinkel.

Volgens hom wil die US ook sy onderriglandskap transformeer om die universiteit se visie om uitstekende gegradueerde beroepslui vir 'n beter Suid-Afrikaanse samelewing en ekonomie te vorm, gestalte te laat kry.

Die nuwe Sentrum vir Leer en

Onderrig sal 'n ruimte wees wat verbeterde studentesukses verseker. Die tradisionele manier van klasgee is vervang deur portuur- en selfstudie-onderrig, tabletrekenaars in die lesingsale, slimfoontoepassings, persoonlike leeromgewings en sosiale leerspasies wat universiteitskampusse noop om na nuwe dinamiese leerondervindings te beweeg.

Die sentrum, geleë tussen die Neelsie-studentesentrum en die Polimeerwetenskap-gebou op die Stellenbosch-kampus, sal 'n lae koolstofvoetspoor hê en sal terselfdertyd tegnologie aanwend, groepwerk fasiliteer en die algemene leerervaring versterk. Dit sal ook meer studente as enige ander leerruimte op kampus kan akkommodeer.

'n Moderne leerruimte met 'n binnehof, terrassitplekke en aanloklike grasperke sal alles bydra tot die skepping van lig en beweging. Dit sal 'n

plek wees waar studente welkom kan voel terwyl hulle die nuutste teorieë en konsepte aanwend.

Die sentrum sal oor 350-, 270- en 150-sitplek plooibare lesingsale beskik waar studente en dosente hul omgewing kan aanpas om besprekings en spanwerk te fasiliteer.

Driedubbeldvolume sirkulasieruimtes met interaksiehoekies sal die auditoriums en die rekenaarklaskamers verbind. Dit sal opeenhoping verminder en effektiewe leer-en-onderrigruimtes bevorder.

Die gemeenskaplike ruimtes aangrensend tot die hoofkamers sal vir wegbreekbesprekings en portuurinteraksies ingespan word.

Die onderdakdeurgang sal die sentrum met ander kampusgeboue verbind, en 'n restaurant sal vars etes aanbied om studente gevoed te hou asook gretig om te leer.

Die toekoms van leer is hier.



'n Kunstenaarsvoorstelling van die beplande Sentrum vir Leer en Onderrig.

IN 'N NEUTEDOP

Die nuwe beplande Sentrum vir Leer en Onderrig berus op drie sentrale beginsels:

Toekomsgerig: voorsiening van plooibare ruimtes wat groepsleer en besprekings sal aanmoedig en wat geskik sal wees vir huidige en ontwikkelende onderrigmetodes.

Studentgesentreerd: fasilitering van maksimum deelname vir aktiewe probleemoplossing.

Sterk en kreatief: wegbeweeg van die gewone onderrigmetodes na energieke, betrokke en geïnspireerde studente en personeel.

KOM ONS PRAAT

Die Universiteit Stellenbosch se Taalbeleid kom dikwels onder die soeklig. Maar hoe werk hierdie beleid en wat het dit ten doel?


Deur **PROF ARNOLD SCHOONWINKEL**

Telkens as die Universiteit Stellenbosch (US) se Taalbeleid onder die soeklig kom, tree frases soos “die dood in die pot vir Afrikaans” of “Afrikaans op ‘n glybaan by Maties” na vore in openbare debatte. Met die nuwe Taalbeleid was dit vroeër vanjaar weer die geval.

Hierdie wanpersepsie moet ons nou finaal die nekslag toedien. Dat die Engelse aanbod uitgebrei word, beteken nie dat die US wegdoen met Afrikaans as onderrigtaal nie. Sommige kritici beweer dat taalaanwending ‘n kwessie van Afrikaans óf Engels is, maar die US volg dekades lank al ‘n Afrikaans én Engels benadering. Hoe ons dit toepas, is wel anders as in die verlede.

Taalbenutting kan nie meer bloot in terme van die aantal minute in Afrikaans of Engels per lesing beskryf word nie. Die nuwe Taalbeleid word toegepas binne die US se erkende gemengdeleer-model (blended learning) van tradisionele lesings (sogenaamde talk-and-chalk-metode) aangevul deur ‘n kombinasie van interaktiewe kontakssessies, tegnologiese hulpmiddele en intydse tolking. Taaltoepassing is dus nie net gefokus op die lesing self nie, maar op alle leergeleenthede.

Van die belangrikste vertrekpunte van die nuwe Taalbeleid is dat taal toegang tot die instelling moet bevorder, en die akademiese en beroepsukses van studente en personeel moet ondersteun. Taaltoepassing moet ook opvoedkundig-verantwoordbare leer en onderrig vergemaklik. Kortom: die Taalbeleid moet verseker dat geen student weens taalvaardigheid (hetsy ontoereikende Engels of Afrikaans) van die akademiese aanbod uitgesluit word nie; en so



* 2015 geouditeerde syfers

* 2 777 US-studente se huistaal is ander SA tale en ander buitelandse tale

ook nie enige personeellid van die werksaamhede van die Universiteit nie.

Verbreding van toegang is ‘n goedgekeurde strategiese prioriteit (volgens ons Institusionele Voorneme en Strategie). ‘n Beleid van meertaligheid wat effektief uitgevoer word, is een manier om so ‘n doelwit te bereik. “Verbreding” beteken egter nie dat Afrikaanssprekende studente, akademici en ander personeel skielik ‘n mindere plek aan US het nie.

Natuurlik het die US ‘n historiese verbintenis met Afrikaans. Die skenking van Jan Marais was dan juis om ‘n

universiteit te stig waar Afrikaans naas Nederlands as akademiese taal kon ontwikkel. ‘n Mens sou selfs kon beweer dat ‘n Afrikaanse universiteit gestig is as teenvoeter vir hoër onderwys in twee koloniale tale, Nederlands en Engels.

Dit was bykans ‘n eeu gelede. Die US beplan al klaar sy eeufeesjaar, en daar sal gepas aan hierdie erfenis erkenning gegee word. Maar die wêreld, die Suid-Afrika, die hoër onderwys en die studente van 2018 is nie meer dié van 1918 nie.

• **Meer inligting oor die Taalbeleid by www.sun.ac.za/taal**

SÓ WERK DIT

AFR

ENG

Parallele klasse wat volledig en afsonderlik in Afrikaans én Engels aangebied word.

AFR ENG

Klasse waar Afrikaans én Engels tegelyk as onderrigmedium gebruik word.



Studente skakel deur middel van oorfone in op tolking van lesings in Afrikaans of Engels.

Hoe sal die nuwe Taalbeleid prakties toegepas word?

Vir voorgraadse modules is Afrikaans en Engels die tale van leer en onderrig. Waar dit redelikerwys uitvoerbaar en opvoedkundig verantwoordbaar is, sal lesings afsonderlik in Afrikaans en Engels vir groot groepe aangebied word, maar tutoriale en praktika sal studente van albei taalgroepe weer in een sessie saamtrek.

In lesings waar Afrikaans én Engels gebruik word, word alle inligting minstens in Engels oorgedra, aangevul met ‘n samevatting of beklemtoning in Afrikaans. Vrae word in dieselfde taal as die vraag beantwoord. Vir eerstejaarmodules sal intydse tolking tydens elke lesing beskikbaar wees. In verdere studiejare sal tolking op versoek van die fakulteit voorsien word.

Voorgaardse lesings kan in een taal aangebied word net waar die aard van die leerstof dit regverdig, die dosent slegs in een taal kan klas gee, of die klasgroep per stembrief eenparig vir een taal stem. Vir ten minste eerstejaarstudente sal intydse tolking na die “ander” taal beskikbaar wees.

Studente sal verder in Afrikaans én Engels ondersteun word deur konsultasies in kantoortyd; roetine-tutoriale en -praktika; inligtings- en kommunikasietegnologie ondersteunde leer (klank- en video-opnames); en die dienste van die Taalsentrum.

Alle verpligte leesstof sal beskikbaar wees in Engels en, buiten gepubliseerde materiaal, ook in Afrikaans. US-moduleraamwerke en -studiegids is steeds in Engels én Afrikaans beskikbaar. In voorgaardse

modules word vraestelle vir toetse, eksamens en ander assesserings in Afrikaans én Engels opgestel, en kan studente alle assesserings en geskrewe werk in Afrikaans of Engels voltooi. Die meertalige model ondersteun Afrikaanse studente wat in hul eerste studiejare nog nie Engels op ‘n akademiese vlak bemeester het nie. Teen hul finale studiejare kan hulle nasionaal en internasionaal meedoen.

Vir studente met Afrikaans as voorkeurtaal sal Afrikaans ruim

ONS VERTREKpunt IS KENNISOORDrag DEUR MEER AS EEN TAAL, INGESTEL OP DIE BEHOEFTEs VAN STUDENTE

en prakties in al drie taalmodusse aangewend word. Hoewel alle inligting ook in Engels oorgedra word, word Afrikaans nie op die agtergrond geskuif nie. Ons vertrekpunt is kennisoordrag deur meer as een taal, ingestel op die behoeftes van studente.

Die US bevorder die akademiese potensiaal van Afrikaans deur onderrig; die uitvoer van navorsing; die aanbied van simposiums; die aanbied van kortkursusse en kursusse in Afrikaans-taalverwerwing; steun aan taalonderwysers en die ontvangs van gasdosente in Afrikaans; ontwikkeling van akademiese en professionele geletterdheid in Afrikaans; ondersteuning van lees-

en skryfontwikkeling in Afrikaans; voorsien van taaldienste soos vertaling, redigering en dokumentontwerp; die ontwikkeling van meertalige woordelyste met Afrikaans as een van die tale, die US Woordfees en die bevordering van Afrikaans deur populêre wetenskapspublikasies in die algemene media.

Die US is ook verbind tot die bevordering van isiXhosa, tot die omvang wat dit redelikerwys uitvoerbaar is, deur kortkursusse in basiese kommunikasievaardighede vir personeel en studente, loopbaan-spesifieke kommunikasie, dissipline-spesifieke terminologiegidse en fraseboekies.

Hoe word die regte implementering van die Taalbeleid verseker?

Fakulteite moet hul Taalimplementeringsplan, wat strook met die Taalbeleid, opstel vir goedkeuring deur die Senaat, en dan jaarliks teenoor dié plan verslag doen. Die Viserektor: Leer en Onderrig rapporteer ook die fakulteite se terugvoer jaarliks aan die Raad. Die Raad behou sy oorsigrol en keur die Taalbeleid goed met die instemming van die Senaat.

Hoe weet ‘n student in watter taal ‘n module aangebied word?

Fakulteite sal op hul webblad aandui in watter taalsamestelling ‘n module aangebied word. Die taalreëlins word ook in die betrokke moduleraamwerke gepubliseer. Die US is vir sy tweede eeu goed geposisioneer om toeganklik te wees vir die beste van alle studente, óók steeds vir Afrikaanse studente.

'N BLINK BEURSPLAN

Te midde van 'n krisis oor die koste van hoëronderwys het die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe met 'n vindingryke beurs vorendag gekom om die tersiêre vir meer studente 'n werklikheid te maak.

Deur **PIA NÄNNY**

Hulle moet kophou te midde van die uitdagings wat 'n hoë werklading, toetse, eksamens en die aanpassing om 'n student te wees bring.

Maar danksy die Projek Zero-inisiatief hoef 'n groep studente in die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe aan die Universiteit Stellenbosch (US) hulle nie oor 'n universiteitsrekening te kwel nie.

Dié inisiatief se doelwit is om die koste om aan die US te studeer vir talentvolle studente uit voorheen-benadeelde gemeenskappe tot nul te verminder.

Projek Zero-beurse, tesame met die universiteit se werwing- en merietebeurse, dek dan die student se hele universiteitsrekening.

Die beursaanbieding word op grond van akademiese meriete aan BSI-studente (bruin, swart en Indiër) gemaak, waarvan die helfte uit gemeenskappe met die swakste sosio-ekonomiese status kom.

Prof Stan du Plessis, Dekaan van die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, verduidelik: "Die totale koste om as BCom-student te studeer, is ongeveer R100 000 per jaar. Daarvan maak die programkoste ongeveer 40% uit.

"Ons het agtergekom daar is jaarliks 'n groep talentvolle studente wat aan die einde van die jaar met 'n groot rekening sit – tussen R30 000 en

R40 000. Só 'n persoon sou tipies 'n werwingsbeurs ontvang het wat die program se koste dek. Hulle het dalk ook 'n merietebeurs ontvang en dit dek nog 'n deel van die rekening.

"Dit laat ongelukkig steeds ongeveer 35% van die rekening waaroor die student onseker is. Die Projek Zero-beurs skuif die finansiële risiko van die student na die fakulteit. Ons gaan soek die geld. Die fakulteit het 'n groter kapasiteit om hierdie risiko te dra as 'n student uit 'n arm gemeenskap.

"Ons gee gemoedsrus sodat die student op sy of haar studies kan fokus en met sukses kan studeer," sê Du Plessis.

Hy verduidelik dat dit juis in voorheenbenadeelde gemeenskappe is waar 'n gegradeerde die grootste verskil kan maak. "Hierdie inisiatief vorm deel van ons visie vir sosiale impak. Dit is 'n buitengewoon kragtige intervensie, want dit is 'n unieke geleentheid wat studente weens hulpbron-tekorte op geen ander manier sou kon ontsluit nie."

Daar word beoog om die beurs jaarliks aan 40 studente toe te ken.

Die volhoubaarheid van die inisiatief lê in die feit dat die fakulteit nie 'n groot blootstelling per student het nie – hulle betaal net die deel van die rekening wat nog nie deur ander beurse gedek is nie, of dit R10 000 of R40 000 is – asook die feit dat die beurs oordeelkundig toegeken word. Slegs

top-akademies presterende studente kwalifiseer daarvoor. Die fakulteit werk onder meer nou saam met die Rachel's Angels-projek, 'n mentorskapprogram in 25 vennootskole, om potensiële beursontvangers te identifiseer.

Die eerste kohort Projek Zero-beursontvangers het in Januarie 2016 hul voorgraadse reis aan die US begin. Die meeste van die studente wat die beurs aanvaar het, het vir 'n graad in aktuariële wetenskap of rekeningkunde geregistreer.

Courtney Alexander, wat in 2015 aan St Joseph's Marist Kollege in Rondebosch gematrikuleer het, kon haar oë nie glo toe sy die e-pos sien wat haar in kennis stel dat sy die ontvanger van 'n Projek Zero-beurs is nie.

"Ek het my ma geroep om die e-pos te lees, want dit het net te goed geklink om waar te wees," vertel sy.

Courtney het haar passie vir rekeningkunde in Graad 10 ontdek en besluit sy wil 'n rekenmeester word. Die Projek Zero-beurs help haar om nie net

haar droom te verwesenlik nie, maar verlig ook die finansiële las op haar ma, 'n onderwyser en enkelouer nadat Courtney se pa 'n paar jaar gelede oorlede is.

Selfs op skool was Courtney se studies haar prioriteit. "Ek het geweet harde werk sou deure oopmaak," sê sy.

'n Beurs was Lionel Gordon se enigste hoop. Hierdie oudleerder van Hoërskool Bernadino Heights in Kraaifontein en voormalige lid van die Rachel's Angels-program het geweet hy wil aktuariële wetenskap studeer en dat hy dit aan die US wil doen.

"Ek het gehoop dat ek 'n beurs sou kry, want dit was die enigste manier waarop ek hier sou kon studeer," verduidelik hy.

Hy het kort voor sy eindeksamen gehoor hy is voorlopig gekeur om 'n Projek Zero-beurs te ontvang, mits hy 'n gemiddeld van 80% of hoër in die eksamen behaal.

"Ek het toe selfs nog meer motivering gehad om my beste te lewer," sê Lionel,

wat uiteindelik sewe onderskeidings en 'n gemiddeld van 90% behaal het. Hy wil graag eendag tot die Projek Zero-beurs bydra om ander te help wat, soos hy, dit nie andersins sou kon bekostig om aan die US te studeer nie.

Volgens Du Plessis is geen skenking of bydrae te klein nie. "Ons is dankbaar teenoor ons skenkers wat groot bedrae skenk, maar wil ook graag 'n kultuur van klein, gereelde skenkings vestig. Tot dusver is die belangstelling in hierdie projek baie bemoedigend," sê hy.

"Die fakulteit sou graag meer studente wou help, maar as 'n mens 'n kritiese intervensie wil maak, moet 'n mens soms die bronne nie so dun moontlik spreid nie, maar dit eerder

konsentreer om die maksimum impak te behaal. In 'n tyd waarin universiteite onder geweldige finansiële druk is, kan ons nie roekeloos 'n groot aantal beurse toeken nie. Ons moet die studente met die grootste kans op sukses enduit kan ondersteun."

Die ideaal is dat die Projek Zero-beurs oor 20 jaar ander kriteria sal gebruik om potensiële beursothouers te identifiseer.

"'n Beurs reageer altyd op die behoeftes van die samelewing en ons reageer nou op 'n knellende behoefte. Ons sou graag meer wou gee. Hierdie inisiatief is 'n druppel aan die emmer. Maar dis 'n belangrike druppel aan die emmer," sê Du Plessis.



Prof Stan du Plessis, Dekaan van die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, saam met Courtney Alexander en Lionel Gordon.

Foto: STEFAN ELS

SÓ KAN JY HELP

Dit is moontlik om geld vir die Projek Zero-projek te oormerk. Kontak die fakulteitsbestuurder, MJ Brooks, by **+27 (0)21 808 2078** of **mjbrooks@sun.ac.za** as jy 'n bydrae wil maak.

OP MENSE GERIG

Die Universiteit Stellenbosch se Afdeling Gemeenskapsinteraksie het sy naam na Sosiale Impak verander. Maar dit is meer as bloot 'n naamsverandering, dit is 'n nuwe manier van dink oor hoe die universiteit 'n groter impak op die samelewing kan maak.

In April 2016 het studente, akademië en bestuurspersoneel saam om 'n tafel gesit en gesels oor wat die konsep "sosiale impak" vir die Universiteit Stellenbosch (US) beteken. Die vraag op die tafel was: Hoe sal die universiteit 'n impak maak op gemeenskappe in en rondom Stellenbosch en die breë samelewing?

"Die universiteit se kernbesigheid is kennisgenerering en -oordrag wat relevant moet wees vir die samelewing waarvan ons deel is, en die manier waarop ons die universiteit bestuur moet op die samelewing gerig wees – daarsonder sal ons nie impak hê nie," sê dr Antoinette Smith-Tolken, waarnemende hoof van die Afdeling Sosiale Impak by die US.

Dié afdeling was tot 2015 bekend as Gemeenskapsinteraksie, maar is herdoop na Sosiale Impak, wat een van die US se strategiese prioriteite is. Vir dekades reeds is interaksie met gemeenskappe op die een of ander manier deel van die US se manier van doen – Maties Gemeenskapsdiens, wat al in die 1960's gestig is, is 'n goeie voorbeeld.

Maar in 2004 het die US formeel 'n

beleid en plan vir sy verhouding met en werksaamhede in gemeenskappe ontwikkel. Hiermee saam het die Afdeling Gemeenskapsinteraksie tot stand gekom. 'n Aantal vlagskipprojekte is begin wat gedeeltelik befonds is deur die universiteit, en studente en personeel is aangemoedig om die US en gemeenskappe bymekaar te bring.

Smith-Tolken gee erkenning aan haar voorganger, dr Jerome Slamat, tans die uitvoerende bestuurder in die US-reaktor se kantoor, vir hierdie grondslag. "Ons is dankbaar vir die wyse waarop hy dit oor tien jaar gedoen het. Hy het 'n goeie nalatenskap – ons begin nie op 'n nul-basis nie; daar is bestaande strukture en beginsels waarop ons nou kan bou."

Met die skryf van die universiteit se nuwe *Institusionele Voorneme en Strategie* het sosiale impak 'n selfs groter rol gekry in hoe die universiteit sy werksaamhede gebruik om 'n impak in die samelewing te maak, terwyl die samelewing ook 'n impak op ons het.

"Dit het beteken dat ons spreekwoordelik ons sokkies moes optrek om groter samewerking met ander instellings en belanghebbende in die onderskeie sferes van die samelewing



Nuwelingstudente verf 'n skool as deel van 'n projek van Maties Gemeenskapsdiens.

ONS MOET VOORTDUREND VRA WAT DIE KENNIS WAT ONS GENEREER SE IMPAK OP DIE SAMELEWING GAAN WEES

te bewerkstellig. Om sosiale impak as deel van 'n universiteit se strategie te hê het implikasies vir die manier waarop die samelewing die universiteit sien," verduidelik Smith-Tolken.

Anders as Middeleeuse universiteite moet 21ste-eeuse universiteite toeganklik en relevant wees vir die samelewing. Vir die US beteken dit

'n groter fokus op die uitdagings wat ons land, die vasteland en die wêreld in die gesig staar. Hierdie uitdagings word onder meer goed verwoord in die Nasionale Ontwikkelingsplan en die Verenigde Nasies se Volhoubare Ontwikkelingsdoelwitte.

Smith-Tolken beskryf die konsep van sosiale impak as die wedersydse beïnvloeding van mense wat in interaksie met mekaar is en wat transformeerend en ontwikkelend kan wees, én wat gebaseer is op 'n wederkerige verhouding tussen die US en verskeie belanghebbende en rolspelers in die samelewing.

Die Afdeling Sosiale Impak bestuur hierdie verhoudings deur te fokus op betrokke akademieskap ("engaged scholarship"); die fasilitering van vrywilligerprogramme vir studente, personeellede en

Stellenbosch se inwoners; die skep van ontwikkelingsgeleenthede vir gemeenskappe wat voorheen deur die US uitgesluit is; en deur kategorieë van vennootskappe te bestuur op grond van wederkerigheid, samewerking en die deel van kennis.

Smith-Tolken sê dit gee aan elkeen by die US – van studente tot personeellede – die geleentheid om deel te wees van sosiale impak aktiwiteite. "Alles wat die US doen, moet dieper en breër strek, en meer sigbaar wees. Ons moet voortdurend vra wat die kennis wat ons genereer se impak op die samelewing gaan wees," sê sy.

"Sosiale impak moet deel wees van die US se institusionele kultuur. Daar is nog 'n lang pad om te stap, maar met die gewilligheid en entoesiasme hier op kampus kan ons 'n verskil maak," meen Smith-Tolken.

VLAGSKIPPROJEKTE

Maties Gemeenskapsdiens
Studente doen vrywilliger werk in programme wat aangepas word by verskillende gemeenskappe se behoeftes.

SciMathUS
'n Oorbruggingsprogram vir Graad 12-leerders om hul uitslae in Wiskunde en Wetenskappe te verbeter.

Gemeenskapgebaseerde navorsing
Gemeenskappe word aktiewe deelnemers en medewerkers in navorsingsprojekte.

Jeugsportontwikkelingsinisiatief
Deur Maties Sport se vennootskappe met skole word jong atlete gevind en ontwikkel.

Diensleer
Studente verdien akademiese krediet vir gemeenskapswerk.

LABORATORIUMS VOL POTENSIAAL

Sonder toegeruste laboratoriums en chemikalieë sukkel dit met die onderrig van Chemie by minderbevoorregte skole. Maar daarvoor het dr Rehana Malgas-Enus, dosent aan die Universiteit Stellenbosch, 'n plan bedink en SUNCOI op die been gebring.

Deur **WIIDA FOURIE-BASSON**

'N Onderwyser het eens opgemerk dat niemand van dié woonbuurt in Beacon Valley op die Kaapse Vlakte ooit 'n dokter sal kan word nie, wat nog te sê van 'n doktorsgraad in Chemie. Tog is dit presies wat dr Rehana Malgas-Enus op 28-jarige ouderdom reggekry het.

Vandag, ses jaar later, is dié alumna van die Universiteit Stellenbosch (US) 'n navorser en dosent in die Departement Chemie en Polimeerwetenskap by haar alma mater, waar sy in nanotegnologie spesialiseer.

Maar hierdie artikel handel nie oor haar of haar navorsing nie. Dit gaan eerder oor haar toewyding om kinders vanuit soortgelyke omstandighede te inspireer om bo hul omstandighede uit te styg. Net soos wat sy gedoen het.

Kort ná Malgas-Enus se aanstelling by die US in 2012, het sy die destydse departementshoof, prof Klaus Koch, met haar idees vir 'n uitreikprogram genader. Met die departement en die nodige befondsing aan haar kant, was die volgende stap om uit te vind hoe om hierdie ideaal te verwesenlik.

"Ek wou nie my idees op die gemeenskap afdwing nie, daarom het ons eers 'n vergadering met onderwysers van die plaaslike skole

belê om uit te vind wat hulle nodig het," verduidelik sy.

Die antwoord was onverwags, maar helder en duidelik: "Help ons asseblief om aan die nuwe KABV-riglyne vir fisiese wetenskappe te voldoen," het hulle gevra. KABV is die afkorting vir Kurrikulum en Assesseringbeleidsverklaring en is 'n hersiening van die bestaande Nasionale Kurrikulumverklaring.

Sedert 2014 word daar van hierdie wetenskaponderwysers verwag om nege formele en 12 informele praktiese eksperimente vir Graad 10 tot 12 aan te bied en te assesseer. Maar die voorbeelde in die handboeke is nie altyd so duidelik nie. Boonop moet talle onderwysers in minderbevoorregte skole oor die weg kom met onvoldoende laboratoriumfasiliteite en min tot geen chemikalieë nie.

"Chemie gaan gebuk onder die wanopvatting dat dit 'n moeilike en obskure vak is," sê Koch. "Tog is dit 'n uiters praktiese, tasbare en fassinerende wetenskap. Daarom vereis dit 'n praktiese 'leer-deur-ervaring'-benadering indien jy iemand se belangstelling daarin wil aanwakker."

Trixie Niklous, 'n fisiese wetenskappe onderwyser van Hoërskool Zeekoevlei in Lotus Rivier, sê 90% van die skool

se ouers kan nie die skoolgeld van R1 500 per jaar bekostig nie: "Die meeste families weet nie waar hulle volgende maaltyd vandaan gaan kom nie. Die skool verskaf ontbyt en middagete aan ons leerders; daar is nie nog geld om chemikalieë vir eksperimente aan te koop nie?"

Uiteindelik het Malgas-Enus die KABV-dokumentasie in die hande gekry, daardeur gewerk en 'n reeks eksperimente vir Graad 10 tot 12 ontwerp wat aan die riglyne voldoen.

Die volgende hekkie was om die Wes-Kaapse Onderwysdepartement sover te kry om die eksperimente goed te keur. Eers tóe kon die inisiatief, genaamd SUNCOI (US Chemie Uitreik-inisiatief), begin. "Ons moes seker maak dat dit

vir die onderwysers en die leerders die moeite werd sal wees om hul Saterdag vir Chemie op te offer. Ek glo die feit dat die eksperimente binne die riglyne van die KABV val, is een van die hoofredes waarom die werksinkels so gewild is," sê Malgas-Enus.

Sedert 2013 gryp bykans 900 leerders en 200 onderwysers hul wit laboratoriumjassies en brille om die voorgeskrewe eksperimente in verskeie van die US se Departement Chemie se goedtoegeruste laboratoriums uit te voer.

SUNCOI steun op 'n groep toegewyde personeel en nagraadse studente in die Departement Chemie en Polimeerwetenskap. Terwyl Malgas-Enus seker maak van die inhoud,

sien die senior tegniese beampte, Jabu Lukhele, om na die tegniese en praktiese uitvoerbaarheid van elke eksperiment.

Ná verskeie gesprekke en aanpassings neem hy die eksperiment na sy kollegas, Peta Steyn, Moebarrick Bickerstaff en Kwezi Mbalo, om die laboratoriums voor te berei. Sedert 2013 het dié groep nie 'n enkele SUNCOI-werksinkel gemis nie.

Tertia Jaftes van Hoërskool Kylemore in Stellenbosch sê die werksinkels is van groot waarde. "Ons het laboratoriums, maar daar is nie genoeg toerusting om al die eksperimente te doen of om elke leerder 'n kans te gee nie. Ons is verskriklik dankbaar vir hierdie goedvoorbereide en

georganiseerde werksinkels."

"Daar is beslis 'n verbetering in leerders se begrip van die teorie," sê Aldridge Jacobs van die Hoërskool Kylemore. "Ek kan duidelik in vraestelle agterkom dat hulle in daardie gedeeltes van die werk baie beter doen, omdat hulle die geleentheid kry om die teorie en die praktiese bymekaar te bring."

By die Hoërskool Zeekoevlei het die aantal leerders wat Fisiese Wetenskappe tot in Graad 12 neem, ietwat vermeerder nadat dié skool in 2015 by SUNCOI betrokke geraak het – dit nadat die skool dit oorweeg het om die vak af te skaf.

Niklous sê die feit dat Malgas-Enus uit dieselfde gemeenskap as haar leerders kom, dien as 'n groot bron van inspirasie: "Hulle sien iemand wat uit hul gemeenskap kom, iemand wat universiteit toe gegaan het en 'n dosent geword het. As sy dit kan doen, kan hulle mos ook?"

Ten einde selfs meer leerders te bereik, bied SUNCOI 'n jaarlikse werksinkel vir wetenskaponderwysers in die Metropool-suid en Wynlandedistrik aan. Om die gebrek aan hulpbronne aan te spreek, het die span 'n stelletjie met die minimum hoeveelheid chemiese reagentie en basiese laboratoriumbenodigdhede saamgestel om die volledige eksperiment vyf keer uit te voer.

Wanneer sy terugdink aan haar grootwordjare op die Kaapse Vlakte, sê Malgas-Enus sy was bevoorreg om in 'n liefdevolle en veilige huis groot te word: "Selfs al het ek in Mitchells Plain grootgeword, het ek nooit koud of honger gaan slaap nie. Nadat my pa in 2003 oorlede is, het my ma se werk in 'n fabriek ons aan die gang gehou. Ek het hard gewerk om te kom waar ek nou is omdat ek weet hoe hard my ma vir ons gewerk het."

Sy voel sterk daarvoor dat SUNCOI nie net 'n werwingsaksie vir Chemie is nie.

"Ek gebruik Chemie as 'n voorbeeld om te wys daar is ander maniere om van die bendes en dwelms te ontsnap; om te besef dat jy wel die potensiaal het en dat niks of niemand jou mag terughou nie. Ek kan dit sê omdat ek self daar was. En as ék dit kon doen, kan hulle ook."



Foto: STEFAN ELS

VERNUFTIG MET VOLHOUBAARHEID

Volhoubaarheid is die gonswoord van die 21ste eeu én een van die Universiteit Stellenbosch se voorrangsaake. Maar wat beteken dit in die praktyk? Onlangse ontwikkelings op ons kampusse maak omgewingsvolhoubaarheid nou 'n tasbare werklikheid.

Volgens die Wêreld-kommissie oor die Omgewing en Ontwikkeling is volhoubaarheid die vermoë om in huidige menslike behoeftes te voorsien en lewensgehalte te verbeter en te ontwikkel, sonder om meer materiaal en energie te verbruik as wat ons ondersteuningstelsels tans kan hanteer.

So, wat presies beteken volhoubaarheid vir die Universiteit Stellenbosch (US)? "Volhoubaarheid is 'n onmisbare element van die universiteit se *Institusionele Voorneme en Strategie*," sê dr Barbara Pool, Direkteur: Projekte, wat die Volhoubaarheidsinisiatief bestuur.

"Die universiteit moet let op die ekologiese voetspoor wat sy werksaamhede op die omgewing laat. Dit sluit ons navorsing asook ons fasiliteite soos geboue, proefplase en tuine in," voeg sy by.

Volhoubaarheid verwys ook na die impak van werksaamhede op mense, die samelewing en die ekonomie. "Dit geld veral vir ons as 'n universiteit, want ál ons kernbedrywighede – leer en onderrig, navorsing en sosiale impak – is op mense gerig," sê Pool.

In antwoord op hierdie volhoubaarheidsdoelwitte bedryf die universiteit verskeie inisiatiewe met die oog op waterbesparing, herwinning, energiebesparing en mobiliteit. "Daarbenewens het ons 'n aantal ander opwindende projekte wat reeds vrugte afwerp, soos die bewaring van berggebiede, gereelde boomplant-inisiatiewe, 'n 'eko-laan' op ons Tygerberg-kampus, en die uilhokprojek op die Stellenbosch-kampus," sê Pool.

Tygerbergkampus is geleë in 'n gebied waar Kaapse Vlakte-sandfynbos histories voorgekom het. Tog het snelle verstedeliking dié plantegroei dermate uitgewis dat slegs 15% oorgebly het, waarvan net 5% in 'n goeie toestand is.

Toe die studentekoshuis Huis Ubuntu

op die Tygerberg-kampus gebou is, het dit 'n geleentheid gebied om nuwe tuine om die gebou aan te lê. In oorleg met plantkundiges van die Stad Kaapstad en die Platteklouf-erfenisterrein is 'n verskeidenheid spesies uit die Kaapse Vlakte-sandfynbosgroep gekies om langs 'n nuwe eko-laan te gebruik.

"Die gedagte met die eko-laan is dat studente, personele en besoekers op die kampus kan rondbeweeg op 'n roete wat deur plaaslike fynbos loop. Tot dusver is sowat 250m van die eko-laan aangelê, en sal 'n geraamde 1km uiteindelik beskikbaar wees sodra fase 3 van die projek voltooi is. Die einddoel is dat die eko-laan om die hele kampus sal loop," sê Meg Hamilton, Omgewingsbestuurder in die US se Afdeling Fasiliteitsbestuur.

Dieselfde endemiese tema is na alle nuwe landskappe op die Tygerberg-kampus uitgebrei en enige nuwe plante wat gebruik word, moet uit die lys spesies kom waarop daar saam met die plantkundiges van die Stad Kaapstad en die Platteklouf-erfenisterrein besluit is. 'n Geskatte 5030m² van die kampuslandskap is nou endemies, wat Tygerberg uiteensleglik 'n "groen" kampus maak.

Van die plante wat in die fynbos-gebiede op kampus aangetref word, is proteas, restio's (*Restionaceae*), asters en erikas (heide). Inheemse jaarplante en -bolle is ook volop in die lente.

Afgesien van die natuurskoon van die fynbos, hou dit ook 'n aantal voordele in. Kaapse Vlakte-sandfynbos is natuurlik aangepas by die plaaslike klimaat. Dít beteken dit vereis minder water in die somermaande en kan ook die nat Kaapse winters deurstaan.

"Die fynbos dra ook by tot die biodiversiteit van die omgewing deur 'n groen korridor in 'n oorwegend stedelike gebied te skep en sodoende voëls en ander diere wat natuurlik in dié streek voorkom hierheen te lok. Daarom moet ons nou minder

plaagdoders te gebruik, want die plaaslike fauna tree as natuurlike roofdiere op," sê sy.

Ideaal beskou, is 'n ekologies volhoubare kampus een waar geen chemiese gifstowwe gebruik word om plae te beheer nie. Een manier om hierdie dilemma te hanteer is om meer roofvoëls na die kampus te lok sodat minder gifstasies vir die beheer van rotte, muise en ander knaagdiere gebruik moet word. Dít was dan ook die beweegrede vir die uilhokprojek op Stellenbosch-kampus.

"Steenuele en nonnetjiesuile teel aan in die stedelike groenstreek wat deur die meeste Wes-Kaapse voorstede loop. Om hierdie uile na Stellenbosch-kampus te lok, is tien uilhokke in 2012 en 2013 verspreid oor die kampus aangebring. Die gedagte is om die voëls van broeiplekke in die kampuistuine te voorsien," sê Hamilton.

Uilpare sal hopenlik uiteindelik hierdie kunsmatige ruimtes gebruik om hulle kleintjies in groot te maak, wat knaagdiere en verskeie insekspesies sal help beheer sonder dat skadelike chemikalieë gebruik moet word.

"Jong uile wat in hierdie hokke grootword, sal hierheen terugkeer om hul eie kleintjies groot te maak. Hierdie kenmerk, wat as sogenaamde 'geboorteherkenning' bekend is, sal na verwagting selfs méér voëls na die omgewing van die uilhokke lok," verduidelik Hamilton.

Hoewel 'n paar steenuile al op kampus opgemerk is, moet nonnetjiesuile nog hulle verskyning maak. Hopelik sal 'n hele paar uile die hokke as 'n teeleksien en binnekort daarin begin broei.

"Die universiteit se Volhoubaarheidsinisiatief bied reeds verskeie voordele vir die omgewing, mense én ons finansiële lewensvatbaarheid. Daar is nog baie om te doen, maar met soveel rolspelers wat geesdriftig saamwerk, kan die universiteit na 'n baie lang en volhoubare toekoms uitsien," reken Pool.

Die Eko-laan op die Tygerberg-kampus

Foto: STEFAN ELS

GEDUGTE VENNOTE

Die Universiteit Stellenbosch het reeds vir byna 20 jaar 'n samewerkingsvennootskap met Leipzig-Universiteit in Duitsland – en as 'n mens daar besoek aflê, kom jy gou die vele ooreenkomste tussen dié twee instellings agter.

Deur **WAYNE MULLER**

Soos vele Europese stede is Leipzig in Duitsland se stadskern vol eeue oue geboue en klipstrate. Maar aan die Augustusplatz staan die imposante Augusteum en Paulinum, moderne glasgeboue waar eens die universiteitskerk (ingewy in 1240) gestaan het wat die Tweede Wêreldoorlog oorleef het maar in 1968 deur die kommunistiese bewind vernietig is.

Vandag huisves die indrukwekkende glasstruktuur kantore van Leipzig Universiteit, asook 'n saal in die styl van die eertydse Pauliner-kerk. Boonop is dit 'n landmerk in die stad – byna soos die Universiteit Stellenbosch (US) se kenmerkende Ou Hoofgebou.

Leipzig-Universiteit is oud. Dit is reeds in 1409 gestig en het oor 600 jaar een van Duitsland se voorste akademiese instellings geword. Al is die US omtrent vyf eeue jonger, het die twee instellings op die oog af veel in gemeen. Soos die US lê Leipzig-Universiteit ook versprei oor die middestad en 'n sentrale plein is vir studente 'n plek van uitspan en opinies lug, soos die US se Rooiplein.

Maar die ooreenkomste gaan egter dieper. Ná die val van die Berlynse Muur in 1989 en die skep van 'n verenigde Duitsland moes Leipzig-Universiteit – wat van 1953 tot 1991 tydens die kommunistiese bewind as die Karl

Marx Universiteit Leipzig bekend was – herposisioneer. Juis in dieselfde era het Suid-Afrika sy pad na demokrasie begin loop en moes die US eweneens herposisioneer.

Sedert 1997 bou hierdie twee universiteite aan 'n vennootskap wat vandag studente- en personeelmobiliteit, navorsingsprojekte, gesamentlike graadprogramme en spesiale akademiese aanstellings insluit. Byna 20 jaar later is die US steeds Leipzig se enigste Suid-Afrikaanse vennootinstelling.

Dr Svend Poller van Leipzig Universiteit se Internasionale Sentrum sê die soeke na 'n Suid-Afrikaanse vennoot het in 1996 reeds begin en 'n afvaardiging van Leipzig het toe die land besoek.

“In die 1990's het Leipzig-Universiteit sy venster na die wêreld geopen. Suid-Afrika was in 'n soortgelyke situasie as Duitsland, hoewel tog uit 'n ander oogpunt. Transformasie van samelewings was die sleutelwoord. Dís hoekom ons op Suid-Afrika en die US besluit het as ons vennoot vir hierdie transformasieproses,” sê Poller.

Robert Kotzé, Senior Direkteur van die US se Nagraadse en Internasionale Kantoor, meen die vennootskap maak 'n impak op institusionele vlak by die US omdat dit tot nuwe denke oor gesamentlike en

BYNA 20 JAAR LATER IS DIE U.S. STEEDS LEIPZIG SE ENIGSTE SUID-AFRIKAANSE VENNOOTINSTELLING

dubbelgraadprogramme gelei het. Dit het ook tot bande met ander Europese universiteite gelei, soos die Universiteite van Graz, Ljubljana, Bologna, Utrecht en Antwerpen.

Poller reken die sukses van hierdie vennootskap lê dieper. “Aan die een kant is dit 'n kombinasie van institusionele en volhoubare samewerking, spesifiek as ons kyk na gesamentlike graadprogramme. Aan die ander kant gaan dit oor 'n diepe verstaan van mense, van vriende, wat oor die jare ontwikkel het.”

As hoogtepunte sonder Poller en Kotzé die gesamentlike M-graad in Duits as Vreemde Taal, die gesamentlike PhD in Globale Studies van Stephanie



Rita Griebenow en
Mikail Barnard

Rita Griebenow en Mikail Barnard is twee US-studente wat vanjaar by die Leipzig Universiteit 'n studente-uitruilgeleentheid meegemaak het.

Griebenow, wat in Metanoia-koshuis op Stellenbosch woon, het 'n semester in Leipzig deurgebring en aan haar meestersgraad in Ingenieurswese gewerk.

“Dit was 'n leersame en genotvolle ervaring. Die lewe hier is maklik, maar tog as 'n Suid-Afrikaner mis jy die diversiteit en die feit dat ons altyd openlik praat en kwessies aanspreek.

WAT SÊ STUDENTE

“Ek moet sê Leipzig is in die algemeen 'n stil stad – mense is stil op straat – vergeleke met ons gul Suid-Afrikaners,” sê sy.

Ook vir Barnard, wat 'n meestersgraad in Globale Studies doen, is die uitruilgeleentheid 'n verrykende ervaring. Hy het in Oktober 2015 begin en sal twee jaar in Leipzig spandeer.

“Om Kerstyd hier deur te bring was 'n belewenis. Ek vind dat hier tog diversiteit is, veral wat musiek en die kunste betref,” sê Barnard.

Jane Moros van Leipzig-Universiteit se Internasionale Sentrum sê hulle poog om 'n verwelkomende omgewing vir internasionale studente te skep.

Baumert wat onder leiding van prof Jan Botha 'n proefskrif oor internasionalisering aan die US geskryf het, asook verskeie besoeke van rektore en werksinkels uit.

“Maar dis nie soseer die hoogtepunt wat tel nie, maar die kontinuïteit en verskeidenheid van uitruilprogramme wat hierdie vennootskap spesiaal maak,” meen Poller.

Soos daar tans in Suid-Afrika op kampus debatte is oor diversiteit, praat Leipzig-Universiteit nou ook daaroor. Die dag voor my vertrek uit Leipzig neem ek deel aan 'n paneelbespreking oor diversiteit – die rol van vroue in die akademie, eerste-generasie werkersklas-kindere wat universiteitstudie aanpak, asook die impak van Siriese vlugteling in Duitsland is op die agenda.

Dit is 'n verrykende debat wat verskillende sienings van diversiteit aan die lig bring. Wat duidelik is, is dat die US en Leipzig-Universiteit – seker oor ons soortgelyke geskiedenis – veel in gemeen het en vir jare nog kan saampraat en saamdink.



IRMA KNIPE
P R O P E R T I E S

Kantoor: +27 21 886 42108
Selnommer: +27 (0)83 651 0390
info@irmaknipeproperties.co.za
www.irmaknipeproperties.co.za

STELLENBOSCH R15 000 000



Bedrooms 4 Bath 3 WEB 13371202
KARINDAL. Joint mandate. Tucked away in a cul de sac on the banks of the Eerste River. Specially designed for the larger family. Spacious entertainment areas lead onto a patio facing a lush garden. An exceptional location. Irma 083 651 0390

STELLENBOSCH R3 350 000



Slaapkamers 3 Bad 2 WEB 13235900
DIE BOORD. Geleë in baie stil deel van Die Boord. Ruim gesinswoning met noordfront woonvertreke. Studeerkamer. Oopplan kombuis. Irma 083 651 0390

STELLENBOSCH R1 395 000



Bedrooms 2 Bath 1 WEB 13279768
DE WATERGRACHT. Student living at its best. Two bedroom apartment with SU literally across the street. Complex newly painted. Underground parking bay. Close to all amenities. Louise 083 549 5521

STELLENBOSCH R1 395 000



Bedrooms 3 Bath 1 WEB 3296950
AKKERHOF. Sole Mandate. Student living ±350m away from the Stellenbosch University. Lovely patio and covered parking bay. Swimming pool and braai facilities. Louise 083 549 5521

STELLENBOSCH R8 500 000



Bedrooms 4 Bath 4 WEB 1325718
KOLONIESLAND. This remarkable family home with an open plan design holds the promise of a relaxed lifestyle. Quality finishes and great entertainment ambience. Walking distance to CBD. Dawid 082 323 8110

STELLENBOSCH R2 650 000



Bedrooms 2 Bath 1 WEB 13374545
CHRISTELLAHOF. Joint Mandate. Ground floor flat cleverly converted into a two bedroom apartment with enclosed balcony and lock up garage. The best address in Victoria Street opposite Dagbreek. Irma 083 651 0390

STELLENBOSCH R750 000



Slaapkamers 2 Bad 1 WEB 3042920
DIE RAND. Alleenmandaat. Twee slaapkamer grondvloer woonstel. Reggeprys om vinnig te verkoop. Goeie sekuriteit. Charles 082 658 9797

WOONSTELLE TE HUUR VIR 2017

Ons doen verhuurings van residensiële eiendomme in Stellenbosch. Kontak ons vir meer besonderhede van woonstelle op en naby kampus te huur.

Indien u 'n woonstel besit, kan ons dit ook vir u verhuur teen 'n mededingende bestuursfooi.

Besoek ons webtuiste vir meer inligting of kontak ons by rentals@irmaknipeproperties.co.za

STELLENBOSCH R4 350 000



Bedrooms 3 Bath 3 WEB 13369097
DIE BOORD. Sole Mandate. Residence with charm and space. Great value for money. Modern north facing family home with lovely open plan entertainment area. Separate flat or office to work from home. Irma 083 651 0390

STELLENBOSCH R1 080 000



Slaapkamers 2 Bad 1 WEB 562427
DIE RAND. Netjiese twee slaapkamer meenthuis met patio, motorhuis en parkering. Ideaal vir die senior student. Louise 083 549 5521

STELLENBOSCH R1 350 000



Bachelor Bath 1 WEB 13331326
HET BEGIJNHOF. Spacious bachelor apartment with central campus on your doorstep. Balcony. Excellent security. Parking bay. Irma 083 651 0390

STELLENBOSCH R1 095 000



Slaapkamers 2 Bad 1 WEB 3134429
EIKENWATERS. Ruim woonstel met groot noortfront oopplan leefvertrek. Twee motorparkeerplekke. Ongeveer 500m vanaf kampus. Goeie sekuriteit. Charles 082 658 9797



'N GESONDE 60 JAAR

In 2016 het die Universiteit Stellenbosch se Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe sy 60ste verjaardag gevier. Stap saam deur 'n reis vol hoogtepunte en prestasies.

Deur **WILMA STASSEN**



1956

Die Universiteit Stellenbosch (US) se Fakulteit Geneeskunde (soos dit toe bekend gestaan het) word tot stand gebring. Dit was geleë in 'n eenvoudige gebou naby die Karl Bremer-hospitaal, wat van 1956 tot 1973 die fakulteit se opleidingshospitaal was.



1963

Die US begin 'n BA-graad in verpleegkunde aanbied.

1966

Opleiding in Fisioterapie begin by die US in 'n enkele klaskamer op die Stellenbosch-kampus.

1971

Die Fakulteit Tandheelkunde word tot stand gebring op die Tygerberg-kampus.

Die eerste geboue word voltooi op die Tygerberg-kampus en word amptelik in 1975 geopen.

1974



1984

Die vorige hoof van die Departement Verloskunde en Ginekologie, Prof Thinus Kruger, behaal sukses met Suid-Afrika se eerste "proefbuisbaba".

1961



Die eerste groep van 19 mediese student vang graad. In die foto in die voorste ry, derde van regs, is die destydse rektor van die universiteit, prof HB Thom, en aan sy regterkant is die eerste dekaan van die fakulteit, prof Francie van Zijl. In 1961 word ook die Afdeling Arbeidsterapie tot stand gebring, wat die US die eerste instelling in die Kaap maak wat arbeidsterapie-opleiding aanbied.

1988

Opleiding in spraak-, taal- en gehoortherapie word bekendgestel by die fakulteit.

1990

Die Sentrum vir Rehabilitasiestudies word deur prof Chris Wicht begin, die voormalige hoof van die Departement Gemeenskapsgesondheid by die US.

1991

Die Departement van Menslike Voeding word tot stand gebring.

1999

'n Nuwe MB,ChB-program word geïmplementeer om opleiding te verskaf met die fokus op die gesondheidsbehoefte van die bevolking binne die sosio-ekonomiese realiteite van Suid-Afrika.

2001

Die Ukwanda Sentrum van Landelike Gesondheid word tot stand gebring om as platform te dien vir die desentralisering van opleiding vir die mediese en verwante gesondheidsvelde. Ukwanda se eerste diensopleidingsfasiliteite is in 2002 in Worcester bekendgestel, en het sedertdien uitgebrei om verskeie ander areas in die Wes- en Oos-Kaap in te sluit.



2003

Die Sentrum vir Tuberkulose Navorsing en Opleiding word tot stand gebring, en word in 2004 herbenoem na die Desmond Tutu Tuberkulose Sentrum toe Emeritus-Aartsbiskop Desmond Tutu, wat aan tuberkulose as 'n kind gely het, 'n beskermheer van die sentrum geword het. Terselfdertyd het prof Nulda Beyers en prof Paul van Helder mededirekteurs van die Desmond Tutu TB Sentrum geword.

2006

'n Herstruktureringsproses verminder die fakulteit se 33 departemente na 10.



2000

Die fakulteit bring die Simulasie en Kliniese Vaardighede Laboratorium tot stand, waar studente basiese vaardighede kan oefen op realistiese anatomiese modelle en gerekenariseerde simulators.

2006

Die Sentrum vir Onderrig in Gesondheidswetenskappe (nou die Sentrum vir Gesondheidsberoepsopvoeding) word tot stand gebring.



2012

'n Satellietkampus maak sy deure oop op Worcester en dien as 'n sentrale sentrum vir die Ukwanda Landelike Skool. Die destydse US-rektor, wyle prof Russel Botman, Dekaan prof Jimmy Volmink, Wes-Kaapse premier Helen Zille, en Basil Kivedo van die Breedevallei-munisipaliteit woon die opening by.

2015

Die wêreld se eerste suksesvolle penisoorplanting word uitgevoer deur 'n span chirurge van die fakulteit onder die leierskap van prof André van der Merwe.



2016

Die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe vier sy 60ste verjaarsdag!

DEKANE OOR DIE JARE

1956–1971: Prof Francie van Zijl was die eerste dekaan van die fakulteit.

1971–1984: Prof Andries Brink

1984–1993: Prof HP Wasserman

1993–1995: Prof JP du Toit

1995–2001: Prof Jan Lochner

2001–2011: Prof Wynand van der Merwe

2011: Prof Jimmy Volmink is die huidige dekaan van die fakulteit.



BOORDENSVOL GEESDRIF

Al beperk heupdisplasie Samantha Stander, 'n mediese student aan die Universiteit Stellenbosch, se vermoë om te beweeg, keer dit haar geensins om padwedlope en fietswedrenne kaf te draf nie.

Deur **WILMA STASSEN**

Om struikelblokke te oorkom is 'n daaglikse oorwinning vir Samantha Stander, 'n tweedejaar mediese student van die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe aan die Universiteit Stellenbosch (US). Die 23-jarige is gebore met erge

oorerflike ontwikkelingsdisplasie in albei heupe – 'n toestand wat haar heupe se belyning affekteer.

Stander se toestand is so ernstig dat dokters vir haar ma gesê het dat sy nooit sal kan loop nie.

Vandag loop hierdie vasberade jong vrou nie net nie, maar sy neem gereeld

aan hardloop- en fietswedrenne deel.

Vroeër vanjaar het sy twee hindernisbane voltooi, genaamd "The Grind", waar sy nie net 5km moes hardloop nie, maar ook oor mure moes klouter, deur modder moes kruip, en deur watgate moes swem (om net 'n paar van die sowat 20 hindernisse te

OM AAN SPORT DEEL TE NEEM EN SUKSESVOL DAARIN TE WEES HET REGTIG MY SELFVERTROUE 'N HUPSTOOT GEGEE

noem) om die eindstreep te bereik.

Stander, wat in die Oos-Kaapse dorp Cradock grootgeword het, sê "The Grind" was beslis van die moeilikste wedlope wat sy al ooit aan deelgeneem het. "Dié hindernisbaan daag elke deel van jou lyf uit – jou bene, arms en selfs jou verstand."

Weens haar heupdisplasie het Stander beperkte gebruik van haar bene en dit is moeilik en soms pynlik om te beweeg. Tans kan sy net kort afstande hardloop en wissel sy tussen hardloop en stap wanneer sy aan wedlope deelneem.

In haar kinderjare terwyl haar lyf steeds ontwikkel het, is sy nie toegelaat

om aan enige sport deel te neem nie, en het toe vir die eerste keer in haar lewe in 2015 aktief geword. "Ek dink die enigste werklike gestremdheid is 'n slegte houding," sê Stander in haar vrolike en opgewekte manier.

"Ek oortuig myself die heelyd dat ek die wedlope moet voltooi. Ek het geen verskoning om nie oor die eindstreep te kom nie, al moet ek myself soontoe sleep," erken Stander.

Sy het nou haar oog op die Kaapstadse Fietstoer wat in Maart volgende jaar plaasvind. Hierdie veeleisende 109km padwedren is berug vir sy aantal heuwels, insluitend Chapman's Peak-weg en die Suikerbossie-heuwel in Houtbaai.

Ter voorbereiding vir die geleentheid ry Stander tot 100km fiets per week en dit sluit minstens 1km van heuwel-oefeninge in. Sy het reeds heelwat korter fietswedrenne voltooi.

"Ek geniet fietsry ontsettend. Dit plaas minder druk op my heupe as om te hardloop, maar dit het wel ander

uitdagings," sê Stander terwyl sy na haar geskaafde elmboog en gekneusde knie beduie wat sy tydens 'n onlangse val met die bergfiets gekry het.

Een keer per week dans sy boonop by die Maties Dansvereniging wat Latyns-Amerikaanse en baldansklasse op die Tygerberg-kampus aanbied.

"Om aan sport deel te neem en suksesvol daarin te wees het regtig my selfvertroue 'n hupstoot gegee," sê Stander. "Maar ek kon dit nie doen sonder die ondersteuning van al die mense wat in my glo nie – dit maak dit makliker om in jouself te glo."

Met daardie ware "Samantha-geesdrif" is dit geen wonder nie dat sy nou oorweeg om, benewens hardloop en fietsry, ook swem aan te pak.

En dan erken sy dat ook driekamp in haar visier lê.

"Die idee mag dalk vergesog klink, maar die blote gedagte dat ek 'n resies kon hardloop of aan die Kaapstad Fietsrytoer deelneem, was ook 'n jaar gelede ondenkbaar."

WAT IS DISPLASIE?

Oorerflike heupdisplasie gebeur wanneer 'n baba met 'n onstabiele heup gebore word weens die abnormale formasie van die heupgewrig tydens die vroeë stadiums van fetale ontwikkeling. Die onstabiliteit vererger soos wat die kind grootword. Die koeëlgewrig in hul heup mag soms uitglip.

In baie gevalle is die oorsaak van displasie nie bekend nie, maar bydraende faktore sluit in lae vlakke van vrugwater in die baarmoeder, wanneer 'n baba met heupe eerste gebore word, en 'n familiegeskiedenis van die toestand. Om te lank in die uterus te bly mag ook displasie veroorsaak of daartoe bydra.

In babas jonger as ses maande word displasie met 'n harnas behandel wat hul heupgewrigte terug in die potjies druk. Die baba kan die harnas vir ses tot 12 weke dra, afhangend van hul ouderdom en die erns van die toestand. As die behandeling met die harnas onsuksesvol is, mag die kind 'n operasie benodig om die heupgewrig terug in die potjie te wikkel, of om die sening te verleng en ander hindernisse te verwyder voordat die heup herposisioneer kan word.

As die kind ouer as 18 maande is en nie goed tot behandeling reageer het nie, mag hy of sy 'n operasie benodig om die heupe te rekonstrueer.

Bron: Healthline

Lwazi Madi, Maties waterpolospeler, doen 'n oogkoördinasietoets by die US Hoëprestasie-eenheid met die hulp van Grant van Velden van die Sporttegnologie-eenheid.

OP DIE HOOGSTE SPORT

Voorpunt-tegnologie by die Universiteit Stellenbosch se Hoëprestasiesporteenheid help dat Maties se sportlui van die beste in die land word.

Deur **PIA NÄNNY**

Charl du Toit is 'n Paralimpiese gouemedalje-wenner en wêreldrekordhouer.

Mariske Strauss is die Afrika-bergfietskampioen. Alexander Ham is deel van 'n Olimpiese seilvaart-oefengroep. Justine Palframan is 'n Olimpiese atleet en wêrelduniversiteitkampioen. Sasha-Lee Petersen is 'n SA o.21-netbalspeler. Lwazi Madi verteenwoordig Suid-Afrika in waterpolo.

Wat het hierdie sportsterre gemeen?

Hulle is almal IMAS-beurshours ('n Engelse akroniem vir "Integrated Medicine and Science") en baat só by Maties Sport se Hoëprestasie-program.

Die idee van 'n Hoëprestasie-eenheid (HP-eenheid) binne Maties Sport is in 2012 vir die eerste keer getoets en het twee jaar gelede in werking getree. Hierdie eenheid wil uitblinkers in sowel span- as individuele sportsoorte werf en ontwikkel, en die akademiese sukses van sportsterre fasiliteer deur middel van verskeie ondersteuningsprogramme.

Sean Surmon, 'n alumnus van die Departement Sportwetenskap by die Universiteit Stellenbosch (US), is in September 2016 amptelik as hoof van dié eenheid aangestel.

"Ons doelwit is om 'n holistiese en geïntegreerde benadering te volg om die prestasie van studente-sportlui

te verbeter en om hulle optimaal voor te berei om aan sport deel te neem. Die bystand fokus hoofsaaklik op drie kern-areas: sportmedisyne, prestasieverbetering en bemagtiging."

Sportmedisyne behels dat studente-sportlui wat deel is van die Maties Sport Hoëprestasie-program toegang kry tot dienste wat deur 'n verskeidenheid sportmedisyne- en gesondheidsorg-diensverskaffers voorsien word. Kampusgesondheidsdiens bied onder meer 'n sportbeseringsklinik en studente-sportlui wat lid is van 'n Maties-sportklub kan die kliniek besoek as hulle 'n nuwe besering het wat tydens 'n oefening of 'n wedstryd opgedoen is.

Op die gebied van prestasie-verbetering bied Maties Sport aan studente-atlete geleenthede om as sportman of -vrou te verbeter. Hulle het toegang tot die Maties Gimnasium met fasiliteite vir krag- en fisieke kondisionering. Die Sporttegnologie-eenheid word ook ingespan om seker te maak oefensessies is doeltreffend.

Bemagtiging verwys na die holistiese ondersteuning wat aan studente-sportlui, afrigters en sportbestuurders gebied word. Een van die hoofelemente van hierdie kern-area is die PACER-program (PACER is 'n Engelse akroniem vir "persistence, achievement, commitment, effort and resilience"). Dié program is gewortel in die visie dat studente-sportlui se sukses nie net aan sportprestasies gemeet moet word nie, maar ook aan akademiese vordering, persoonlike bemagtiging en gemeenskapsbetrokkenheid.

Verskeie werksessies is al vanjaar vir studente-sportlui aangebied met 'n klem op studievaardighede, denkvaardighede en vaardighede om te floreer.

Studente-sportlui kan op twee maniere by die HP-program betrek

ONS DOEL IS OM 'N HOLISTIESE BENADERING TE VOLG OM DIE PRESTASIE VAN STUDENTE-SPORTLUI TE VERBETER

word. Uitnemende sportpresteerders word geïdentifiseer om IMAS-beurse te ontvang. Dié beurs verskil van ander Maties Sport-beurse deurdat dit nie 'n finansiële inspuiting in jou studenterekening behels nie. Die beskikbare hulpbronne word eerder gebruik om 'n spesiale program vir die spesifieke student te beplan om sy of haar prestasie te bevorder.

Toppresteerders in enige sportkode word deur afrigters benoem en die finale aanwysing word deur 'n keuringskomitee gedoen. Altesame 13 IMAS-beurse is in 2016 toegeken.

Die meeste studente-sportlui baat egter by die HP-program deur aan 'n HP-sportkode deelgeneem. Die geïdentifiseerde HP-sportkodes is atletiek, basketbal, fietsry, hokkie, krieket, netbal, parasport, rugby, sokker en swem. Deur hul betrokkenheid by een van hierdie sportkodes kry studente toegang tot onder meer

krag- en kondisioneringsprogramme, denkvaardigheidopleiding en die voordele wat die sporttegnologie-eenheid bied.

Die verwagting is dat HP-sportkodes een van die topdrieplekke in universiteitskompetisies soos Varsity Cup, Varsity Sport of USSA sal behaal.

Dit is geen geheim dat Maties Sport'n dominante posisie in fokussportsoorte wil behaal op tersiêre, nasionale en internasionale vlak; sportmans en -vroue van wêreldgehalte wil ontwikkel en 'n uitstekende ervaring van universiteitsport wil bied nie.

"Ons wil studente ondersteun om na die beste van hul vermoë te presteer. Dit is die waarborg wat ons graag aan studente-sportlui wil gee: Sluit by Maties aan, en jy sal verbeter.

"Jy sal 'n gerekende graad verdien, jy sal jou sport kan beoefen, jy sal ondersteuning ontvang en jy sal pret hê," sê Surmon.

Foto: STEFAN ELS

TEGNOLOGIE DRA BY TOT DOELTREFFENDHEID

Om 'n studente-sportster se fisieke werkklading op universiteitsvlak te bestuur is baie belangrik vir Maties Sport se Hoëprestasie-eenheid (HP-eenheid).

Die VX Sport GPS-nasporingstelsel is een van die baie instrumente wat deur Maties Sport se HP-eenheid ingespan word om seker te maak dat spanne en atlete slimmer en meer doeltreffend oefen.

"Die VX Sport GPS-stelsel laat ons toe om te meet hoe ons speel of oefen. Noudat ons toegang het tot die getalle en statistieke oor hoe ons speel, gee dit ons die geleentheid om krities te kyk na hoe doeltreffend ons ons spanne of studente-sportlui afrig," verduidelik Grant van Velden van die Sporttegnologie-eenheid.

"Studente-sportlui is eerstens studente en dan atlete, daarom is hul akademiese verpligtinge gedurende die dag hul prioriteit. Dit laat ons met miskien twee uur se oefentyd in die laatmiddag/vroeë aand, twee tot drie keer per week. Met hierdie beperkte kontaktyd moet ons slim en doeltreffend afrig. Deur die statistieke en getalle te gebruik wat ons van die GPS-eenhede af kry, weet ons presies wat

ons in 'n spesifieke oefensessie moet doen en kan ons die oefensessie ontwerp om daardie doelwitte te bereik."

Die HP-eenheid het tans 30 VX Sport GPS-eenhede – waarvan 15 "regstreekse" eenhede is.

"Regstreeks beteken dat ons gedurende 'n wedstryd dadelik kan sien wat met 'n speler op die speelveld gebeur. Onmiddellike veranderinge kan dan gemaak word as 'n speler tekens van moegheid toon of nie sekere fisieke mikpunte haal wat hy of sy gewoonlik in 'n wedstryd sou behaal nie."

Dit is belangrik om GPS-data saam met video-data te interpreteer.

"Die GPS-data kan wys dat 'n speler 9km op die hokkieveld gehardloop het – wat baie is – maar dan sal die video wys dat hy dié afstand behaal het sonder om die spel noemenswaardig te beïnvloed. 'n Ander speler mag dalk net 7km aflê, maar sy of haar invloed op die spel is baie meer deurslaggewend. Die statistieke moet saam met die video-data geïnterpreteer word en dít is waarom video-ontleding self ook belangrik is." – EUNICE VISAGIE



SPORT SONDER BESERINGS

Die werk van navorsers van die Universiteit Stellenbosch se Instituut vir Sport- en Oefeninggeneeskunde by die afgelope 2016 Paralimpiese Spele in Rio de Janeiro sal dalk sorg dat dié deelnemers in die toekoms minder beserings opdoen en ge-

Deur **WILMA STASSEN**

Die Instituut vir Sport- en Oefeninggeneeskunde (ISOG) by Maties is aan die spits van 'n groep internasionale navorsers wat die beserings en siektes wat by die Paralimpiese Spele opgedoen word, bestudeer om toekomstige byeenkomste veiliger vir atlete te maak.

“Deur 'n groot groep atlete soos hierdie te bestudeer — meer as 3 500 atlete het aan die Spele in Rio deelgeneem — kan ons risikofaktore vir siektes en beserings identifiseer, wat ons in staat stel om voorsorgmaatreëls in werking te stel,” sê prof Wayne Derman, Direkteur van ISOG aan die Universiteit Stellenbosch (US) se Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe.

ISOG het 'n memorandum van verstandhouding met die Internasionale Paralimpiese Komitee (IPK) gesluit om data in te samel en te ontleed oor beserings en siektes wat opgedoen is by die 2016 Paralimpiese Spele in Rio de Janeiro, asook die daaropvolgende Winter- Paralimpiese Spele in 2018 in PyeongChang (Suid-Korea) en die Paralimpiese Spele in 2020 in Tokio (Japan).

Die studie word gedoen in samewerking met Harvard Universiteit (Amerika), die Universiteit van Brighton (Brittanje) en die Universiteit van Pretoria (Suid-Afrika).

Die navorsing sal nie net op sportverwante beserings fokus nie, maar alle beserings en siektes wat tydens die Spele opgedoen word en 'n impak op sportprestasies kan hê.

“'n Besering of siekte hoef nie met sport verband te hou om 'n impak op 'n atleet se prestasie te hê nie. Tandpyn kan jou byvoorbeeld blitsig van 'n held tot 'n nul op kontrak omskep en jare van voorbereiding tot niet maak,” sê Derman, wat ook die spandokter vir die Paralimpiese span by Maties is. Hy was by soortgelyke navorsing betrokke tydens die Winter- Paralimpiese Spele in 2014 in Sotsji en die Londense Paralimpiese Spele in 2012.

Data vir die studie word deur 'n webgebaseerde stelsel wat deur ISOG

ontwerp is, ingesamel. Al die dokters wat die deelnemers na die Spele vergesel, teken die beserings en siektes aan. Benewens dat dit die aantal atlete wat geraak word meet, hou die stelsel ook rekord van die tydsduur en ander besonderhede van die beserings of siekte, en meld dit in 'n aantal “atleet-dae” aan. Hierdie inligting gee insae in die graad en erns van 'n siekte of besering.

Soortgelyke studies by twee van die vorige Speles het interessante uitslae gelever. Luidens 'n studie wat in die *British Journal of Sports Medicine* (2013:47) verskyn het, het atlete wat deelgeneem het aan 5-aan-'n-kant-voetbal (“blinde sokker”), kragoptel en doelbal die meeste beserings van al die sportsoorte by die 2012 Londense Paralimpiese Spele opgedoen.

“Die meeste beserings wat met 5-aan-'n-kant-voetbal opgedoen is, het verband gehou met vuilspel, en die deel van die liggaam wat die meeste beseer is, was die onderste ledemate,” sê Derman, wat betrokke was by hierdie navorsing.

Die algemeenste siektes tydens die 2012 Londense Paralimpiese Spele het die lugweg- en spysverteringstelsels, asook die vel geraak.

Derman het die navorsing gelei wat die voorkoms van beserings en siekte tydens die 2014 Sotsji Winter-Paralimpiese Spele ondersoek het. Hierdie navorsing is gepubliseer in 'n tweedelige reeks in die *British Journal of Sports Medicine* (2016).

“Die navorsing het getoon dat Paralimpiese deelnemers 'n groter risiko loop vir beserings en siektes as Olimpiese atlete, en ook dat die Winterspele gevaarliker is as die Somerspele,” sê Derman. Die voorkoms van beserings wat opgedoen is tydens die Winterspele (26,5 beserings/1 000 atleet-dae) is meer as dubbel die voorkoms by die Somerspele (12,7 beserings/1 000 atleet-dae).

ONS DATA LIG SPORTSORGANISASIES, AFRIGTERS EN DEELNEMERS IN OOR DIE RISIKOFAKTORE

Daar was 'n aansienlik hoër voorkoms van beserings (41,1 beserings/1 000 atleet-dae) met Alpe-ski/sneebord tydens die 2014 Winterspele by Sotsji in vergelyking met die vorige Winterspele. Die navorsers skryf die hoë aantal beserings toe aan warm weerstoestande wat die sneeu laat smelt het.

“Ons data lig sportsorganisasies, afrigters en deelnemers in oor die risikofaktore wat verband hou met wintersport vir deelnemers met gestremdhede. Die identifisering van risikofaktore lê die grondslag vir programme om beserings te voorkom by die deelnemer, asook op die vlak van organisasies,” sê Derman.

ISOG se navorsers werk egter nie net daaraan om die Spele veiliger te maak vir alle Paralimpiese atlete nie, maar hulle gebruik ook hul vernuf om die gesondheid en prestasie van Paralimpiese atlete in die Maties-atletiekspan te verbeter.

Die ISOG-navorsers en -biokinetikus dr Phoebe Runciman het die verhouding tussen serebrale verlamming (SV) en oefening uitvoerig bestudeer. Haar navorsing het getoon atlete met SV presteer op die vlak van die kant wat die meeste deur die SV-hemiplegie (verlamming van een kant van die liggaam) geraak word. Deelnemers moet hulle derhalwe op die versterking van die swakker deel van hul liggaam toespits om hul prestasie te verbeter.

Runciman se navorsing dui voorts daarop dat gereelde oefening van jongs af voordelig vir mense met SV is en hul krag, balans, beweeglikheid en ander funksies sal verbeter.

En dan is daar dr Lara Grobler wat vir haar PhD-studies die biomeganika van prostetiese naellemmes bestudeer. Sy is ook betrokke by die monitoring en opleiding van Maties parasport-atlete.

DEAN SE VELE GEDAANTES



Op die verhoog was hy al enigiets van 'n bendelid tot 'n tienerseun. Dis geen wonder nie dat die bekroonde akteur Dean John Smith, 'n alumnus van die Universiteit Stellenbosch, gehore aangryp en pryse wen vir sy talent om uiteenlopende karakters te vertolk.

Deur **NAUDÉ VAN DER MERWE**

Dis moeilik om Dean John Smith mis te kyk. En dit het niks met sy statuur te doen nie – hy het *presence*; 'n mens sien hom raak as hy 'n vertrek binnestap. Is dit sy jeugdige energie? Sy intense groen oë? Dalk 'n kombinasie van die twee.

Maar selfbewus is hy nie. En dít maak dat 'n mens na hom wil kyk; 'n pluspunt vir enigiemand wat hom as akteur in die vermaakbedryf begewe.

Smith (22), wat in 2015 'n honneursgraad in Drama aan die Universiteit Stellenbosch voltooi het en as een van die nuwe jong talente in die bedryf gereken word, is egter nie so nuut in hierdie bedryf nie. Op skool in Malmesbury in die Wes-Kaap het hy reeds talent getoon, hoewel blootstelling aan teater nie deel van sy kinderjare was nie.

Smith se pa, John, het 'n sakeonderneming waar hy televisies regmaak. "So my pa is ook in die TV-bedryf," spot hy. "Ek sê dit altyd vir mense as hulle vra wat my pa doen, en dan wil hulle dadelik weet wie hy is en waarin hy al gespeel het."

Maar moet Smith asseblief nie vra om self 'n TV reg te maak nie; hy sal jou nie kan help nie. "Ek is *useless* as dit by *electronics* kom."

Met toneelspel is hy egter die teenoorgestelde van *useless*.

As hy terugdink aan sy kleintyd was die belangstelling in toneelspel nog altyd daar. "Daar was mos maar altyd die 'geraaskonserte' in die kleuterskool. Maar in Graad 4 was dit die eerste keer dat ek kan onthou dat ek 'n groter rol gespeel het. Ek was die prins in *Sneeuwitjie* en dit was vir my 'n *big deal*. Omdat *sneeuwitjie* 'n groot karakter is, was daar drie *sneeuwitjies*, maar net een prins. Een van die drie *sneeuwitjies* was my groot *crush*, maar daar was geen soen nie. Ek het net haar hare gekam; dit was 'n bietjie *disappointing*."

Die ervaring was egter opwindend genoeg dat dit hom bygebly het. En die verhoog is sedertdien sy tuiste. In Graad 7 het hy by 'n nuutgestigte dramagroep by die skool aangesluit, en daarna is hy na Schoonspruit Sekondêre Skool op Malmesbury, 'n fokusskool vir die kunste. So, sedert Graad 8 was sy lewe vol drama.

"Dit was nie 'n geval van óf ek dit gaan doen nie; dit was net ek gáán."

Die koeël was deur die kerk toe hy op hoërskool die Nasionale Toneelspelkompetisie gewen het. Daarna het hy as skoolkind 'n rol gekry in die toneelstuk *Vaselinetjie* en het hy met professionele akteurs soos Vinette Ebrahim die verhoog gedeel.

Baie ouers kan nogal skrikkerig raak as hul kinders in die kunste wil studeer, maar Smith s'n was nog net ondersteunend. En hulle gaan kyk gereeld sy produksies, selfs al raak dinge effens riskant, soos in die toneelstuk *A Cock 'n Bullshit Story* waarmee hy en sy mede-akteur Edwin van der Walt deur die land getoer het. Dis 'n gelaaide hervertelling van die Britse dramaturg Richard Zajdlic en Richard Crowe se storie oor 'n bokser en sy beste vriend.

Hy het die rol met albei hande aangegryp en uitstekende resensies daarvoor gekry, maar die aand toe sy familie – ouma inkluis – kom kyk het, was dinge 'n bietjie anders.

"Dit was seker een van die mees ongemaklike oomblikke op 'n verhoog vir my. My familie is eintlik glad nie teatergangers nie. Op Malmesbury is daar net nie daai kultuur nie. So, ek het hulle met tyd begin bekend stel aan die teaterwêreld. Ek dink nooit aan die mense in die gehoor nie, maar daai aand het ek! Hulle het gesê hulle gaan kom kyk. Toe dink ek oukei, maar ek waarsku julle dat daar verskriklik lelik gepraat word. My ma sê toe hulle weet mos dis 'n karakter, dis nie ek nie. Ek sê haar

toe dat al die vloekwoorde wat sy aan kan dink daarin is. En meer. Sy sê toe, 'moenie worry nie, Boeta, ek weet dis net 'n karakter'."

Dit daar gelaat. In die intieme teater is daar 'n naaktoneel waar Smith verklee op die verhoog. Klere op die vloer; alles uit. Dié oomblik het sy ma, Helen, ietwat onkant gevang.

"Net toe ek my broek en Jockey aftrek, hoor ek my ma sag en stadig sê: 'Haai, Boetie!' " Hy het gelukkig die oomblik oorleef. Sy ma ook.

Maar gelukkig het Smith al menig-male in toneelstukke gespeel wat sy ma-hulle wel geniet het: *Vaselinetjie*, *Braai*, *Die dag is bros* (waarvoor hy 'n Fiësta-prys vir beste manlike byspeler ontvang het) en *Die Gangsters*, om 'n paar te noem.

Daar is ook TV- en filmwerk op sy kerfstok. In 2016 het hy byvoorbeeld aan die 48 Hour Film Festival deelgeneem. Hy het ook 'n klein rol in die filmweergawe van *Vaselinetjie*, met Corné van Rooyen as regisseur, sy eerste fliek-ervaring gehad, en dit was baie positief.

As 'n mens rondvra, blyk dit dat mense in die bedryf net lof het vir Smith se talent en werksetiek. Die teatermaker en regisseur Nico Scheepers, wat die beligting vir *Die dag is bros* behartig het, sê: "Dean se talente ken geen perke nie, en 'n mens sou dit nie sê as hy nie op die verhoog is nie. Almal word sy beste vriend, en dis nie 'n *fake* vriendskap nie."

Daar is egter geen kans dat Smith binnekort *blasé* sal raak oor die bedryf nie. "My *excitement level* vir dinge is nog baie hoog. Met *Cock 'n Bull* was ek so opgewonde oor die *show*, maar ook omdat ek Joburg toe gegaan het! En ek *book* vir my 'n *seat* by die venster [van die vliegtuig], want ek wil uitkyk!"

As Smith weer op die verhoog is, kan jy maar gerus jou *seat book*; dis iets om te beleef.

VIR DIE LIEFDE VAN MUSIEK

Studente in die US Konservatorium se Sertifikaatprogram leer meer as net musiekteorie en om instrumente te bespeel – hulle leer om ’n loopbaan van hul passies te maak.

Deur **NAUDÉ VAN DER MERWE**

Toe ’n student uit Mdantsane in die Oos-Kaap ’n paar jaar gelede by Felicia Lesch se kantoor instap sonder enige musiekopleiding en slegs ’n onvoltooide ingenieursdiploma agter sy naam, was daar min hoop dat hy sukses sou behaal. Finansiële, akademiese en sosiaal was die bult wat hy sou moes klim baie steiler as vir die meeste studente wat toegang tot ’n akademiese program aan die Universiteit Stellenbosch (US) verkry.

Maar die krag van musiek, persoonlike deursettingsvermoë, en die strukture wat deur die US Konservatorium se Sertifikaatprogram in plek gestel is, het hom bemagtig.

Draai die horlosie ’n paar jaar aan. Dis 2014. Dieselfde student het alle verwagtinge oortref en word tydens ’n hersieningspaneelonderhoud van die program gevra of hy nou ’n suksesvolle koorleier wil word. Hy antwoord dat dit eens op ’n tyd sy droom was, maar dat ’n PhD in Musikologie nou in sy visier is.

Dis een van die vele suksesverhale van studente vir wie hierdie Sertifikaatprogram lewensveranderend was.

Lesch, wat ’n musiekgraad van die Universiteit van Kaapstad het en tans werk aan ’n PhD in Musikologie aan die US, is sedert 2005 die koördineerder van die Sertifikaatprogram. Hierdie storie is een van dié wat sy in 2014 vertel het tydens haar referaat by die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Musieknavorsing (SASRIM) oor die

impak van die Sertifikaatprogram op studente en gemeenskappe. “Maar die geskiedenis van die Sertifikaatprogram is ’n storie van verandering; as die programkoördineerder het dit ook ’n impak op my gehad,” het sy destyds by SASRIM vertel.

Die moontlikheid van ’n Sertifikaatprogram in musiek, ’n tipe oorbruggingskursus bedoel vir studente uit voorheenbenadeelde gebiede waar musiek as vak nie op skool aangebied is nie, is in 1998 deur proff Ria Smit en Hans Roosenschoon, toe onderskeidelik hoof van Musiekopvoedkunde en die Musiekdepartementshoof, ondersoek.

Aanvanklik het Stefné van Dyk en Tarnia van Zitters dit ontwerp en bestuur, waarna Albert Engel in 2001 die program oorgeneem het. Ná sy dood in 2003 het die program verskeie gedaanteverwisselings ondergaan en eindelijk het Lesch in 2005 die leiers oorgeneem. Die program ressorteer nou onder die Eenheid vir Gemeenskapsmusiek.

“Die kernfunksie van die Sertifikaatprogram is om studente voor te berei op voorgraadse programme soos ’n BMus, BA Mus of ’n Diploma in Praktiese Musiek. Maar ons wil ook hul lewensomstandighede verbeter,” sê Lesch.

Sedert 2005 het die program ook in vennootskap met ander instellings getree, waaronder Suid-Afrika se Departement van Verdediging en ’n satellietkampus is

op die weermagbasis by Youngsfield in Wynberg begin. Lede van die leër ontvang dus nou musiekopleiding deur die Sertifikaatprogram.

Die aard van die program is uniek in Suid-Afrika. “Dis ’n gespesialiseerde vaardigheid wat ons hier onderrig en daar is geen kollege wat hierdie kwalifikasie of vlak van onderrig aanbied nie. As ek plaaslike musiekkompetisies beoordeel, kan ek sien dat die vlak van spel verhoog het, en dis omdat hierdie orkeste nou vele studente en voormalige studente uit die Sertifikaatprogram het,” vertel Lesch.

Die Sertifikaatprogram is deels begin as ’n soort teenvoeter teen die gaping wat deur die onderwysstelsel van die verlede veroorsaak is. Deel van die amptelike visie is om “musiekprogramme vir leerders te verskaf wat min of geen toegang tot formele musiekopleiding het nie”.

DIT HET MY NIE NET GELEER OM ’N INSTRUMENT TE BESPEEL NIE, MAAR OOK GEHELP OM DIE REALITEITE VAN DIE MUSIEKWÊRELD TE SIEN

Hoewel die uitslae aan die beginjare van die program nie altyd optimaal was nie – min studente het die oorgang van die Sertifikaatprogram na BMus gemaak en die program is toe aangepas – lyk die prentjie vandag aansienlik anders.

In 2016 was 71 studente deel van die Sertifikaatprogram. Uit die voormalige studente van vroeër jare was daar vanjaar nege wat die Hoërsertifikaat in Musiek voltooi het, elf wat besig is met ’n driejaar diploma in praktiese musiek, nog elf is besig met hul vierjarige BMus-graad, en een werk tans aan ’n MMus.

En dís net die studente wat aan

die US verder studeer. Daar is talle ander wat orkeste afrig, by skole werk, plaaslik en internasionaal in orkeste speel en aan ander universiteite verder studeer en klasgee.

Die tromboonspeler Angus Petersen, ’n oudstudent, kan getuig van die sukses van die kursus. “Die Sertifikaatprogram het vir my ’n fondasie gegee wat ek nie voorheen gehad het nie. Dit het my nie net geleer om ’n instrument te bespeel nie, maar ook gehelp om die realiteite van die musiekwêreld te sien,” sê Petersen, wat tans ’n vryskuttromboonspeler en tromboondosent is.

Die US se instrumentale ensembles, soos die Simfonieorkeste, die US Blaasorkes en die verskeie kore, baat ook by studente uit die Sertifikaatprogram.

Die US Jazz Band, wat Lesch dirigeer, is gestig as ’n ensemble vir studente uit die Sertifikaatprogram en gaan van krag tot krag.

Lesch sê sy het ’n boodskap wat sy dikwels met die studente deel: “Wanneer ek jou groet en vra hoe dit gaan, kyk ek na die kennis wat uit jou oë straal; ek kyk na die verandering in jou gesig soos wat jy meer selfvertroue kry. Jy hou jou kop hoër as daardie eerste keer toe jy oor my drumpel gestap het. Ek kyk en sien dat jou oë nie meer dof is nie, dat jy my antwoord met gesag in jou stem. Wanneer jy dit doen, knik ek, ek stap weg en ek dink, ‘Ja, jy is op jou pad’. En dit laat my glimlag.”



Foto: STEFAN ELS



DIE SWAAR LAS VAN KENNIS

As daar nou al ooit 'n boek was waarvan die titel die inhoud raak saamvat, is dit prof Steven Robins se *Letters of Stone*. Die wete van die tragiese einde wat tydens die Joodse volksmoord op Robins se familie sou wag, kom rus vroeg in die verhaal so swaar soos 'n klip op jou gemoed.

Deur LYNNE RIPPENAAR-MOSES

Joodse volksmoord besoek het. Daar het jy die name van jou pa se familie in *The Memorial Book of the Federal Archives for the Victims of the Persecution of Jews in Germany (1933-1945)* aangetref. Na aanleiding daarvan het jy die staatsargief in Berlyn besoek. Wat het daardie besoek aan die lig gebring?

Met my besoek aan die staatsargief het ek afgekom op 'n lêer wat Nazi-amptenare oor die Robinski-familie saamgestel het. Die lêer het inligting bevat oor my familie se rasseklassifikasie, eiendom wat van hulle onteien is, hul deportasie asook hul uiteindelijke dood.

Drie dae nadat die bateverklarings-vorm in die lêer ingevul is, is my grootouers, Cecilie en David, na Riga gedeporteer. Hul kinders, Hildegard, Edith en Siegfried, is gedwing om as slawearbeiders in fabriek in Berlyn te werk, en is later na Auschwitz gestuur.

Ek het hierdie inligting gebruik om die geboue op te spoor waar Siegfried en sy vrou, Edith, gebly het, asook my grootouers se huis. Hoewel Siegfried en Edith se woonstelblok in Kreuzberg nog daar was, het die gebou waar my oupa en oma gewoon het nie die Geallieerdes se bomaanvalle oorleef nie. Ek is twee jaar later terug Berlyn toe as 'n gasdosent. Terwyl ek eendag

gestap het, loop ek toe letterlik hierdie bronsplate raak tussen die plaveisel van gebou-ingange, met die name van slagoffers van die Joodse volksmoord en die datums van hulle deportasie daarop. Die Berlynse kunstenaar Gunter Demnig het dit geïnstalleer as 'n onuitwisbare herinnering dat die geboue waarvoor dit geplaas is eens die tuistes was van Jode wat gedeporteer en vermoor is. Dit het na 'n gepaste manier gevoel om my eie familie te gedenk. In 2000 het ons dus eers vir Siegfried en Edith stene gelê en later ook vir my grootouers en tannies.

Wat jou verhaal so uniek maak, is dat dit nie net handel oor die persoonlike impak van rassekunde op ons geliefdes nie, maar ook oor die omstandighede wêreldwyd wat dit uit die staanspoor moontlik gemaak het vir die Joodse volksmoord om plaas te vind.

Ja, die boek is soos 'n familie-gedenkskrif geskryf, maar dit is ook 'n sosiale geskiedskrif wat my familie in 'n veel groter konteks van wêreldprosesse in die 20ste eeu plaas: kolonialisme, die rasverbeteringsleer, Nazisme en apartheid. Dit toon hoe wetenskaplik gegronde metodes van vernietiging in die vorm van rassewette en -programme die daaglikse lewens van miljoene mense verwoes het.

Foto: STEFAN ELS

Moord en doodslag is aan die orde van die dag in drie nuwe romans deur gevestigde en debuterende Suid-Afrikaanse skrywers.

Deur STEPHANIE NIEUWOUDT



TUISLAND KARIN BRYNARD

Hierdie speur/misdadverhaal, *Tuisland* (Penguin), speel rondom die lot van 'n groep Boesmans op die grens van die Kgalagadi-oorgrenspark af.

Die boek skop af met die skoonmaker Kytie Rooi wat vreesbevange vlug nadat sy 'n Duitse wetenskaplike in die gastehuis waar sy werk met 'n swaar voorwerp oor die kop moker. Sy vlug met die kind wat amper deur die toeris gedwing word om 'n seksdaad te pleeg.

Wie is hierdie kind wat met groot geesdrif deur die vreemde Optel verwelkom word wanneer Kytie skuiling gaan vind by die San-medisynevrout?

Maar Kytie se "slagoffer" is nie die enigste toeris wat vreemde dinge oorkom nie. Kaptein Albertus Beeslaar (met wie lesers in Brynard se vorige boeke *Plaasmoord* en *Onse vaders* kennis gemaak het) is ook in hierdie boek die speurder wat die raaisel probeer ontrafel. Dié keer het hy 'n nuwe vroulike kollega, kolonel Koekoes Mentoer, wat self 'n geheim of twee versteek.

Hierdie verhaal wys hoe weerlose kinders uit arm huishoudings uitgelewer is aan gewetenslose mense wat hulle seksueel misbruik en met sigarette en ander middels fisieke letsels laat.

Dit vertel ook van die ewe weerlose Boesmans wat uitgebuit word – hetsy dit die stroping van hul natuurlike medisyne of hul grond of hul identiteit is.

Die Boesmans word egter ook nie ontsien nie. 'n Belangrike ontwikkeling wag op hulle, maar onderlinge struweling en botsende belange kan dalk die projek kelder.

Brynard se verhaal is tot op die laaste bladsy boeiend.



MOORDVIS IRNA VAN ZYL

Die ontdekking van die lyk van 'n joernalis wie se arm skynbaar deur 'n grootwithaai afgeskeur is, lei tot 'n speurtog deur speuradjudant Storm van der Merwe.

Wanneer ander lyke verskyn, is dit duidelik hier word moord gepleeg.

Irna van Zyl se verhaal, *Moordvis* (Penguin), speel af in die fiktiewe Grootbaai waar perlemoenstropery groot geld beteken in 'n arm gemeenskap. Maar

wie sit agter die georganiseerde misdaad in hierdie klein dorpie waar toeriste derduisende rande betaal om in haaihouke na die dieptes af te daal om haaie van naderby te besigtig?

Storm is vasbeslote om antwoorde te vind. Sy moet noodgedwonge met haar oudkollega, die alkoholis Andreas Moerdyk, saamwerk. Op sy beurt ondersoek hy ook die dood van 'n bekende Springbok-rugbyspeler.



DRIE VRAE AAN FRANÇOIS BLOEMHOF

Jy is een van die bedrywigste Suid-Afrikaanse skrywers en het al oor die 80 boeke vir verskillende ouderdomsgroepe geskryf. Jou jongste boek, *Doodskoot* (Penguin), is pas gelyktydig in Afrikaans én Engels (as *Double Echo*) gepubliseer. Vertel kortliks waarom dit gaan.

Paul Mullan probeer ontvlug van 'n traumatiese aand uit sy verlede, maar raak

verstrengel in gebeure in die Wynlande wat selfs erger uitdraai. Soos in daardie ou *films noirs*, is hy die onkreukbare held, daar is 'n *femme fatale* aan sy sy, en 'n einde waarin niemand sterf nie, blyk onwaarskynlik. Ek hou van rillers skryf, want dis belangrik dat daar kort-kort iets opwindend moet gebeur. So dis eweneens opwindend om hierdie tonele te skryf.

Is *Double Echo* jou eerste boek wat in Engels uitgegee word, en hoe dink jy sal dit jou lesersmark en boekverkope beïnvloed?

Nee, my *Rillers*-reeks vir jong lesers het ook verskyn as *Chillers*, maar *Double Echo* is my eerste Engelse roman vir volwassenes. Engelse boeke van plaaslike skrywers verkoop nie juis in die miljoene nie, maar ek hoop lesers sal iets nuut wil probeer.

Hoekom is dit belangrik om Afrikaanse boek te vertaal? Wou jy 'n internasionale gehoor bereik met die Engelse weergawe?

Ons verhale is nie minder belangrik of minder opwindend as die stories uit Amerika of Brittanje nie. Om goeie stories aan meer mense beskikbaar te stel is baie, baie belangrik. En as ek 'n internasionale gehoor bereik, sal dit fantasties wees. Maar die rede waarom ek skryf, was nog altyd omdat ek plaaslike lesers wil vermaak, daarom wil ek nie gefikseer raak op ambisie en meer geld nie, dat ek vergeet om te waardeer wat ek reeds het nie.



LINKS: Al die dosente en studente van die US in 1918. ONDER: Bouwerk aan die Ou Hoofgebou het in 1880 begin. Die foto is geneem met die hoeksteenlegging van die gebou.



OP PAD NA 2018

Hoewel daar talle mylpale was in die aanloop tot die stigting van die Universiteit Stellenbosch, is 1918 die jaar waarin Maties werklik Maties geword het. Ons maak reeds planne om in 2018 ons eeufees te vier.

Deur **BARBARA POOL**

Vir Stellenbosch as dorp en vir die Universiteit Stellenbosch (US) was 2 April 1918 'n waterskeidingsdatum. Dit is op dié dag dat die destydse Victoria College ingevolge die Universiteitswette van 1916 formeel universiteitstatus gekry het en amptelik die naam "Universiteit van Stellenbosch" ontvang het. "Die universiteit en sy direkte voorganger, Victoria College, het nie in 1918 uit die lug geval nie," sê dr Hans

Heese, historikus en oud-argivaris van die universiteit. "Stellenbosch se akademiese karakter het in 1859 sy beslag gekry met die totstandkoming van die NG Kerk se Teologiese Kweekskool onder aanvoering van professore John Murray en NJ Hofmeyr, asook dominee JH Neethling. Die kweekskool se karakter was in die Afrikaans-Hollandse taal en kultuur ingebed. Daar was egter nie elementêre skole of hoërskole in die omgewing wat binne hierdie konteks

studente kon voorberei vir toelating tot teologiese studie nie," sê Heese. Hierdie behoefte het aanleiding gegee tot die stigting van die Stellenbosch Gimnasium vir seuns in 1866. Daar was toe reeds 'n staatsondersteunde Engelse skool, gestig in 1814, en 'n Rynse skool vir dogters, gestig in 1860, wat vandag as Rhenish Girls' High School bekend is. Hier het skoolkinders en studente gemeenskaplik opleiding ontvang. Hierdie situasie was egter nie

gewens nie. Op die een of ander tyd, soos meer en meer studente hulle vir die Tweedeklas Sertifikaat (B.A.) ingeskryf het, moes daar 'n skeiding kom waarvolgens skoliere en studente as aparte entiteite hanteer word. Wetgewing wat in die Kaapse Parlement ingedien is, het hierdie proses verhaas. Kragtens hierdie wetgewing (Hoër Onderwyswet van 1874) het die Kaapse Parlement die vestiging van 'n afdeling Lettere en Wysbegeerte, Wiskunde en Natuurkunde aanvaar. Met die stigting van die "Arts Department" in 1874 het Stellenbosch Gimnasium dus die vorm van 'n tersiêre onderwysinrigting aangeneem.

"Een van die belangrike byvoordele van hierdie verandering was dat die regering vir elke professor wat aangestel is 200 pond tot hul salaris bygedra het. Die fondse vir die res van die salaris moes uit eie bronne gevind word," vertel Heese.

"Net vyf jaar later het die 1879-jaarboek van die Stellenbosch Gimnasium duidelik getoon dat die Gimnasium meer as net 'n skool was. Die klemverskuiwing in die status van die akademiese inrigting is in 1880 bevestig toe dit na die 'Stellenbosch College and Public School' hernoem is. Tydens die 1879-1880 akademiese jaar was daar 81 ingeskrewe studente."

Stellenbosch het ook al hoe meer begin lyk soos 'n dorp waar hoër onderwys plaasvind. Met die dorp se 200-jarige bestaansviering in 1879 het die plaaslike owerheid besluit om eerder 'n waardige akademiese gebou in die Griekse klassieke styl te bou in plaas van om 'n tradisionele monument op te rig. Op 6 November 1886 is dié gebou, vandag bekend as die Ou Hoofgebou, ingewy.

Dit was ook by hierdie inwydings-geleentheid dat die destydse Superintendent-Generaal van Onderwys, dr Langham Dale, voorgestel het dat dit 'n gepaste gebaar sou wees indien die Stellenbosch College vir Koningin Victoria van Brittanje vereer deur die Kollege na Victoria College te hernoem. Tot en met die

amptelike oorgang tot volwaardige universiteitstatus in 1918 het hierdie naam wyd en syd in Suider-Afrika bekend geraak as 'n akademiese instelling van gehalte.

Tussen 1908 en 1918 getuig die inhoud van die *Calendar of Victoria College* van die geleidelike groei van die inrigting in getalle en die min verandering onder die doserende personeel van die kollege. Gedurende hierdie tyd het die studentegetal van 327 tot 503 en dosente van twintig tot veertig toegeneem.

Volgens Heese het die Universiteits-

NOU, BYNA 'N EEU LATER, IS DIE U.S. EEN VAN DIE VOORSTE UNIVERSITEITE IN AFRIKA MET 'N VISIE OM INKLUSIEF, INNOVEREND EN TOEKOMSGERIG TE WEES

wette 12, 13 en 14 van 1916 die aard, strukture en bepalinge van die Universiteite van Stellenbosch, Suid-Afrika en Kaapstad in detail uiteengesit. Hiervolgens sou Stellenbosch, soos ook die Universiteit Kaapstad, onderrig-universiteite word waar kursusse en grade vanaf B-grade tot doktorsgrade toegeken kon word.

Die vier bestaande fakulteite wat op 2 April 1916 kragtens Wet 13 bestaan het, was Lettere en Wysbegeerte, Wiskunde en Natuurkunde, Opvoedkunde, en Landbou. Daar is ook in die wet voorsiening gemaak vir die stigting van die fakulteite vir Musiek en Regsgeleerdheid, wat nie lank daarna ingestel is nie.

Die nalatenskap van verskeie weldoeners en skenkings deur maatskappye soos De Beers, was 'n finansiële waarborg dat die Universiteit Stellenbosch op sy eie bene kon staan

indien daar oordeelkundig met die geldelike bronne gewerk is.

Nou, byna 'n eeu later, is die US een van die voorste universiteit in Afrika met 'n visie om inklusief, innoverend en toekomsgerig te wees.

Ons is reg om die pad na die volgende 100 jaar aan te pak.

PLANNE VIR DIE EEUFEES

Die Universiteit Stellenbosch staan reg vir sy eeufeesviering in 2018, met heelwat planne in die pyplyn wat van dié viering 'n spesiale geleentheid sal maak.

"Ons beoog om die fees te belyn met bestaande geleenthede, soos die Woordfees. Aangesien die Woordfees reeds gevestig is op die Suid-Afrikaanse en Stellenbosse kalender, is dit moontlik om dit as anker vir die US se eeufees te gebruik," sê prof Hester Klopper, Viserektor: Strategiese Inisiatiewe en Internasionalisering, wat primêr verantwoordelik is vir die eeufees.

"Daarbenewens werk ons reeds hard aan 'n spesiale eeufeesboek wat op feitlike historiese oomblikke in die universiteit se bestaan fokus. Hierdie gaan werklik 'n omvattende blik gee oor waar ons vandaan kom en die gebeure en mense wat bygedra het tot ons sukses. Dit sal ondersteun word deur 'n publikasie oor die fakulteite se geskiedenis," vertel Klopper.

In die loop van 2017 sal die US op sy webblad nog planne en later die volledige program bekendstel sodat alumni, oudpersoneel en ander belangstellendes presies kan weet wat gebeur wanneer.

Besoek dus gereeld die webblad www.sun.ac.za vir meer inligting oor die eeufeesviering.

STELLENBOSCH, O STELLENBOSCH...

JO-ANN FLORIS, wat 2010 as akademiese genoot aan die Universiteit Stellenbosch spandeer het, sou nooit kon dink dat Maties so diep in haar hart kon kruip nie.

Ek en Stellenbosch – en die universiteit – het eers in 2010 ontmoet. Dit was 'n bietjie van 'n *blind date*. Ons is voorgestel deur die Departement Joernalistiek toe ek die Rykie van Reenen-genootskap aanvaar het.

Dit was nie liefde met die eerste oogopslag met die dorp nie. Intendeel, toe ek die hoeveelste keer by 'n koffiewinkel instap en my gaan neerplak met my blokkiesraaisel-omnibus vir geselskap en opkyk, en mense my sowaar bekyk, toe dink ek: hier kom 'n ding.

Maar die tyd het aangeloop, en ek het begin om minder om te gee oor wie kyk en te waardeer dat hulle wel kyk! 'n Meisie is mos nie 'n klip nie, of hoe?

In elk geval, die plek wat ek vir 'n jaar lank eintlik huis genoem het, was nie die dorp Stellenbosch nie, maar 56 Crozierstraat – “Crazier-straat” vir sy “inwoners”. Dit is hier waar die joernalistiekstudente geskaaf word voor hulle gewapen met die kennis van die mag van die pen die wêreld ingestuur word.

En daar, met haar stil, rotsvaste teenwoordigheid en wysheid het prof Lizette Rabe die skip op koers gestuur. Ek het baie mentors in my lewe gehad, en ek sal hulle altyd dankbaar bly. Prof Rabe is een van hulle. Ek staan nog altyd verwaas en verras as mense hul kennis so mildelik deel, want nie almal wat weet hoe, wil ander help om dieselfde te doen nie.

Maar ek haak nou vas. Stellenbosch.

So ek was regtig 'n bietjie skrikkerig. Oukei, eintlik bang vir die plek. Ek het nie daar studeer nie; niemand in my familie het nie.

Ek het Stellenbosch net geken deur die oë en ore en monde van kollegas wat ek baie hoog geag het. As hulle die standaard was, sou ek moes uithaal en wys, het ek geweet.

Ek het in die jaar studente help leer, maar eintlik het ek baie meer geleer. Om in 'n nuuskantoor te werk druk jou in een rigting in, en daar is dikwels nie genoeg tyd om terug te staan en te reflekteer oor wat jy doen nie.

2010 het my daai kans gegee: om weer te dink wat dit is wat joernaliste doen en behoort te doen, die spieël op te hou en te sê: “Dis wat die teorie sê, maar wat gebeur werklik in die nuuskantoor?”

Daardie jaar het my vele dinge geleer:

- Om meer geduldig te wees. Almal moes êrens begin en almal het iemand wat hulle êrens iets geleer het.
- Om tyd te maak, al gaan dit hoe druk. Meestal vir die

redes hierbo genoem.

- Om te luister. Want dan hoor jy nie net beter nie, jy sien ook beter. En jy kan leer by ander.
- Om nie vooropgestelde idees te hê nie. As ek Stellenbosch afgeskryf het as 'n dorp vir witmense en 'n universiteit vir witmense, sou ek verarmd en bitter daar weggegaan het. In stede daarvan het ek my bagasie – wat eintlik maar skrikkerigheid was – weggegooi en my hart en gemoed oopgemaak. Toe het al die pad ge-score!
- Om nie bang te wees om *fun* te hê nie. Ja, ons werk is ons erns, maar wraggieswaar, kan ons net ophou bang wees om uitbundig te lag, om die lewe vir ons en dié om ons net 'n bietjie plesieriger te maak?
- Om dapper te wees. Niemand is minder of meer werd as jy nie, want ons almal het iets om te bied.

So is die jaar 2010 verby en keer ek terug na Port Elizabeth, waar ek hoof van *Die Burger* in die Oos-Kaap was. Daar was beperkte kontak met Stellenbosch, maar die langafstand-verhouding – eish, dit is nie ideaal nie.

Maar in 2014 het my pad weer teruggelei na Stellenbosch, in die vorm van my neef Craig Williams, en sy droom om musiek daar te studeer. Nou in sy eerstejaar BMus, moes hy eers 'n twee jaar lange oorbruggingskursus doen omdat hy eers laat viool leer speel het en byna geen teoretiese agtergrond gehad het nie.

Toe leer ken ek Stellenbosch – dorp en universiteit – weer deur ander oë. Die haas onbekostigbare verblyf, Skelmbos (sy selfoon is nou al 'n paar keer geroof), die protesoptogte, die taalstryd, die angsaanvalle oor of hy 'n beurs sal kry.

Maar alles dit vervaag, want hy kry die geleentheid om sy droom te bewaarheid.

En deur sy oë sien ons die toewyding van die dosente, hoe hulle talent toelaat om vlerke te kry, en die onverbiddelike hoë standaard wat hulle stel.

Ons sien ook hoe 'n kind wat met niks begin het nie, die selfvertroue gekry het om op 'n verhoog te stap en sy plek in te neem in die orkes – omdat iemand hom 'n kans gegee het.

Nou dat ek weer in Johannesburg woon, is die band met die dorp en die universiteit nie meer 'n brose langafstand-verhouding nie. Ek hoor en voel dit elke dag, want nou het ek 'n belang daar.

Is daar probleme? Natuurlik. Is daar struwelinge?

Ongetwyfeld. Maar daar is minstens een jong man wat ek van weet wat die kans kry om sy droom te leef.

So, Stellenbosch, die *blind date* is nou amptelik 'n kys.

Anna Basson EIENDOMME • PROPERTIES STELLENBOSCH

021 887 4740

www.annabasson.co.za

info@annabasson.co.za

SMALL HOLDING POA  Slaapkamers 6 Badkamers 4 Motorhuise 4 WEB 8195 Puik ligging in die Wynland. Pragtige berguigste. Potensiaal vir 'n gastehuis met ekstra wonings.	STELLENBOSCH R3 790 000  Slaapkamers 3 Badkamers 2 Motorhuise 2 WEB 8593 Jonkerspark - Mostertsdraai area. Ruim leefareas met onderdak stoep, groot balkon, privaat tuin. Reg om in te trek!	STELLENBOSCH R6 200 000  Slaapkamers 4 Badkamers 4 Motorhuise 2 WEB 8217 De Zalze Winelands Golf Estate. Noordfront familiewoning met uitstekende afwerkings. Modern, met patio en swembad.
DE WIJNLANDEN R636 000  Slaapkamer "Loft" Badkamer 1 WEB 8562 Sonnige woonstel in sekuriteitskompleks. Ideaal vir jong werkendes wat in die eiendomsmark wil belê.	STELLENBOSCH R1 600 000  Slaapkamers 3 Badkamers 2 O/dak Park WEB 8574 Gedeeltelik gerestoureer. Groot, noordfront tuin. Goeie huurinkomste en sekuriteit. Naby Ingenieursfakulteit.	STELLENBOSCH R1 250 000  Slaapkamers 2 Badkamers 2 Parkering 1 WEB 8587 Uitstekende belegging! Eie titel meenthuis in die gewilde Berg-en-Dal sekuriteitskompleks. Naby kampus.
CAPOLAVORO R3 250 000  Slaapkamers 3 Badkamers 3 Motohuise 2 WEB 8536 Sekuriteitskompleks. Sonnige woning met onderdak kuier stoep.	STELLENBOSCH R2 960 000  Slaapkamers 4 Badkamers 2 Motorhuis 1 WEB 8584 Losstaande woning in sekuriteitskompleks. Oopplan met aparte kaggel en binnebraai. Lugversorging in slaapkamers.	STELLENBOSCH R6 300 000  Slaapkamers 4 Badkamers 3 Motorhuise 2 WEB 8129 Puik ligging naby skole. Noordfront met berguigste. Ruim tuin met braaiarea.
STELLENBOSCH R1 270 000  Slaapkamers 2 Badkamer 1 Parkering 1 WEB 8595 Nuut op die mark, ekstra kombuiske. Baie netjies met balkon. Sekuriteitskompleks.	STELLENBOSCH R1 060 000  Slaapkamers 2 Badkamer 1 O/dak Park WEB 8588 Netjies, lig en ruim. Noordfront woonstel met ingeboude stoof, badkamer met stort en wasmasjienpunt. Teëlvloere.	

Kontak ons
VERHURINGSAFDELING

021 887 5119
rentals@annabasson.co.za

Vir studente en / of gesinsverblyf

LEEF STELLENBOSCH

LIVE STELLENBOSCH

I am Stellenbosch

Stellenbosch office 021 887 1017 / www.pamgolding.co.za/stellenbosch

PAM GOLDING
PROPERTIES



Ref# ST1261122

Stellenbosch / R8.9 miljoen

Slaapkamers 3 / Badkamers 3 / Parkering 2
Besonder unieke, luukse dakwoning met 200m² leefruimte in die historiese middedorp. Indien u op soek is na iets baie spesiaal, is dit die een.

Lizette Botha 084 440 1057



Ref# ST1270755

Stellenbosch / R3.75 miljoen

Slaapkamers 2 / Badkamers 2 / Parkering 2
Andringa Walk - Geniet 'n nuwe lewenstyl. 24/7 Portier met toegangsbeheer en direkte toegang tot die nuwe Eikestad Inkoopcentrum.

Vanessa Johnson 082 588 7007



Ref# ST1275771

Stellenbosch / R2.95 miljoen

Slaapkamers 2 / Badkamers 2 / Parkering 2
Historiese sjarre op Kampus. Hierdie karaktervolle kothuis is ruim, binne loopafstand van alle geriewe en 'n klipgooi van die kampus af.

Deanne Kriel 083 531 7827



Ref# ST127539

Stellenbosch / R2.79 miljoen

Slaapkamers 2 / Badkamers 2 / Parkering 1
Betowerend met kwaliteit en styl. Ruim eenheid op die drumpel van historiese Stellenbosch. Die adres wat elkeen begeer.

Deanne Kriel 083 531 7827



Ref# ST1278096

Stellenbosch / R2.395 miljoen

Slaapkamers 2 / Badkamers 2 / Parkering 2
Gesogte ligging in Mostertsdrift met kwaliteit afwerkings en 'n balkon met uitsig. Gewild onder senior studente, beleggers en jong werkende paartjies.

Karine Swiegers 082 772 8610



Ref# ST1275844

Stellenbosch / R1.64 miljoen

Slaapkamers 2 / Badkamers 1 / Parkering 1
Juwel op kampus naby alle geriewe. Ruim, Noord-aansig met 'n tuin. Moenie hierdie een misloop nie.

Deanne Kriel 083 531 7827



Ref# ST1277574

Stellenbosch / R1.06 miljoen

Slaapkamers 2 / Badkamers 1 / Parkering 1
'n Unieke beleggingsgeleentheid. Bekoorlike eenheid met 'n kothuisgevoel en dakkamer in die Banhoekvallei.

Lizanne Fourie 079 047 8585



Ref# ST1265720

Stellenbosch / R800 000

Slaapkamers 2 / Badkamers 1 / Parkering 1
Besonder geskik vir senior studente, paartjies en jong beroepslui. Beveiliging en 24 uur toegangsbeheer. Slegs 5 min se ry na die kampus.

Vanessa Johnson 082 588 7007



Ref# ST1225886

Stellenbosch / R600 000

Slaapkamers 1 / Badkamers 1 / Parkering 1
Uitstekende belegging met goeie opbrengs. Grondvloereenheid in 'n beveiligde kompleks. Wassery en braaigeriewe.

Lizanne Fourie 079 047 8585